

**MAATSKAPLIKE ASSESSERING VAN DIE ADOLESSENT  
SE SEKSUELE KENNIS, - HOUDING EN - GEDRAG**

deur

**ELSABÉ VAN DER LINDE**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

(Departement Maatskaplike Werk)

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Studieleier: Dr. C.S.L. Delport

2000

## DANKBETUIGINGS

Opregte dank en erkenning word hiermee betuig aan die volgende persone en instansies:

Dr. C.S. L. Delpont, wat as studieleier opgetree het, en my voortdurend vakkundige bystand gegee, gemotiveer en ondersteun het.

Die twee skole in Pretoria wat goedkeuring verleen het dat hierdie navorsing by hulle gedoen kon word.

Die onderwysdepartement wat goedkeuring verleen het vir die uitvoering van die navorsing by die onderskeie skole in Pretoria.

My ouers, Carel en Janet, vir julle ondersteuning en belangstelling deur die verloop van die studie.

My vriend, Robin wat my voortdurend motiveer het om die studie te voltooi.

My pa en Lizelle vir die taalkundige en tegniese versorging van die werkstuk.

My Here wat my die vermoë gegee het om die studie te doen.

## ABSTRACT

The need for an instrument that will assess the sexual knowledge, - attitude and – behaviour of the adolescent which could be used in developing a specific sexual programme for adolescent, was identified. The purpose of this study was therefore to develop a non-standardised social work assessment tool to assess the sexual knowledge, - attitude and – behaviour of the adolescent.

A quantitative research approach with intervention research as the type of research was followed. The research procedures that were followed were according to the phases of the intervention design and development model of Rothman and Thomas (1994:28). The following phases can be identified in this model: (1) Problem analyse and project planning, (2) Data gathering and synthesis formulation (3) Design, (4) Early development and pilot testing, (5) Evaluation and advanced development, and (6) Dissemination

It was also important to address the study from a specific theoretical framework. Sexuality is very complex and therefore a multi-theoretical approach was used namely the ego psychological theory of Erikson and the system theory. The theory of Erikson was used due to the fact that it explains adolescence in context of the total life cycle of mankind. The system theory explains the complexity of sexuality in terms of the relationship between systems and the elements of the adolescent as a system.

The universum of this study was grade 8, 9 en 10 pupils of two schools in Pretoria whose parents gave permission to participate in this study. Since not all of the respondents could participate in this study, a sample of 320 respondents was selected through proportional stratificational random sampling combined with systematic sampling. The respondents completed a self-administered questionnaire (assessment tool). The result of the utilisation of this non-standardised social work assessment tool was a profile of the adolescent's sexual knowledge, - attitude and – behaviour. Conclusions were made and resulted in recommendations regarding the content of this non-standardised social work assessment tool, the development of possible sexual programmes for adolescents, and further research that could be conducted in future.



*Key concepts:*

- Adolescent
- Adolescence
- Assessment
- Assessment tool
- Ego psychological theory of Erikson
- Intervention research
- Sexuality
- Sexual knowledge
- Sexual attitude
- Sexual behaviour
- System theory

## OPSOMMING

Die behoefte aan 'n instrument, om die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente te assesser ten einde 'n teikengerigte seksuele voorligtingsprogram te ontwikkel, is vanuit die literatuur geïdentifiseer. Die doel van hierdie studie was dus om 'n nie-gestandaardiseerde maatskaplike assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan assesser.

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg met intervensie navorsing as die soort navorsing ter sprake. Die navorsingsprosedure en werkwyse was aan die hand van Rothman en Thomas (1994:28) se intervensie ontwerp en ontwikkelingsmodel se fases hanteer. Die volgende fases word in dié model onderskei: (1) Probleemanalise en projekbeplanning, (2) Insameling van data en sintesevorming, (3) Ontwerp, (4) Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing, (5) Evaluasie en gevorderde ontwikkeling, en (6) Disseminasie.

Dit was van kardinale belang om die studie vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk te benader. Na aanleiding van die kompleksiteit van seksualiteit is van 'n multi-teoretiese benadering gebruik gemaak. Die egosielkundige teorie van Erikson en die sisteemteorie is gebruik. Die rede waarom die egosielkundige teorie van Erikson hierby ingesluit is, is omdat dit die adolessentefase in konteks plaas binne die totale lewensloop van die mens. Die sisteemteorie verduidelik weer die kompleksiteit van seksualiteit in terme van die verhouding tussen die sisteme, en die elemente binne die adolessentsisteem.

Die universum van hierdie studie was graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria wie se ouers toestemming verleen het om aan die studie deel te neem. Aangesien al die respondente nie by die ondersoek betrek kon word nie, is 'n steekproef van 320 respondente by wyse van 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking gekombineer met sistemiese steekproeftrekking geselekteer. Die respondente het 'n selfgeadministreerde vraelys (assesseringsinstrument) voltooi. Deur die benutting van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument kon die navorser daarin slaag om 'n profiel van die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag saam te stel. Voortspruitend hieruit kon gevolgtrekkings gemaak word, en aan die hand daarvan is aanbevelings gedoen rakende die inhoud van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument, die ontwikkeling van moontlike seksuele voorligtingsprogramme, asook verdere navorsing



*Kernkonsepte:*

- Adollesent
- Adollessensie
- Assessering
- Assesseringsinstrument
- Egosielkundige teorie van Erikson
- Intervensienavorsing
- Seksualiteit
- Seksuele gedrag
- Seksuele houding
- Seksuele kennis
- Sisteemtoerie

# INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS

ABSTRACT

OPSOMMING

<b>HOOFSTUK 1: AGTERGROND TOT DIE STUDIE</b> .....	<b>1</b>
1.1 ALGEMENE INLEIDING .....	1
1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE STUDIE .....	2
1.3 PROBLEEMFORMULERING .....	4
1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE .....	5
1.4.1 Doel van die studie .....	5
1.4.2 Doelwitte van die studie .....	5
1.5 FORMULERING VAN AANNAME .....	5
1.6 NAVORSINGSBENADERING .....	5
1.7 SOORT NAVORSING .....	6
1.8 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE .....	8
1.8.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning .....	10
1.8.2 Fase 2: Insameling van data en sintesevorming .....	13
1.8.3 Fase 3: Ontwerp .....	14
1.8.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing .....	14
1.8.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling .....	16
1.8.6 Fase 6: Disseminasie .....	18

1.9	ETIESE KWESSIES . . . . .	20
1.9.1	Ekperimentele subjekte en/of respondente word beseer . . . . .	20
1.9.2	Ingelige instemming . . . . .	20
1.9.3	Misleiding van die respondente. . . . .	20
1.9.4	Skending van privaatheid. . . . .	21
1.9.5	Bekwaamheid van navorser . . . . .	21
1.9.6	Publikasie van die bevindinge . . . . .	21
1.10	BEGRIPSOMSKRYWING . . . . .	21
1.10.1	Adolesent . . . . .	22
1.10.2	Adolesensie . . . . .	22
1.10.3	Assessering . . . . .	24
1.10.4	Assesseringsinstrument . . . . .	24
1.10.5	Seksualiteit . . . . .	25
1.11	BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK . . . . .	27
1.12	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG . . . . .	28
1.13	SAMEVATTING . . . . .	29
<b>HOOFSTUK 2: TEORETIESE FUNDERING: SISTEEMTEORIE EN DIE</b>		
<b>EGOSIELKUNDIGE TEORIE VAN ERIKSON . . . . .</b>		<b>30</b>
2.1	INLEIDING . . . . .	30
2.2	SISTEEMTEORIE . . . . .	31
2.2.1	Empiriese aspekte van die sisteemteorie . . . . .	32
2.2.2	Die beginsels van die sisteemteorie . . . . .	33
2.2.3	Die waarde van die sisteemteorie vir maatskaplike werk . . . . .	35
2.2.4	Die waarde van die sisteemteorie vir die betrokke navorsingstudie . . . . .	37
2.3	EGOSIELKUNDIGE TEORIE VAN ERIKSON . . . . .	38



2.4	SAMEVATTING .....	41
<b>HOOFSTUK 3: ADOLESSENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE IN DIE LEWENSLOOP VAN DIE MENS .....</b>		
<b>42</b>		
3.1	INLEIDING .....	42
3.2	KRITIESE ASPEKTE RAKENDE ADOLESSENSIE .....	42
3.3	FISIESE ONTWIKKELING .....	44
3.3.1	Psigiese effek van die adolessent se liggaamlike veranderinge .....	46
3.4	PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING .....	47
3.4.1	Identiteitsvorming .....	47
3.4.2	Sosiale ontwikkeling .....	49
3.5	KOGNITIEWE ONTWIKKELING .....	50
3.5.1	Aard van kognitiewe ontwikkeling .....	52
3.5.2	Die invloed van kognitiewe ontwikkeling .....	52
3.6	MORELE ONTWIKKELING .....	53
3.6.1	Faktore wat morele ontwikkeling beïnvloed .....	55
3.6.2	Adolessente waardes .....	55
3.7	EMOSIONELE ONTWIKKELING .....	56
3.7.1	Aard en problematiek van emosionele ontwikkeling .....	56
3.7.2	Emosionele behoeftes .....	57
3.8	SAMEVATTING .....	57
<b>HOOFSTUK 4: DIE SEKSUELE KENNIS, - GEDRAG, EN - HOUDING VAN DIE ADOLESSENT .....</b>		
<b>59</b>		
4.1	INLEIDING .....	59

4.2	INTERAKTIEWE INVLOEDE OP DIE ADOLESENT SE SEKSUELE KENNIS, - HOUDING EN - GEDRAG .....	60
4.2.1	Kognitiewe faktore .....	60
4.2.2	Psigologiese en emosionele faktore .....	61
4.2.3	Gesinsfaktore .....	61
4.3	SEKSUELE KENNIS .....	62
4.3.1	Die oorsprong en aard van seksuele kennis vir die adolessent .....	63
4.3.2	Belangrike seksuele kenniskomponente binne die adolessentefase .....	66
4.3.2.1	Die manlike en vroulike voortplantingstelsel .....	67
4.3.2.2	Menstruasie .....	72
4.3.2.3	Konsepsie, swangerskap en geboorte .....	73
4.3.2.4	Kontrasepsie .....	75
4.3.2.5	Seksuele oordraagbare siektes (SOS) .....	76
4.3.2.6	Aborsie .....	81
4.3.3	Die implikasies van korrek, inkorrekte sowel as gebrekkige seksuele kennis .....	83
4.4	SEKSUELE HOUDING .....	84
4.4.1	Die ontstaan en die aard van die adolessent se seksuele houding .....	84
4.4.2	Faktore wat die sekuele houding van die adolessent kan beïnvloed .....	89
4.4.3	Implikasies verbonde aan negatiewe/positiewe houding .....	92
4.5	SEKSUELE GEDRAG .....	95
4.5.1	Die invloed van die adolessent se identiteitsontwikkeling op sy seksuele gedrag. ....	96
4.5.1.1	Geslagsrolidentiteit .....	96
4.5.1.2	Verhoudings .....	97
4.5.2	Die aard van seksuele gedrag onder adolessente .....	98
4.5.3	Maatskaplike problematiek: afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag ...	99
4.5.4	Samelewingstendense .....	108
4.5.5	Redes vir afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag .....	111
4.6	SAMEVATTING .....	113

**HOOFSTUK 5: DIE ONTWIKKELING VAN ‘N NIE-GESTANDAARDISEERDE ASSESSERINGSINSTRUMENT . . . . . 114**

5.1 INLEIDING . . . . . 114

5.2 DIE PROSEDURE VIR DIE ONTWIKKELING VAN ‘N NIE-GESTANDAARDISEERDE MAATSKAPLIKE ASSESSERINGSINSTRUMENT 114

5.2.1 Pre-ontwikkelingsfase . . . . . 116

5.2.1.1 Hoof gebeurtenis A: Probleem identifisering . . . . . 116

5.2.1.2 Hoof gebeurtenis B: Teorie formulering . . . . . 116

5.2.2 Ontwikkelingsfase . . . . . 122

5.2.2.1 Hoof gebeurtenis C: Skaalontwikkeling (assesseringsinstrumentontwikkeling) . . . . . 122

5.2.3 Valideringsfase . . . . . 128

5.2.3.1 Hoof gebeurtenis D: Ontwerp geldigverklaringstudie . . . . . 128

5.2.3.2 Hoof gebeurtenis E: Data insameling . . . . . 130

5.2.3.3 Hoof gebeurtenis F: Ondersoek betroubaarheid . . . . . 130

5.2.3.4 Hoof gebeurtenis G: Ondersoek geldigheid . . . . . 133

5.2.3.5 Hoof gebeurtenis H: Vas stel van kliniese afsnypte . . . . . 135

5.2.4 Benuttingsfase . . . . . 136

5.2.4.1 Hoof gebeurtenis I: Disseminasie van informasie . . . . . 136

5.3 ‘N VERGELYKING TUSSEN DIE MODEL VAN ROTHMAN & THOMAS EN DIE PROSEDURES VIR DIE ONTWIKKELING VAN ‘N ASSESSERINGSINSTRUMENT VOLGENS FAUL . . . . . 137

5.4 SAMEVATTING . . . . . 138

**HOOFSTUK 6: VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN NAVORSINGSBEVINDINGS . . . . . 139**

6.1 INLEIDING . . . . . 139

6.2 STEEKPROEF . . . . . 139



6.3	BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN RESPONDENTE .....	140
6.3.1	Akademiese vlak van respondente .....	140
6.3.2	Ouderdom van respondente .....	141
6.3.3	Geslag van respondente .....	141
6.3.4	Seksuele voorligtingsprogram .....	141
6.3.5	Samevatting van die profiel van respondente .....	143
6.4	SEKSUELE KENNIS .....	143
6.5	SEKSUELE HOUDING .....	154
6.6	SEKSUELE GEDRAG .....	170
6.7	SEKSUELE AKTIWITEIT .....	183
6.8	SAMEVATTING .....	184
	<b>HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....</b>	<b>185</b>
7.1	INLEIDING .....	185
7.2	GEVOLGTREKKINGS .....	185
7.2.1	Doel van die studie .....	185
7.2.2	Doelwit 1: Daarstel van 'n breë teoretiese verwysingsraamwerk vir studie .....	186
7.2.3	Doelwit 2: Literatuurstudie ten einde die aard van die adolessent se ontwikkeling vas te stel. .....	187
7.2.4	Doelwit 3: Ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument ...	190
7.2.5	Empiriese resultate .....	191
7.3	AANBEVELINGS .....	193
7.3.1	Aanbevelings vir die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram .....	193
7.3.2	Aanbevelings ten opsigte van hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument	195
7.3.3	Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing .....	197

7.4	BYDRA TOT DIE MAATSKAPLIKE WERK PROFESSIONE .....	197
7.5	SLOTOPMERKINGS .....	198
	<b>LITERATUURVERWYSINGS .....</b>	<b>201</b>

## LYS VAN FIGURE, TABELLE EN BYLAES

### Figure

Figuur 1.1:	Intervensie navorsing .....	7
Figuur 4.1:	Die manlike voorplantingstelsel .....	68
Figuur 4.2:	Die vroulike voortplantingstelsel .....	70
Figuur 6.1:	Ouderdomsverspreiding .....	142
Figuur 6.2:	Bron van seksuele inligting. ....	144
Figuur 6.3:	Verkose bron van seksuele inligting .....	146
Figuur 6.4:	Kwaliteit, toeganklikheid en beïnvloedbaarheid van seksuele kennis .....	148
Figuur 6.5:	Seksuele kenniskomponente. ....	152
Figuur 6.6:	Liberale vs. Konserwatiewe seksuele houding. ....	155
Figuur 6.7:	Moralistiese of lae moralistiese seksuele houding .....	157
Figuur 6.8:	Konddoom moet tydens seksuele omgang gebruik word. ....	158
Figuur 6.9:	Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang sou betrokke raak. ....	160
Figuur 6.10:	Weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang .....	161
Figuur 6.11:	Voel soms verward ten opsigte van seksuele aangeleenthede .....	163
Figuur 6.12:	Weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake .....	164
Figuur 6.13:	Konsekwente vs. Inkonsekwente seksuele houding. ....	166
Figuur 6.14:	Positiewe vs. Negatiewe seksuele houding: Seks is aaklig. ....	168
Figuur 6.15:	Tevredenheid vs. Ontevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede. ....	169
Figuur 6.16:	Sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag .....	172
Figuur 6.17:	Liberale vs. Konserwatiewe seksuele gedrag. ....	175
Figuur 6.18:	Afwykende vs. Kontekstuele aanvaarbare seksuele gedrag .....	178
Figuur 6.19:	Verantwoordelike vs. Onverantwoordelike seksuele gedrag. ....	180
Figuur 6.20:	Positiewe of negatiewe gevolge weens seksuele gedrag .....	182

## Tabelle

Tabel 1.1:	Fases van die model van Rothman & Thomas . . . . .	9
Tabel 2.1:	Ontwikkelingstadia volgens die egosielkundige teorie van Erikson . . . . .	39
Tabel 3.1:	Die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke by die adolessent . . .	45
Tabel 4.1:	Interaktiewe invloede op adolessente se seksuele gedrag . . . . .	62
Tabel 4.2:	Vernaamste bronne van seksuele inligting in die adolessentefase . . . . .	64
Tabel 5.1:	Die prosedure vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument . . . . .	115
Tabel 5.2:	Vergelyking van die model van Rothman & Thomas en die model van Faul . . . . .	137
Tabel 6.1:	Steekproeftrekking . . . . .	140
Tabel 6.2:	Graadverspreiding . . . . .	141
Tabel 6.3:	Geslagsverspreiding . . . . .	141
Tabel 6.4:	Bywoning van seksuele voorligtingsprogram in die verlede. . . . .	143
Tabel 6.5:	Beskou self as seksuele bron . . . . .	147
Tabel 6.6:	Ingeligtheid ten opsigte van seksuele kenniskomponente . . . . .	151
Tabel 6.7:	Tevredenheid met seksuele gedrag . . . . .	183
Tabel 6.8:	Seksuele aktiwiteit . . . . .	184
Tabel 6.9:	Gebruik van voorbehoedmiddels . . . . .	184

## Bylae

Bylaag 1:	Toestemmingsbrief - skool A . . . . .	199
Bylaag 2:	Toestemmingsbrief - skool B . . . . .	200

# HOOFSTUK 1

## AGTERGROND TOT DIE STUDIE

### 1.1 ALGEMENE INLEIDING

Seksualiteit is 'n natuurlike en genotvolle deel van die lewe, en om jou eie seksualiteit te ontdek is 'n belangrike deel van volwassewording. Om hierdie seksuele gevoelens vir die eerste keer te ervaar kan beide moeilik en verwarrend wees, en om die fisiese veranderinge wat plaasvind tussen die kinderjare en volwassenheid te hanteer, is nie ongekompliseerd nie.

Dit is belangrik dat die adolessent oor 'n gesonde seksuele kennis basis sal beskik asook 'n bepaalde houding teenoor seksualiteit sal hê wat gevolglik tot gesonde seksuele gedrag sal lei. Soos wat seksuele gedrag van die sestiger- en sewentigerjare af toegeneem en houdings meer liberaal geraak het, het die risiko verbonde aan seksuele gedrag ook kwantitatief toegeneem (Goslin, 1994:100). Indien 'n adolessent voor die keuse staan om seksueel aktief betrokke te raak, is dit nie net meer 'n morele en religieuse besluit nie, maar ook 'n gesondheidsbesluit.

Indien 'n adolessent wel besluit om seksueel aktief te raak, word 'n hoë risiko geloop om aan enige seksueel oordraagbare siekte blootgestel te word. Buiten vir die seksueel oordraagbare siektes kan die adolessent homself in 'n legio maatskaplike problematiek, weens die kompleksiteit van seksualiteit, bevind. Aspekte rakende seksualiteit wat hier ter sprake is, is uitgaan (dating); rituele eie aan puberteit; hormonale afwykings; individuele seksuele verskille; masturbasie; kontrasepsie; seksuele besluitneming; geslagsrolle; swangerskappe; aborsie; aanneming; adolessente as ouers; seks teenoor liefde; seksuele oriëntasie; seksuele eksperimentasie; wanaangepaste reaksie tot seksuele aktiwiteite; seksuele aantreklikheid; fisiese en psigiese seksuele eienskappe; seks in verhouding tot die huwelik; seksuele viktimisering; invloed van die massamedia; seksueel oordraagbare siektes; seksuele opvoeding; die rol van sosialiseerders in seksuele beheer en uitdrukking; en etiese, sosio-ekonomiese status, godsdiens, en demografiese faktore wat 'n effek op die adolessent se seksuele aktiwiteite het (Gullotta, Adams & Montemayor, 1993:2).

Dit is uit bogenoemde duidelik dat vanuit die maatskaplikewerkprofessie hulp aan die adolessent verleen kan word wat die adolessent instaat sal stel om 'n gesonde seksuele houding te hê, oor kennis te beskik en gevolglik gepaste gedrag sal openbaar. Daar kan nie net onder meer inligting ten opsigte van seksualiteit aan die adolessent oorgedra word nie, daar moet eers erkenning gegee word aan dit wat die adolessent reeds weet en daarop voortgebou word. Bestaande inligting wat verkeerd is kan ook op dié wyse herken word en gevolglik reggestel word. Hier is dus sprake van assessering.

Daar is met hierdie studie beoog om so 'n assesseringsinstrument te ontwikkel met die doel om te bepaal wat die aanvanklike seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente is. Die inligting wat hieruit verkry word verskaf 'n profiel van die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag wat dan weer die basis vorm vir 'n teikengerigte, toepaslike seksuele voorligtingsprogram.

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die motivering vir die keuse van die onderwerp, probleemformulering, doel en doelwitte van die studie en navorsingstelling. Daarna word die navorsingsmetodologie, etiese kwessies, begripsomskrywing van die hoofkonsepte en die beperkings van die studie bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met 'n indeling van die navorsingsverslag en 'n samevatting van die hoofstuk.

## **1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE STUDIE**

Die betrokkenheid van navorser by die onderwerp oor die seksualiteit van adolessente het sy ontstaan gekry weens 'n informele bewuswording van jongmense se worsteling met hulle eie seksualiteit en spesifiek 'n onkundigheid ten opsigte van seksualiteit. Voorts is waargeneem dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap, ongewenste swangerskappe, premature huwelike, seksuele probleme soos onder andere homoseksualiteit, seksuele teistering en seksueel oordraagbare siektes soos onder andere VIGS, etlike aangeleenthede is wat die gesondheid van die adolessent benadeel (World Health Organization 1993:20-33; Esterhuizen, 1991:1; en Van Niekerk, 1992:1).

In aansluiting by bogenoemde vermeld Hughes-Treherne (1997) en Ferreira (1997) dat die adolessente waarmee hulle in kontak kom weens 'n gebrek aan seksuele kennis, hulle in maatskaplike problematiek bevind.

Verskeie navorsers het hulleself al begewe op die terrein van adolessente-seksualiteit (Stemmet, 1982:3; Seydel, 1992; Van Niekerk, 1992; en Goslin, 1994), maar weens die kompleksiteit van seksualiteit bly daar antwoorde op nuwe en selfs ou vraagstukke gesoek.

Seydel (1992:174) meld onder andere dat verdere navorsing benodig word ten opsigte van die adolessent se gesindheid betreffende seks, seksuele ontwikkeling en seksopvoeding, asook die adolessent se seksuele kennis, waardes en vaardighede. Stemmet (1982:190) meld dat homoseksualiteit, masturbasie, proefhuwelike en voorhuwelikse geslagsgemeenskap verder nagevors moet word. Seydel (1992:174) en Stemmet (1982:190) meld dat die rol van seksuele opvoeding, kultuur en moraliteit aandag behoort te geniet. Dit blyk dus noodsaaklik te wees om adolessente by te staan in die proses om hulle eie seksualiteit te vestig (Van Niekerk, 1992:1). Dit kan gedoen word deur 'n seksuele voorligtingsprogram.

Voordat daar met die beplanning van 'n seksuele opvoedingsprogram begin kan word, behoort daar eers ondersoek ingestel te word na die teikengroep se seksuele kennis, - gedrag en - houding, asook hulle behoefte aan 'n seksuele voorligtingsprogram (Goslin, 1994:2).

Verder meld Goslin (1994:178) dat in die beplanning en aanbieding van 'n seksuele voorligtingsprogram dit noodsaaklik is dat die spesifieke sosiale en hanterings-vaardighede, wat adolessente benodig om hulleself seksueel te handhaaf, ook wetenskaplik nagevors moet word.

Goslin (1994:178) is van mening dat 'n groot behoefte bestaan aan vraelyste om die seksuele kennis, - houding en - gedrag van Suid-Afrikaanse adolessente te bepaal. Seydel (1992:175) sluit by Goslin aan deur te meld dat 'n gepaste assesseringsinstrument vir seksuele gesindheid en seksuele kennis benodig word.

Ter motivering tot hierdie studie blyk dit samevattend dat daar vanuit vorige navorsing 'n behoefte geïdentifiseer is aan 'n instrument, om die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente te assesser ten einde 'n spesifieke seksuele voorligtingsprogram, wat in die betrokke teikengroep se behoeftes sal voorsien, te ontwerp.

### 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Adolesensie is 'n lewensfase in die lewensloop van die mens; 'n fase waarin die mens verskeie veranderinge ondergaan en sekere kritiese ontwikkelingsstake moet kan bemeester, maar dan ook spesifiek ten opsigte van sy seksuele ontwikkeling. In aansluiting hiermee meld Gullotta, Adams & Montemayor (1993:28) die volgende: "Adolescents are sexually curious and experience physical/sexual changes". Dit is belangrik om daarop te let dat die fisiese-, psigo-sosiale-, morele-, emosionele- en kognitiewe ontwikkeling van die adolessent 'n wederkerige invloed het op die adolessent se seksuele ontwikkeling ten einde hom in staat te stel om uiting te gee aan sy manlikheid of haar vroulikheid. Weens die interafhanklikheid van al hierdie ontwikkelingsareas en die gevolglike kompleksiteit van seksualiteit is daar die moontlikheid dat adolessente verkeerdelik betrokke kan wees by seksuele aangeleenthede wat 'n legio maatskaplike problematiek tot gevolg kan hê.

Juis om die adolessent toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om hierdie uitdagende aspek van hulle ontwikkeling te bemeester, het veral die opvoedkundiges hulle self die taak opgelê om seksuele voorligting in skole aan te bied (Dey, 1998). Die sukses van seksuele voorligting by skole is egter al bevraagteken (Centre for AIDS Prevention Studies, 1998:3). Met die nuwe opvoedingsstelsel wat in werking gaan tree, die Uitkomsgebaseerde Opvoeding- en Opleidingsstelsel (Outcomes Based Education and Training System), waar die fokus op uitkomst is (Hobson, 1998), kan hierdie problematiek aangespreek word. Die begrip "Uitkoms" kan volgens die Open Learning Group (1998:5), wat by Gauteng se Departement van Onderwys geakkrediteer is, as volg gedefinieer word: "An outcome is the end result demonstrated by a learner on completion of a process of learning". Kennis word dus nie net meer weergegee nie, wat tot dusver die geval was, maar die leerder moet spesifieke resultate of vaardighede weens die intervensie kan bemeester.

Ten einde te kan bepaal of die verlangde uitkomst ten opsigte van die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag bereik is, is dit van belang om eers die adolessent te assesser voordat die intervensie aangebied word en gevolglik kan die uitkoms dan gemeet word na intervensie plaasgevind het. Ten einde dié taak te vergemaklik kan van 'n assesseringsinstrument gebruik gemaak word. Dit blyk egter uit bestaande literatuur dat so 'n assesseringsinstrument nie bestaan nie. Die doel van hierdie studie is dan om hierdie behoefte aan 'n assesseringsinstrument aan te spreek.

## **1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**

### **1.4.1 Doel van die studie**

Die doel van die studie is om 'n nie-gestandaardiseerde maatskaplike assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan assesseer.

### **1.4.2 Doelwitte van die studie**

Lombard, Weyers en Schoeman (1992:220) meld die volgende: “Die bereiking van enige doelstelling, hetsy taak- of prosesgerig, is aangewese op die verwesenliking van spesifieke en konkrete taak- en prosesdoelwitte”. Om dus bogenoemde doelstelling te bereik, word die volgende doelwitte vir hierdie studie gestel:

- 1.4.2.1 Om vanuit die ontwikkelingsmodel van Rothman & Thomas, die Sisteemteorie en Erikson se Egosielkundige teorie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie daar te stel.
- 1.4.2.2 Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel wat die aard van die adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, - houding en -gedrag is.
- 1.4.2.3 Om, gefundeer vanuit die literatuurstudie, 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent kan assesseer, te ontwikkel en empiries te toets.
- 1.4.2.4 Om vanuit die bevindings van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram vir adolessente.

## **1.5 FORMULERING VAN AANNAME**

Aangesien ontwikkelingsnavorsing, binne die konteks van intervensienavorsing, soos van toepassing in hierdie studie, nie 'n hipotese toets nie (Rothman & Thomas, 1994:13), kan 'n hipotese nie geformuleer word nie, maar die volgende stelling word wel gekonstateer ten einde die studie te rig: *'n Profiel van die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kan saamgestel word deur die benutting van 'n toepaslike nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument.*

## **1.6 NAVORSINGSBENADERING**

Die beste manier om data in te samel hang af van watter data verlang word. Watter data verlang word, hang weer af van dit wat alreeds bekend is. Grinnell & Williams (1990:139) meld die volgende: “If a great deal is known, we will be in a position to ask specific and complex questions in an attempt to explain data previously gathered. If less is known, our questions will be of a more general descriptive nature. If very little is known, our questions

will be still more general, at an exploratory level. Each of these three knowledge levels demands a different type of research design because, at each level, we are asking different types of questions”. Kennis bestaan reeds oor die seksuele kennis,- gedrag en - houding van adolessente, tog bestaan daar nog nie ‘n assesseringsinstrument wat die verskynsel kan meet nie . Binne hierdie konteks van meting, waarop hierdie studie gerig is, is daar dus sprake van kwantitatiewe navorsing.

Kwantitatiewe navorsingsbenadering kan as volg omskryf word (McRoy, 1995: 2009): “Qualitative research differs from quantitative research in that the latter is characterized by the use of large samples. Standardized measures, a deductive approach, and highly structured interview instruments to collect data for hypothesis testing (Marlow, 1993). In contrast to qualitative research, in quantitative research easily quantifiable categories are typically generated before the study and statistical techniques are used to analyze the data collected”. So word daar dus in hierdie studie vanuit die kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak van ‘n assesseringsinstrument om data te versamel. Vervolgens dan meer oor die soort navorsing ter sprake.


## 1.7 SOORT NAVORSING

Intervensienavorsing, ‘n nuwe opwindende soort navorsing, soos gekonseptualiseer deur Rothman & Thomas, dra by tot die skakeling tussen navorsing en die praktyk (De Vos, 1998: 9). Daar is drie hoof tipes intervensie navorsing (De Vos, 1998:69):

- Empiriese navorsing met die doel om kennis van menslike gedrag met betrekking tot menslike hulpintervensie te vermeerder - intervensie kennis ontwikkeling (KD - Knowledge development).
- Die bevindings van intervensie kennis ontwikkelingsnavorsing mag verbind en benut word in praktiese toepassing - intervensie kennis benutting/toepassing (KU - Knowledge utilization).
- Navorsing gerig op die ontwikkeling van innoverende intervensie - intervensie ontwerp en ontwikkeling (D&D - Design and development).

Dié drie submodelle van intervensie navorsing word as volg deur Rothman & Thomas (1994:5) skematies in Figuur 1.1 voorgestel:

**Figuur 1.1: Intervensie navorsing (Rothman & Thomas, 1994:5)**



Rothman & Thomas (1994:4-6) is dit eens dat ontwikkelingsnavorsing resorteer onder laasgenoemde naamlik, intervensie ontwerp en ontwikkeling.

In hierdie studie sal daar van intervensienavorsing gebruik gemaak word, en dan meer spesifiek ontwikkelingsnavorsing, aangesien die studie handel oor die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument wat in die praktyk toegepas kan word.

Rothman & Thomas (1994:12) is van mening dat intervensie ontwerp en ontwikkeling 'n proses is wat probleemoplossing ten doel het deur effektiewe intervensie en hulpmiddels te skep wat menslike en sosiale problematiek kan aanspreek: "D&D is a process that is systematic, deliberate, and immersed in research procedures, techniques, and other instrumentalities. In its aim to produce workable human service technology, rather than generalizable knowledge *per se* (although it may achieve the latter), the methods of D&D are more akin to the field of engineering than to the traditional behavioral sciences".

Rothman & Thomas (1994:13) meld verder dat hier begin word met 'n realiteit wat 'n praktiese uitkoms ten doel het en dat geen hipotese toetsing of teorie eksplorering hier ter sprake is nie.

## **1.8 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE**

Die navorsingsprosedure en werkwyse soos van toepassing op hierdie studie word aan die hand van Rothman en Thomas se intervensie ontwerp en ontwikkelingsmodel se fases hanteer. Volgens hierdie model word die volgende fases onderskei:

- \* Probleemanalise en projekbeplanning
- \* Insameling van data en sintesevorming
- \* Ontwerp
- \* Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing
- \* Evaluasie en gevorderde ontwikkeling
- \* Disseminasie

Skematies kan hierdie ses fases soos volg uiteengesit word (sien Tabel 1.1):

**Tabel 1.1: Fases van die model van Rothman & Thomas (Rothman & Thomas, 1994:28)**

Probleem-analise & Projek-beplanning	Insameling van data en Sintese	Ontwerp	Vroeë Ontwikkeling & Voorlopige Toetsing	Evaluasie & Gevorderde Ontwikkeling	Disseminasie
Identifiseer en betrek kliënte	Maak gebruik van bestaande inligtingsbronne	Ontwerp 'n waarnemende sisteem	Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie	Selekteer 'n eksperimentele ontwerp	Berei produk voor vir disseminasie
Verkry toegang en samewerking van omgewing	Bestudeer natuurlike voorbeelde	Spesifiseer prosedures van die intervensie	Begelei 'n voorlopige toetsing	Insameling en analisering van data	Identifiseer potensiële mark vir intervensie
Identifiseer behoeftes van die populasie	Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle		Wend kriteria van ontwerp aan in die voorlopige intervensie konsep	Dupliseer intervensie onder veldkondisies	Skep 'n behoefte vir die intervensie
Analiseer geïdentifiseerde behoeftes				Verfyn die intervensie	Aanmoediging van gepaste wysigings
Opstel van doelstellings en doelwitte					Voorsien tegniese ondersteuning aan gebruikers

Omrede ontwikkelingsnavorsing onder intervensie ontwerp en ontwikkeling resorteer geld hierdie fases ook in ontwikkelingsnavorsing. Dit is belangrik om daarop te let dat al die fases met hulle onderskeie stappe aangepas kan word ten einde aan die doel van 'n spesifieke navorsing te voldoen. Van Rooyen (1994:280-281) is van mening dat ontwikkelingsnavorsing gebruikersvriendelik is deur prosedures te verskaf wat stap vir stap gevolg kan word, tog is dit relatief buigbaar wanneer omstandighede in ag geneem moet word. Dit voorsien 'n raamwerk wat prakties en moontlik minder bedreigend is as ander eksplisiete modelle. Tog is dit moontlik dat die buigbaarheid en die inherente kreatiwiteit van die model misinterpretasie en problematiese implementering van die model kan

veroorzaak. Dit is verder moontlik dat die navorser, weens die feit dat die model in fases of entiteite uiteengesit is, slegs sekere fases gebruik omdat dit gepas is, en sodoende die risiko loop van 'n onvoltooide navorsingstudie (van Rooyen, 1994:281). Elke fase bestaan uit enkele aktiwiteite wat gevolg moet word, en dit word vervolgens ooreenkomstig Rothman & Thomas (1994:27-43), soos van toepassing in die studie, bespreek.

### **1.8.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning**

#### *Aksie 1: Identifiseer en betrek kliënte*

- \* Selekteer 'n populasie wie se behoeftes en probleme huidiglik van belang is vir die kliënte, navorser, of die samelewing.
- \* Identifiseer die doel van die intervensie in samewerking met die projek se kliënte.
- \* Navorsing wat die kritiese sterkpunte en probleme van belang aanspreek, het 'n groter kans op die verkryging van ondersteuning van die teikenpopulasie, professionele gemeenskap en die publiek (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Vir navorser is die gebrekkige kennis onder adolessente ten opsigte van seksualiteit 'n probleem wat aangespreek behoort te word, aangesien dit tot wangedrag en 'n negatiewe houding teenoor seksualiteit kan lei. Uit die aanvanklike literatuurstudie wat gedoen is, het dit ook geblyk dat 'n assesseringsinstrument vir die assessering van die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag 'n behoefte onder maatskaplike werkers is (Goslin, 1994:178 en Seydel, 1992:175).

#### *Aksie 2: Verkry toegang en samewerking van omgewing*

- \* Voordat 'n agentskap of groep genader kan word, is dit belangrik dat die navorser iets weet van die kliënt soos onder andere sy doelwitte, die beleid, die personeel en die program.
- \* Kontak sleutelinformante en vind uit wat hulle kan aanbied en watter voordele samewerking inhou.
- \* Samewerking help voorsien in 'n gevoel van eienaarskap vir die ondersoek.
- \* Deur saam met diegene wat toegang kan fasiliteer te werk, kry navorser samewerking en ondersteuning ten einde ontwikkelingsnavorsing deur te voer (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Soos van toepassing in hierdie studie is skole en onderwys-streekskantore genader om samewerking te verkry met betrekking tot die uitvoering van die navorsingstudie.

*Aksie 3: Identifiseer behoeftes van die populاسie*

- \* Vermy 'n eksterne perspektief op die probleem en die oplossing.
- \* Navorsers poog om die saak van belang te verstaan deur die klarifisering van die dimensies van die geïdentifiseerde aangeleenthede en die begrip van die omset van die gegewe belang. Dit kan bepaal word deur onder andere vraelyste, onderhoude met sleutelinformante, deur-tot-deur besoeke en gemeenskapsforums te gebruik (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Literatuur verteenwoordig 'n beperkte gedeelte van die rykdom van persoonlike kennis en begrip. Soos van toepassing in hierdie studie, is dit dus belangrik geag om kundiges in die praktyk te nader om hulp te verleen met betrekking tot die beplande uitvoering van die navorsingsprojek. Die volgende kundiges is geraadpleeg:

- \* Mev. Hughes-Treherne, opleier van die Seksuele Weerbaarheidsprogram van South Africa Cares for Life is genader aangesien sy betrokke is by die aanbieding van 'n seksuele voorligtingsprogram aan adolessente.
- \* Mev. Ferreira, die hoof van Neo Birth Pregnancy & Crisis Centre, 'n kenner op die gebied van maatskaplike problematiek rakende die seksuele kennis, - gedrag en - houding van die adolessent.
- \* 'n Beradingsielkundige en kenner van lewensvaardighede, Mev. Brink, direkteur van die Life Skills Centre, is genader.
- \* Mev. Hobson, die hoof van Momentum Versekerings- en Beleggingskollege, genader vir haar kennis met betrekking tot die nuwe verwikkelinge in opleiding en opvoeding in Suid-Afrika.
- \* Dr. Dey, Adjunk-hoof aan die Hoërskool Waterkloof, is genader vir sy kennis met betrekking tot die uiteensetting van die assesseringsinstrument.
- \* Dr. Faul, dosent aan die Randse Afrikaanse Universiteit, is ook genader vir haar kennis met betrekking tot die uiteensetting van die assesseringsinstrument.

*Aksie 4: Analiseer geïdentifiseerde behoeftes*

- \* Analiseer die probleemareas wat mense binne gemeenskapsverband identifiseer (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

In aksie drie is verskeie kundiges geraadpleeg. Hughes-Treherne (1997) en Ferreira (1997) het gemeld dat die adolessente waarmee hulle in kontak kom weens 'n gebrek aan seksuele kennis, hulle in maatskaplike problematiek bevind. Hughes-Treherne (1997), Ferreira (1997) en Brink (1997) het gemeld dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n instrument wat die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kan assesseer. Dey (1998) en Faul (1999) het probleme rakende die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde maatskaplike assesseringsinstrument aan navorser uitgelig, soos onder andere vrae wat bo die adolessent se begrip gestel was. Navorser het dienooreenkomstig die assesseringsinstrument aangepas.

*Aksie 5: Opstel van doelstellings en doelwitte*

- \* Doelstellings verwys na die breë uitkoms wat verlang word en doelwitte na die spesifieke veranderinge wat sal bydra tot die breë uitkoms wat verlang word (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n nie-gestandaardiseerde maatskaplike assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan assesseer.

Soos van toepassing in hierdie studie het navorser die volgende doelwitte opgestel ten einde die spesifieke doelstelling vir die navorsingstudie te bereik:

- \* Om vanuit die ontwikkelingsmodel van Rothman & Thomas, die Sisteemteorie en Erikson se Egosielkundige teorie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie daar te stel.
- \* Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel wat die aard van die adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, - houding en -gedrag is.
- \* Om, gefundeer vanuit die literatuurstudie, 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent kan assesseer, te ontwikkel.
- \* Om vanuit die bevindings van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram vir adolessente.

### 1.8.2 Fase 2: Insameling van data en sintesevorming

Die insameling van kennis sluit in die identifisering en selektering van relevante tipes kennis en die gebruik en integrering van gepaste bronne van informasie.

#### *Aksie 6: Maak gebruik van bestaande inligtingsbronne*

- \* 'n Literatuuroorsig bestaan gewoonlik uit 'n bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, gerapporteerde praktyk, en geïdentifiseerde intervensies relevant tot die sosiale- of gesondheidsbehoefte ter sprake (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

#### *Aksie 7: Bestudeer natuurlike voorbeelde*

- \* Onderhoude met kliënte, of diegene met kennis oor die probleem, soos die diensleweraars, kan voorsien in insig ten opsigte van die moontlike sukses van intervensies, en die veranderlikes wat die sukses mag affekteer.
- \* Bestudering van onsuksesvolle programme en praktyke kan waardevol wees (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

#### *Aksie 8: Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle*

- \* Nadat informasie ingesamel is, analiseer die navorser die kritiese kenmerke van die programme en praktyke wat voorheen die probleem aangespreek het (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Soos in hierdie studie van toepassing is literatuur met betrekking tot die teoretiese fundering, navorsingsmetodologie, die ontwikkeling van die adolessent asook die adolessent se seksuele kennis, - gedrag en - houding bestudeer. Plaaslike en oorsese boeke, tydskrifartikels, studiegidse, akademiese verhandelings/skripsies en proefskrifte en ensiklopedieë is benut ten einde die literatuurstudie saam te stel. Die bronne waarvan gebruik gemaak is, is hoofsaaklik vanuit die gedragswetenskap maatskaplike werk, maar aanverwante wetenskappe soos sosiologie, opvoedkunde en sielkunde, is ook geraadpleeg. Onderhoude is gevoer met diegene wat kennis oor die probleem het asook diens lewer in die spesifieke area (sien fase 1). Die assesseringsinstrument, soos in hierdie studie ontwikkel, is die eerste in sy soort en daarom kon soortgelyke vorige assesseringsinstrumente nie bestudeer word nie.

(1980:107) meld die volgende ten opsigte van vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing: “...establishing the reality of whether a thing can or cannot be done. Yet, it is an unfortunate fact that this type of pilot testing is only sporadically employed in the human services. In R&D, pilot testing provides the first element of substantiation and reality contact for the application concept. As such, it is an extremely important step in moving from theory to practice”. Die aktiwiteite in die fase word as volg kortliks gemeld (Rothman & Thomas, 1994:27-43):

*Aksie 11: Ontwikkel ‘n prototipe of voorlopige intervensie*

- \* Selekteer en spesifiseer prosedures.
- \* Stel die manier waarop die intervensie gekommunikeer gaan word aan potensiele verbruikers, vas.
- \* Terugvoer van gebruikers en implementeerders (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

*Aksie 12: Begelei ‘n voorlopige toetsing*

- \* Voorlopige toetsing het ten doel om te bepaal of die intervensie gaan werk al dan nie.
- \* Loods voorlopige toetsing in omstandighede gemaklik vir die navorser en soortgelyk aan die van die intervensie.
- \* Voorlopige toetsing help determineer die effektiwiteit van die intervensie en identifiseer watter elemente van die prototipe hersien moet word (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

*Aksie 13: Wend kriteria van ontwerp aan in die voorlopige intervensie konsep*

- \* Die proses van ontwerp word gerig deur riglyne en waardes van intervensie navorsing.
- \* Relevante vrae sluit in: Is die intervensie effektief? Is dit maklik om te gebruik? Is dit prakties? Is dit aanpasbaar vir verskeie kontekste? Is dit verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes? (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Soos van toepassing in hierdie studie is ‘n voorlopige assesseringsinstrument opgestel. Die voorlopige assesseringsinstrument is aan skoolhoofde en kundiges in die navorsingsektor onder andere Dr. Faul, gegee vir terugvoer. Die terugvoer is gevolglik aangewend vir die

### 1.8.3 Fase 3: Ontwerp

Volgens Rothman en Thomas (1994:27-43) kan twee tipes produkte uitvloeisels wees van intervensienavorsing: (1) Die navorsingsdata kan die verhouding tussen die intervensie en die gedrag of uitkoms wat die probleem van belang definieer, demonstreer; (2) intervensie - wat kan insluit 'n strategie, tegniek of program; voorligtings- of opleidingsmateriaal; omgewingsveranderlikes; 'n motiverende sisteem; 'n nuwe of gemodifiseerde beleid; of ander prosedures. Hierdie fase en die volgende fase naamlik die vroeë ontwikkeling en toetsing, is interafhanklik van mekaar. Tydens fase drie geskied die volgende:

#### *Aksie 9: Ontwerp 'n waarnemende sisteem*

- \* Navorsers moet 'n manier ontwerp waardeur gebeure verwant aan die naturalistiese verskynsel waargeneem kan word, 'n sisteem om die omvang van die probleem en die gevolge van die intervensie te ondersoek.
- \* 'n Waarnemende sisteem bestaan uit drie dele: (1) Definisies van die gedrag of produkte geassosieer met die probleem in operasionele terme, (2) voorbeelde en nie-voorbeelde van die optredes of produkte word voorsien om te help met die onderskeiding in die voorkoms van die optrede of produk, (3) instruksies vir punttoekenning word voorberei as riglyn vir die opname van gewenste optredes en produkte (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

#### *Aksie 10: Spesifiseer prosedures van die intervensie*

- \* Deur die probleem te observeer en natuurlike innovasies en ander prototipes te bestudeer, kan die navorsers prosedures vir intervensie identifiseer (Rothman & Thomas, 1994:27-43).

Weens die aard van die onderwerp, seksualiteit, kon 'n waarnemende sisteem nie ontwerp word nie. Aangesien die seksualiteit van die adolessent 'n privaat en sensitiewe aangeleentheid is, sou dit eties nie korrek en fisies onmoontlik wees om hierdie prosedure deur te voer. Gevolglik is hierdie fase vir die doeleindes van dié spesifieke navorsingstudie, uitgelaat.

### 1.8.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing

Gedurende die vierde fase word 'n prototipe ontwerp, voorlopige toetsing vind plaas en kriteria van ontwerp word aangewend in die voorlopige intervensie konsep. Rothman

ontwikkeling van die finale assesseringsinstrument. Die voorlopige assesseringsinstrument is ook getoets onder drie adolessente wat nie deel uitgemaak het van die respondentegroep nie, ten einde die effektiwiteit en verbruikersvriendelikheid van die assesseringsinstrument vas te stel. Voortspruitend uit bogenoemde is die nodige veranderinge aangebring ten einde die assesseringsinstrument vir evaluasie en gevorderde ontwikkeling te finaliseer.

#### **1.8.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling**

Ten einde die evaluering en gevorderde ontwikkeling van die intervensie uit te voer is die volgende vier aktiwiteite van belang (Rothman & Thomas, 1994:27-43):

##### *Aksie 14: Selekteer 'n eksperimentele ontwerp*

- \* Die eksperimentele ontwerp het ten doel om die verband tussen die intervensie en die gedrag asook verwante probleemareas wat die fokus vir verandering is, te demonstreer.
- \* Die faktore wat die keuse van ontwerp bepaal hang af van die doel en omvang van verandering wat die kliënte verlang, die tipes gedrag en die noodsaaklikheid vir verandering, die stabiliteit van die omgewing of konteks, en die doel van die navorsing.

##### *Aksie 15: Insameling en analisering van data*

- \* Geldigheid en betroubaarheid is van kardinale belang.

##### *Aksie 16: Dupliseer intervensie onder veldkondisies*

##### *Aksie 17: Verfyn die intervensie*

- \* Die resultate van die intervensie onder veldkondisies word gebruik om probleme op te los met die meestsysteem en intervensie.

Aangesien die assesseringsinstrument net eenmalig geïmplimenter word in hierdie studie, is die ewekansige een-groep natoets-ontwerp as die mees gepaste navorsingsontwerp geselekteer. Hierdie assesseringsinstrument word net eenmalig aan die respondente voorgestel. In die ewekansige een-groep natoets-ontwerp word daar slegs met een groep gewerk wat ewekansig saamgestel is en die afhanklike veranderlike word slegs een keer gemeet (Grinnell & Williams, 1990:150, 156). Soos van toepassing in hierdie studie is die

ewekansige een-groep natoets-ontwerp wat 'n kwasi-eksperimentele ontwerp is, gebruik om die assesseringsinstrument aan die teikengroep bekend te stel.

Die teikengroep of universum wat gestel is vir die ondersoek, sluit in al die graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria wie se ouers toestemming verleen het om aan die studie deel te neem. Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie was die mees geskikte steekproeftegniek 'n kombinasie van proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking en sistematiese steekproeftrekking. Dit behels die seleksie van persone in die onderskeie strata in ooreenstemming met die verspreiding van die lede van die onderskeie strata in die universum (Navorsingsmetodiek, 1993:20). Die universum vir skool A was 1234 leerlinge en 384 leerlinge vir skool B. In elke skool is graad 8, 9 en 10 as die onderskeie strata geïdentifiseer. 'n Totaal van 6 strata is geïdentifiseer waardeur 'n totaal van 320 respondente by die studie betrek is (Krejcie & Morgan, 1970:609). Alfabetiese klaslyste is geneem en sistematiese steekproeftrekking is toegepas om die respondente te identifiseer. Skool A maak 76% (243 respondente) en skool B maak 24 % (77 respondente) van die steekproef uit. In hoofstuk 6.2 is 'n volledige beskrywing van die steekproef.

Data is ingesamel deur van 'n veldopname as navorsingsprosedure gebruik te maak. Babbie (1989:236) definieer veldopnames as volg: "In a typical survey, the researcher selects a sample of respondents and administers a standardized questionnaire to them". Vraelyste is 'n instrument wat benut word om sistematiese empiriese gegewens te versamel. Babbie (1989:159) meld ten opsigte hiervan die volgende: "Questionnaires provide a method of collecting data by (1) asking people questions or (2) asking them to agree or disagree with statements representing different points of view". Vraelyste kan op verskeie maniere geadministrateer word afhangende van die aard en omvang van die studie. Babbie (1989:257) meld in die verband: "Questionnaires may be administered in three basically different ways: Self-administered questionnaires may be completed by the respondents themselves; interviewers may administer questionnaires in face-to-face encounters, reading the items to respondents and recording the answers; or interviewers may conduct telephone surveys". Ten einde anonimiteit te verseker, weens die sensitiwiteit van die onderwerp, naamlik seksualiteit, en die feit dat telefoonopnames by skoolgaande respondente onprakties is, is besluit om van self-geadministreerde vraelyste as assesseringsinstrument gebruik te maak.

Vraelyste (assesseringsinstrument) is aan die respondente met die nodige instruksies by die onderskeie skole oorhandig om voltooi te word. Die voordele van die hand-afgelewerde vraelys was dat navorser sekere onduidelikhede rondom die vraelys kon opklaar en dat tyd bespaar was (sien Van Staden, Hugo, Van Rooyen & Van Delft, 1989:203).

Die voltooide vraelyste se inligting is vervolgens gekodifiseer en geanaliseer. Babbie (1989:363) meld onder andere dat daar van “Edge-coding” gebruik gemaak kan word: “The outside margin of each page of a questionnaire or other data source-document is left blank or is marked with spaces corresponding to variable names or numbers..... The edge-coded source-document are then used for data entry”. Dié gekodifiseerde data is ingevoer in ‘n rekenaarprogram, naamlik Microsoft Excel, wat hierdie informasie verwerk het. Grafiese voorstellings en tabelle het hieruit voortgespruit ten einde die analisering en interpretering van die ingesamelde data moontlik te maak. Hieruit is gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

#### **1.8.6 Fase 6: Disseminasie**

Nadat die intervensie onder veldkondisies getoets en geëvalueer is, is dit gereed vir disseminasie. Rothman (1980:192) werp lig op die plek van disseminasie: “When a relevant product or service has materialized to a suitable level, some activity must direct the effective flow - the dissemination or diffusion - of the product or service from the producer to the appropriate customer, consumer, or user. This activity is called ‘marketing’”. Sosiale bemaking wat spesifiek dan in die maatskaplike werkveld ter sprake is kan as volg deur Kotler (1975:283) soos aangehaal deur Rothman (1980:192) gekonstateer word: “Social marketing is the design, implementation, and control of programs seeking to increase the acceptability of a social idea or practice in a target group(s). It utilizes concepts of market segregation, consumer research, idea configuration, communication, facilitation, incentives, and exchange theory to maximize target group response”. Ten einde die disseminasie van die assesseringsinstrument hier ter sprake deur te voer, behoort die volgende aktiwiteite uitgevoer te word (Rothman & Thomas, 1994:27-43):

*Aksie 18: Berei produk voor vir disseminasie*

- \* Kies ‘n handelsnaam, stel ‘n handelsprys en standaard vir gebruik vas.

*Aksie 19: Identifiseer potensiële mark vir intervensie*

- \* Navorsers kan spesifieke vrae vra as riglyn om die potensiële mark te identifiseer: Watter mense kan persoonlik baat by die intervensie? Wie kan die grootste bydra lewer tot die oplos van die problematiek? Is die doel van disseminasie om 'n breë verbruikersgroep te bereik of meer 'n geselekteerde groep? Watter segment van die mark sal hierby baat? Watter media benadering gaan die mees gepaste en bekostigbaarste wees?
- \* Dit mag ook van waarde wees om potensiële “aanvanklike gebruikers” te identifiseer, wie se gebruik van die produk ander gaan aanmoedig om van die intervensie gebruik te maak.

*Aksie 20: Skep 'n behoefte vir die intervensie*

- \* Bemerkers moet potensiële verbruikers oortuig dat hulle werklik sal baat by die intervensie.
- \* Daar kan onder andere gebruik gemaak word van advertensie, modellering en proefnemings.

*Aksie 21: Aanmoediging van gepaste wysigings*

- \* Bemerkers het die uitdaging om noodsaaklike wysigings toe te laat wat ten doel het om te bepaal of die intervensie nog steeds vasgestelde standaarde bereik.

*Aksie 22: Voorsien tegniese ondersteuning aan gebruikers*

- \* Die navorsers van die intervensie het die primêre kennis in verband met die intervensie.
- \* So word tevrede langtermyn kliënte behou .

Die navorsers beplan om na afhandeling van hierdie formele navorsingsstudie die betrokke assesseringsinstrument binne toepaslike dissiplines soos opvoedkunde, maatskaplike werk en sielkunde bekend te stel. Vir die doeleindes van hierdie studie, sentreer die fase van disseminasie om 'n publikasie by wyse van 'n wetenskaplike artikel.

Ter samevatting is die navorsingsprosedure en werkswyse soos van toepassing op hierdie studie binne die fases van Rothman en Thomas se model uitgevoer. Vervolgens word die etiese kwessies soos van toepassing op hierdie studie bespreek.

## **1.9 ETIESE KWESSIES**

Aangesien mense die onderwerp van studie is in sosiale wetenskappe, bring dit sy eie unieke etiese probleme saam wat nie relevant is by suiwer kliniese laboratoriese opsette van die natuurwetenskappe nie (De Vos, 1998:23). Vervolgens dan die relevante kwessies soos van toepassing in hierdie studie.

### **1.9.1 Eksperimentele subjekte en/of respondente word beseer**

Respondente kan fisies sowel as emosioneel beseer word (De Vos, 1998:25). Emosionele beserings is meer van toepassing. Navorser het die vrae in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument eties korrek gestel en was ook beskikbaar vir respondente wat na die voltooiing van die assesseringsinstrument wou respondeer. 'n Onderwyser by elke skool was ook beskikbaar om response van die respondente te hanteer.

### **1.9.2 Ingeligte instemming**

In De Vos (1998:25) word die volgende gemeld: "Obtaining informed consent implies that all possible or adequate information on the goal of the investigation, the procedures which will be followed during the investigation, the possible advantages, disadvantages and dangers to which respondents may be exposed, and the credibility of the researcher be rendered to potential subjects or their legal representatives". Met al hierdie inligting kan die respondent, of indien hy minderjarig is, kan sy wettige verteenwoordiger 'n ingeligte besluit neem of hy aan die studie will deel neem al dan nie. Navorser het toestemmingsbriewe met bogenoemde informasie aan die ouers van die respondente gestuur sodat hulle toestemming tot deelname kon verleen (Sien bylae 1 en 2). Slegs ouers wat toestemming verleen het se kinders is toegelaat om die assesseringsinstrument te voltooi.

### **1.9.3 Misleiding van die respondente**

Misleiding van die respondente kan insluit die weerhouding van inligting en die aanbieding van verkeerde inligting (De Vos, 1998:27). Navorser het geensins verkeerde inligting oorgedra of inligting weerhou van die respondente nie. Die empiriese resultate is volledig en getrou in hierdie verslag weergegee.

#### **1.9.4 Skending van privaatheid**

In De Vos (1998:27) word die volgende gemeld: “For the purpose of this chapter violation of privacy, the right to self-determination and confidentiality can be viewed as being synonymous”. Dit is van kardinale belang dat die navorser met die nodige sensitiwiteit vir privaatheid sal optree. In hierdie studie is vertroulikheid deurgaans veral gesien in die lig van die sensitiewe aard van die studie gerespekteer, deurdat al die respondente die assesseringsinstrument anoniem voltooi het.

#### **1.9.5 Bekwaamheid van navorser**

Navorsers is eties verplig om te verseker dat hulle die nodige vaardigheid en professionele bekwaamheid in die uitvoering van navorsing toon (De Vos, 1998:30). Navorser het professioneel opgetree deur onder andere sinvolle verhoudings te bou met kontakpersone by die onderskeie skole en te alle tye professioneel korrek teenoor respondente op te tree. Navorser het die prosedures gevolg soos vereis deur die Department van Onderwys en so ook die skole.

#### **1.9.6 Publikasie van die bevindinge**

Die navorser het die verantwoordelikheid dat die ondersoek korrek moet verloop sodat niemand deur die bevindinge mislei word nie. Die finale verslag moet akkuraat, objektief en duidelik wees asook die belangrikste inligting bevat. Die wanvoorstelling van resultate is oneties en moet vermy word. Plagiaat is onwettig en daarom moet erkenning gegee word aan ander bronne waarvan gebruik gemaak is. Tekortkominge en foute moet erken word. Bevindings moet objektief voorgestel word in die verslag (De Vos, 1998:32-33). Navorser het die navorsingsverslag akkuraat en so objektief moontlik saamgestel. Erkenning is gegee aan bronne wat gebruik is in die studie. Tekortkominge en foute is gemeld in hoofstuk 1 en 7. Vervolgens word die hoofkonsepte van hierdie studie bespreek.

#### **1.10 BEGRIPSOMSKRYWING**

Die hoofkonsepte in die studie, naamlik “adolesent”, “adolessensie”, “assessering”, “assesseringsinstrument” en “seksualiteit” word in verskeie vakgebiede gebruik. Om onduidelikheid ten opsigte van hierdie konsepte uit die weg te ruim word dit, vir die doeleindes van hierdie studie as volg omskryf:

### 1.10.1 Adollesent

Bosman, Van der Merwe & Hiemstra (1991:680) omskryf die adollesent as ‘n jeugdige persoon, jongeling, halfwas of puber. The Cambridge English Dictionary (1990:6) definieer ‘n adollesent as volg: “Advancing to manhood”.

Ten einde die konsep adollesent duideliker te omskryf meld Thom (1991:396) dat die adollesent die volgende ontwikkelingstake het om te bemeester:

- aanvaarding van veranderde liggaamlike voorkoms
- ontwikkeling van ‘n manlike of vroulike geslagsrolidentiteit
- aanknoop van heteroseksuele verhoudings
- ontwikkeling van ‘n sterk emosionele band met ‘n ander persoon
- voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede
- ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes
- aanvaarding van die self as ‘n persoon met waarde en die ontwikkeling van ‘n eie identiteit
- ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag
- aanvaarding van aanpassing by sekere groepe
- ontwikkeling van intellektuele vaardighede en begrippe ten einde instaat te wees om die verantwoordelikhede van ‘n volwassene na te kom
- keuse van en voorbereiding vir ‘n beroep
- versekering van ekonomiese onafhanklikheid
- ontwikkeling van ‘n waardestelsel wat verband hou met ‘n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing
- ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien
- ontwikkeling van ‘n lewensfilosofie

Uit bogenoemde blyk dit vir navorser dat ‘n adollesent beskryf kan word as ‘n persoon in ‘n fase van ontwikkeling na volwassenheid.

### 1.10.2 Adollessensie

Adollessensie is die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die term adollessensie, wat afgelei is van die Latynse werkwoord *adolescere*, beteken dan ook om “op te groei” of om “te groei tot volwassenheid” (Thom, 1991:393).

Die afbakening van adolessensie is nie so eenvoudig nie. Esterhuizen (1991:57) konstateer: "...dat adolessensie 'n bepaalde tydperk in die mens se lewe behels, beginnende met die koms van puberteit, ongeveer 12 tot 14 jaar en eindigende wanneer spesifieke ontwikkelingstake teen 21 tot 22 jaar bemeester word".

Die afbakening van adolessensie wissel weens individuele sowel as kultuurverskille. Die bepaling van die aanvangsouderdome van adolessensie wissel tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen die ouderdomme van 17 en 21 jaar val. Aangesien die ouderdomsgrense vir die afbakening van adolessensie dus wissel, is dit beter om die adolessente ontwikkelings stadium in terme van spesifieke ontwikkelingskenmerke te beskryf as bloot op grond van ouderdom. So beskou, kan gesê word dat adolessensie tydens puberteit 'n aanvang neem - dit wil sê wanneer vinnige liggaamlike groei begin plaasvind, die voortplantingsorgane begin funksioneer en geslagsrypheid bereik word, en die sekondêre geslagkenmerke soos stabiele ovulasie en seminale emissie verskyn. Die einde van adolessensie word egter deur minder opvallende eienskappe gekenmerk as die begin van adolessensie. Sosiaal gesien, eindig adolessensie wanneer die individu onafhanklik en selfonderhoudend is en volwasse rolle begin vervul, soos beroepsbeoefening, in die huwelik tree en met 'n gesin begin. Wetlik eindig adolessensie wanneer die adolessent stemreg verkry (18 jaar), hy militêre diens begin doen (vanaf 16 jaar), wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval (21 jaar), of wanneer die persoon vir wetlike kontrakte verantwoordelik gehou kan word (21 jaar). Vanuit 'n psigologiese oogpunt eindig adolessensie weer wanneer die persoon redelik seker van sy identiteit is, emosioneel onafhanklik van sy ouers is, 'n eie waardestelsel ontwikkel het en in staat is om 'n volwasse liefdesverhouding en volwasse vriendskapverhouding aan te knoop (Thom, 1991: 393-394).

Stemmet (1982:21) meld die volgende: "Veranderings tree vinniger in, in die vroeë as in die latere stadium van adolessensie en die houdings en gedrag van die individu in die vroeë adolessente jare verskil baie van dié in die latere fase en gevolglik kan adolessensie verder verdeel word in 'n vroeë en latere fase. Vir die gemiddelde meisie van vandag begin vroeë adolessensie op 13 jaar en vir 'n seun op ongeveer een jaar later. Die ouderdom wat skeiding maak tussen vroeë en latere adolessensie, is ongeveer 17 jaar".

Na aanleiding van bogenoemde word adolessensie as die lewensfase wat met puberteit begin, ongeveer 12 tot 14 jaar, en eindig wanneer spesifieke ontwikkelingstake bemeester is, ongeveer 21 tot 22 jaar, gedefinieer.

### 1.10.3 Assessering

Assessering is beide 'n proses en 'n produk (Zastrow, 1989:235). Delpont(1992:109-110) meld dat assessering as kognitiewe proses afgestem is op die versameling, ontleding, sistematisering en sintetisering van relevante inligting rakende die betrokke kliëntsisteem. Assessering as 'n produk is 'n verbale of geskrewe konstatering ten opsigte van die funksionering van die kliëntsisteem met die oog op ontwikkeling van 'n intervensieprogram.

Aangesien in hierdie navorsing beoog word om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel, is hier dus sprake van assessering as 'n produk. Tog moet in gedagte gehou word dat die produk prosesse gaan verreken en dus assessering as proses ook hier ter sprake is.

Hier kan egter ook uitgeklaar word wat die verskil tussen assessering en evaluering is. Assessering verwys na wat is, wat moontlik sal wees en wat behoort te wees, terwyl evaluering fokus op wat gebeur het, hoe dit gebeur het en of dit moes gebeur het (Lombard, Weyers en Schoeman; 1991:255). Volgens Rothman (1984:8-9) sluit assessering en evaluering wel ooreenstemmende aktiwiteite soos besluitneming, mobilisering en implementering in.

Vir die doel van die studie verwys assessering na die versameling, ontleding, sistematisering en sintetisering van inligting rakende die betrokke teikengroep met die oog op intervensie.

### 1.10.4 Assesseringsinstrument

'n Assesseringsinstrument is volgens navorser 'n instrument wat gebruik kan word om te assessee. Die volgende word gemeld ten opsigte van assesseringsinstrumente (Meyer, 1995, 264): "Also, since the 1970s, there has been an interest in practice research - both evaluative and substantive - and the assessment process has been the natural locus of the development of instruments of study, which, after all, are about rigorous ways to ask questions and evaluate answers".

### 1.10.5 Seksualiteit

Menslike seksualiteit kom van geboorte tot sterfte tot uiting. Seksualiteit is deel van al die aktiwiteite waaraan 'n persoon daaglik, dwarsdeur sy normale lewensduur, deelneem. Dit is 'n uiting van persoonlikheid. Met ander woorde, seksualiteit is 'n integrasie van die fisiese, sosiale en intellektuele aspekte van die persoonlikheid van 'n individu wat uiting aan manlikheid of vroulikheid gee. Biologies word die geslag van 'n kind met bevrugting bepaal. Sielkundig en sosiaal weerspieël 'n mens se seksualiteit die kulturele en etiese waardes en sosiale norme van die gemeenskap waarin hy lewe. (Opvoeding in lewensvaardighede en seksualiteit, 1993: A-1).

Seksualiteit word deur The Social Work Dictionary (1991:214) as volg gedefinieer:

“Characteristics of an individual that essentially pertain to the reproductive function, including anatomy and physiology, primary and secondary sexual traits, sex role patterns, and behavioral characteristics”.

Van Elfen (1987:21) gee die volgende definisie vir seksualiteit: “Seksualiteit bestaan uit baie komponente: instinktiewe drang na sinlike bevrediging en voortplanting, bewustelike en onbewustelike gesindheidsvorming (kondisionering) van vroeg af deur liggaamlike gewaarwordinge en omgewingsinvloede, en die wyse waarop behaaglike genitale stimulasie nagestreef word”.

Bowman en Spanier (1978:21) vind aansluiting by laasgenoemde definisie met die volgende: “Sex is defined as anything connected with genital stimulation, sexual gratification, reproduction and the behaviour that accompanies such stimulation, gratification and involvement. Kissing, petting, coitus and masturbation are considered forms of sexual behaviour and referred to... the term sex and its derivatives sexual and sexuality”.

Reiss (1986:234) konstateer menslike seksualiteit as volg: “ consisting of those cultural scripts aimed at erotic arousal that produce genital responses”. Bodibe (1994:53-54) is egter van mening dat dit belangrik is om te onthou dat seksualiteit meer is as net seks: “Human thoughts and feelings are permeated in countless ways by sexuality - much more than just orgasmic pleasure and reproduction”.

Dit blyk dus uit bogenoemde dat seksualiteit ‘n komplekse begrip is. Levine (1992:9) sluit hierby aan deur te meld dat die term seksualiteit in so baie kontekste gebruik word dat dit onmoontlik is om ‘n bondige definisie te voorsien, tog meld Levine (1992:9) die volgende: “It is, however, an ever-present, ever-evolving, multifaceted resource of every human being that can be understood to have at least eight different contextual meanings”.

Dié agt konteksuele betekenisse van seksualiteit sit Levine(1992:3-4) as volg uiteen :

- \* “Sexuality is an energy-driven psychological *vehicle* for pleasure, self-discovery, attachment, and self-esteem. The source of this energy, although unknown, is whatever provides the momentum for psychological development throughout life.
- \* Sexuality is a private experience of *identity* contributing to by our sense of our anatomy, physiology, gender identity, orientation, and intention. There are other identities besides sexual, but none are as consistently central to mental functioning from person to person.
- \* Sexuality is our *physiological capacity* for desire, arousal, and orgasm and its exquisite responsiveness to social and psychological forces. Sexual physiological capacity has its own biology and evolution during the life cycle.
- \* Sexuality is a *resource* that can be well managed into personal contentment, good mental health, and self and partner love or poorly managed in to despair, premature or unvalued pregnancy, venereal disease, and death.
- \* Sexuality is our repertoire of *intimate physical behaviors* with partners and the many meanings that we, our partners, and our culture give to these interactions.
- \* Sexuality is an *emotional response system* that orients us to ourselves and to other people. It is a type of inner voice, a running dialogue within our privacy, that sheds light on our psychological selves at every stage of life. This voice speaks to us of our current needs for attachment to others and our comfort in being with a particular partner. It is a voice of truth, often an unsociable, unkind voice, which is ignored at great peril. The voice alerts us to the state of our attitudes about our partners and others in our lives.
- \* Sexuality is a *repair mechanism* with the power to fix our troubled sense of self by cutting loose our painful pasts and allowing us to experience our bodies and our selves as good and lovable, even though in younger years we may have experienced them with uncertainty or guilt.
- \* Sexuality is a *vantage point* from which to study the psychology of individuals and

couples - particularly how their intimate relationships form, evolve, and dissolve. Sexuality is a window to the drama of our inner lives, particularly our struggle to love. This struggle, until recently, has been largely ignored by the mental health professions”.

Vir die doeleinde van hierdie navorsing word seksualiteit aan die hand van bogenoemde definisies as volg gedefinieer: Seksualiteit omsluit voortplanting, seksuele bevrediging, seksuele stimulasie, geslagsrolle en seksuele gedrag, waarvan die individu se kultuur, waardes en sosiale norme bepalende faktore is. Die fisiese-, psigo-sosiale, morele-, emosionele- en kognitiewe ontwikkeling van die mens het ‘n wederkerige invloed op die mens se seksuele ontwikkeling ten einde uiting te gee aan manlikheid of vroulikheid.

### **1.11 BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK**

Die volgende beperkings en leemtes is met die ondersoek ervaar:

- 1.11.1 Omrede die studie by skole geloods is en oor die sensitiewe aard van die studie, is toestemming verlang van die betrokke skole, ouers sowel as van die betrokke onderwysdepartement. Dié proses was tydrowend. Die ondersoek is gevolglik nie binne die beplande tydsverloop voltooi.
- 1.11.2 Die steekproef het nie die demografiese profiel van Suid-Afrika verteenwoordig nie.
- 1.11.3 Wat die assesseringsinstrument betref is gedurig veranderinge aangebring om dit meer gebruikersvriendelik vir die adolessent te maak. Tog is bevind dat enkele vrae in die vraelys nie duidelik of volledig gestel was nie en dit vir die adolessent moeilik gemaak het om die vraag te beantwoord. So het onder andere onduidelikheid in vraag 5 in afdeling C: “‘n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.” en vraag 12 in afdeling D: “Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van ‘n kondoom gebruik te maak?” bestaan. Die omstandighede waarin navorser die stel van die items bedoel het, was ten opsigte van voorhuwelikse seks. Van die respondente het heelwaarskynlik seks binne die huwelik ook in aggeneem en die items dus diensooreenkomstig beantwoord. Die items moet meer spesifiek gestel word deur te meld dat die omstandighede vir die gebruik van ‘n kondoom voor die huwelik is. Verwys na hoofstuk 7.3.2. vir volledige uiteensetting van aanbevelings in hierdie verband.

## 1.12 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word ingedeel in sewe hoofstukke en word kortliks as volg uiteengesit:

- 1.12.1 In *hoofstuk een* word 'n algemene inleiding tot die navorsingstudie gegee. Die probleemstelling, motivering en doel van die studie, aanname, navorsingsbenadering, navorsingsprosedure en werkswyse, etiese kwessies, begripsomskrywing van hoofkonsepte en die leemtes en beperkings van die studie maak deel hiervan uit.
- 1.12.2 Aangesien dit vir navorser van kardinale belang is om dié studie vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk te benader, word die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson in *hoofstuk twee* bespreek.
- 1.12.3 *Hoofstuk drie* handel oor die ontwikkeling van die adolessent, met spesifieke verwysing na die verskeie ontwikkelingstake tydens die adolessentefase.
- 1.12.4 In *hoofstuk vier* word ondersoek ingestel na die omvang van die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag. Onder seksuele kennis word ondersoek ingestel na die bronne van seksuele kennis en omskrywings van verskeie seksuele aangeleenthede. Onder seksuele houding word aspekte soos in definisie vermeld is, naamlik kultuur, waardes en norme ondersoek. Onder seksuele gedrag word aandag geskenk aan geslagsrolle, seksuele gedrag in die algemeen en meer spesifiek seksuele gedrag wat lei tot maatskaplike problematiek.
- 1.12.5 In *Hoofstuk vyf* word die ontwikkeling van die assesseringsinstrument bespreek.
- 1.12.6 *Hoofstuk ses* omsluit 'n bespreking van die empiriese ondersoek en die statistiese verwerking en interpretasie van die ingesamelde data.
- 1.12.7 *Hoofstuk sewe* dien as samevatting van die navorsingstudie wat gevolgtrekkings en aanbevelings insluit.

### 1.13 SAMEVATTING

- 1.13.1 Die behoefte bestaan na 'n assesseringsinstrument, om die kennis, houding en gedrag van die adolessente te assesser ten einde op 'n later stadium 'n spesifieke seksuele opvoedingsprogram wat in die betrokke kliëntsisteem se behoeftes sal voorsien, te ontwerp.
- 1.13.2 Intervensienavorsing, meer spesifiek ontwikkelingsnavorsing is die soort navorsing wat in hierdie studie ter sprake is met die ewekansige een-groep natoets-ontwerp as navorsingsontwerp. Geen hipotese is geformuleer nie, maar wel 'n aanname ten einde die navorsing te rig.
- 1.13.3 'n Veldopname is as geskik vir die navorsing beskou, en die wyse van steekproefneming wat geselekteer is, is die proporsionele gestratifiseerde ewekansige steekproef
- 1.13.4 'n Voorondersoek is geloods wat 'n literatuurstudie, die raadpleging van kenners, 'n oorsigtelike beeld van die uitvoerbaarheid van die ondersoek en laastens 'n toetsing van die instrument, insluit.
- 1.13.5 Die hoofkonsepte van die studie, naamlik “adolesent”, “adolessensie”, “assessering”, “assesseringsinstrument” en “seksualiteit”, is gedefinieer en die beperkings en leemtes van die studie is uitgewys. Ten slotte is 'n indeling van die navorsingsverslag uiteengesit.

Vervolgens word in hoofstuk twee aandag gegee aan die teoretiese fundering van die studie.

## HOOFSTUK 2

# TEORETIESE FUNDERING: SISTEEMTEORIE EN DIE EGOSIELKUNDIGE TEORIE VAN ERIKSON

### 2.1 INLEIDING

Dit is van kardinale belang om die navorsingstudie vanuit 'n spesifieke teoretiese fundering te benader aangesien dit die teoretiese verwysingsraam en basis lê vir die navorsing.

Compton en Galaway (1984:105) meld tereg: "...that the assignment for the social work profession is to mediate the process through which the individual and society reach out for each other in mutual need for selffulfillment, the first requirement of a foundation theory is that it provide us with a conceptual formulation that takes account of the nature of person-environment relationship". Dit wat ondersoek word, word dus in verhouding geplaas tot die realiteit soos vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk gesien. Hierdie teoretiese fundering verduidelik vanuit watter perspektief die navorser die studie geloots het.

Seksualiteit is 'n komplekse entiteit, soos uiteengesit onder punt 1.10.5, wat dit moeilik maak om seksualiteit vanuit 'n enkele teorie te benader. Bodibe (1994:68-71) verwys onder andere na die volgende teoretiese perspektiewe op menslike seksualiteit: sosio-biologiese teorie, psigoanalitiese teorie, leerteorie, humanistiese psigologie, en die teorieë van Piaget, Kohlberg en Schinke, Gilchrist and Small, funksionalisme, konflikteorie, fenomenologie en etnometodologie. Verskeie van hierdie teorieë moet in aggeneem word wanneer die adolessent se ontwikkeling ter sprake is.

Na aanleiding van die kompleksiteit van seksualiteit word van 'n multi-teoretiese benadering gebruik gemaak. Twee teorieë sal egter as primêre teoretiese raamwerke dien, naamlik, die egosielkundige teorie van Erikson en die sisteemteorie. Die rede waarom die egosielkundige teorie van Erikson hierby ingesluit word, is omdat dit die adolessentefase in konteks plaas binne die totale lewensloop van die mens. Die sisteemteorie sal weer die kompleksiteit van seksualiteit verduidelik in terme van die verhouding tussen die sisteme, en die elemente binne die adolessentsisteem. Vervolgens gaan die rasionaal vir die gebruik van die sisteemteorie vir die navorsingstudie uiteengesit word.

## 2.2 SISTEEMTEORIE

Die sisteemteorie dateer terug tot die 1920s te danke aan Ludwig Von Bertalanffy (Meyer, 1983:41). Die rede waarom die sisteemteorie ontwikkel was, volgens Meyer (1983:40), is om die prosesse van transaksie in en tussen sisteme te spesifiseer. Navorsers wil vanuit die sisteemteorie verduidelik watter invloed verskeie sisteme op die adolessentsisteem se kennis, gedrag en houding teenoor seksualiteit het en meer spesifiek in welke mate die verskillende elemente binne die adolessentsisteem dit beïnvloed. Ten einde die waarde van die sisteemteorie vir die navorsingstudie te begryp moet eerstens aandag gegee word aan konseptualisering, empiriese aspekte en die beginsels van die sisteemteorie.

Ten opsigte van die sisteemteorie word die volgende gekonstateer: “Related formal statements and concepts on the reality of mutual relationships, INTERACTION and a degree of regularity and orderliness characteristic of the constituent units of SYSTEMS” (New dictionary of social work/Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk, 1995:64). In aansluiting hierby definieer Barker (1991:233) sisteemteorieë as volg: “Those concepts that emphasize reciprocal relationships between the elements that constitute a whole. These concepts also emphasize the relationships among individuals, groups, organizations, or communities and mutually influencing factors in the environment”. Uit bovermelde is dit duidelik dat die sisteemteorie handel oor die verhouding tussen elemente wat ‘n geheel vorm.

Louw (1992:593) sluit hierby aan deur die volgende te meld: “Sisteemteorie beklemtoon die kompleksiteit en interafhanklikheid van verskynsels. Verskynsels word gesien as groeperinge of sisteme van interreagerende elemente. Elke sisteem verteenwoordig weer ‘n element van ‘n groter sisteem. Die identifisering of begrensing van ‘n sisteem berus op die waarneming dat die uitruil van informasie en/of energie tussen sekere elemente groter is as dié tussen daardie en ander omliggende ander elemente”. Met bogenoemde in ag geneem konstateer navorsers sisteemteorie as ‘n teorie wat die interafhanklike en komplekse interaksie tussen sisteme en elemente binne ‘n sisteem, wat gesamentlik ‘n geheel uitmaak, verduidelik. Vervolgens word die empiriese aspekte van die sisteemteorie asook die toepassing op hierdie navorsingstudie kortliks bespreek:

### 2.2.1 Empiriese aspekte van die sisteemteorie

Die sisteemteorie het verskeie empiriese aspekte wat in ag geneem moet word ten einde die teorie te verstaan. Meyer (1983:42-43) onderskei ses basiese eienskappe van 'n sisteem:

- *Grense:* Elke sisteem besit een of ander grens wat dit van die res van die omgewing onderskei en gee dit 'n kenmerkende identiteit. Die vryheid waarmee informasie en energie in en uit vloei, bepaal hoe oop of geslote die sisteem is.
- *Struktuur:* Die struktuur verwys na al die elemente binne die grense en die elemente se verhoudingspatroon. Dit beteken dat indien daar energie uitruiling plaasvind, die sisteem probeer om dieselfde strukturele karakter te behou.
- *Hierargie:* Sisteme maak deel uit van ander sisteme, en het subsisteme binne hulleself.
- *Transaksioneel:* Interaksie vind plaas tussen sisteme asook tussen die hierargie van subsisteme.
- *Verwysingsraamwerk:* Dié spesifiseer die identiteit van die sisteem en is dus belangrik vir die bepaling van die natuur van die sisteem.
- *Tyd:* Elke sisteem bestaan binne 'n temporale dimensie wat bestaan uit 'n verlede, hede en toekoms. Die toekoms word gewoonlik gesien in terme van die sisteem se potensiaal, met ander woorde dit is nie voorspelbaar nie, maar is afhanklik van die groei, al dan nie, van die subsisteme soos wat dit interafhanklik ontwikkel saam met ander sisteme.

In aansluiting by bogenoemde onderskei Compton & Galaway (1984:119-124) die volgende empiriese aspekte:

- *Oop sisteem:* Die oop sisteem ontvang informasie en produseer uitkomst na die omgewing. Kontinuiteit en verandering in die sisteem is funksies van die sisteem as gevolg van die interaksie met die omgewing.
- *Geslote sisteem:* Die sisteem ontvang nie informasie nie en produseer ook nie uitkomst na die omgewing nie. Die sisteem het 'n kwaliteit wat entropie genoem word, wat beteken, dat oor tyd, die sisteem geneig is om minder gedifferensieerd ten opsigte van die elemente te wees en verloor orde en funksie.
- *Grense:* Met 'n grens word bedoel 'n geslote sirkel rondom geselekteerde veranderlikes, waar daar minder uitruiling van energie en kommunikasie is tussen

dit wat binne die sirkel gestasioneer is en dit wat buitekant is. 'n Oop sisteem het dus semi-deurdringbare grense.

- *Spanning:* Die sisteemteorie beskou spanning as 'n karaktereienskap van, en noodsaaklik vir, komplekse aanpasbare sisteme, tog kan die spanning ook manifesteer op of as destruktiewe of konstruktiewe wyse. Dus beskou die sisteemteorie spanning nie in 'n negatiewe of in 'n positiewe lig nie. Wat belangrik geag word is die feit dat die doel van die spanning geïdentifiseer en geanaliseer moet word.
- *Terugvoer en doelgerigte sisteme:* Met terugvoer word 'n kommunikasie-netwerk bedoel wat aksie in respons op inkomende informasie produseer en sluit in die resultaat van eie aksie waarin gedrag gemodifiseer is. Die waarde van terugvoer is nie in die terugvoer of in die sisteem self nie, maar is behep met die interaksie tussen die sisteem en dié se omgewing.
- *Verandering en stabiliteit:* As gevolg van die openheid van menslike sisteme en die interaksie tussen elemente binne hulle grense is dit onmoontlik vir sisteme om staties te wees. Hulle is konstant in die proses van verandering en beweging. Sulke bewegings in 'n menslike sisteem verteenwoordig die sisteem se poging tot doelgerigte aksie.

Menslike sisteme streef na die verbetering van interne orde en vir die organisering en seleksie van stimuli van buite die sisteem se grens op so 'n wyse dat doelgerigte beweging gehandhaaf word. Terwyl 'n sisteem konstant in 'n staat van verandering is moet dit ook 'n dinamiese ewilibrum handhaaf. Alhoewel die beweging na 'n doel belangrik is vir 'n sisteem om te oorleef, benodig 'n sisteem ook 'n mate van stabiliteit en patroon.

### 2.2.2 Die beginsels van die sisteemteorie

Die sisteemteorie het ook beginsels ontwikkel vir die verduideliking van die wyse waarop 'n sisteem funksioneer, ingesluit, die interne prosesse en interaksie beide tussen die subsysteme en met ander sisteme. Die eerste vyf beginsels het te make met die prosesse, strukture en die vloei van energie.

- *Invoer (Input):* Dit is die wyse waarop die sisteem energie en informasie van die omgewing ontvang. Nadat die inligting deur die sisteem aanvaar is, word daarop

gereageer, getransformeer, gekodifiseer en gebruik vir die funksionering van die sisteem (Meyer, 1983:43-44).

- Die fase waarin die invoer gebruik word, word genoem die *toevoer (throughput)*. 'n Persoon in dié fase reageer op die invoer nie net uit die persoon se persoonlikheid nie, maar die situasie, rolle en die persoon se spesifieke kulturele ideologie word in ag geneem (Meyer, 1983:44).
- Nadat die proses begin is, reageer die sisteem aktief op die omgewing. Die reaksie word *uitvoer (output)* genoem wat direk 'n effek op die omgewing het en kan weer 'n invoer vir 'n ander sisteem wees (Meyer, 1983:44).
- Die *terugvoer lus (feedback loop)* bestaan uit die terugvoer van positiewe en negatiewe informasie met die doel om die sisteem se ewililibrium te behou of te ontwig. Positiewe terugvoer stel die sisteem in kennis dat die sisteem sy doel sal bereik, en negatiewe terugvoer stel die sisteem in kennis dat van die doel afgewyk is en regstelling nodig is (Meyer, 1983:44).
- Die sisteem wat te ver afwyk van sy doel sonder die nodige regstelling sal *entropie (entropy)* ervaar. Hiermee word bedoel dat die sisteem geen energie van buite aanvaar, en geen uitruiling vind plaas nie. Gevolglik sal die sisteem se energie onklaar raak. In 'n poging om entropie teë te werk sal die sisteem soveel as moontlik energie opstoor. Indien die sisteem daarin kan slaag om suksesvol van die beskikbare energie gebruik te maak ten einde 'n gesonde sisteem te handhaaf, word dit negatiewe entropie genoem (Meyer, 1983:44).

Die interne status van die sisteem word ook deur vyf beginsels bepaal. Waarvan die eerste twee *bestendige toestand (steady state)* en *homeostase (homeostasis)* is (Meyer, 1983:46):

- Die sisteem handhaaf 'n *bestendige toestand* gekenmerk deur 'n gelyktydige gebruik van energie (invoer) en 'n voortdurende groei proses (weens toevoer en terugvoer). Energie (enige substansie, konkreet en fisies of affektief en ideologies) word gebruik om die sisteem behoue te laat bly terwyl dit die sisteem help om aan te pas by inkonsekwentheid in die omgewing.
- *Homeostase* en ewililibrium is die terme wat gebruik word om die handhawing van 'n sisteem op 'n erkende vlak te omskryf. Hulle verskil van 'n *bestendige toestand*, wat die vermoë van die sisteem is om suksesvol met die omgewing te onderhandel vir ondersteuning.
- Die geneigdheid van die sisteem om oor tyd te vergroot en meer kompleks te raak,

word *differensiasie* genoem. Die proses vind plaas deur die sisteem se dinamiese interaksie met die omgewing wat groter heterogeniteit en ingewikkeldheid tot gevolg het. Soos wat ons ouer raak, beskik ons oor groter kennis, kompleksiteit en ‘n beter vermoë tot interaksie met die omgewing en sodoende word ons hoogs gedifferensieerd. (Meyer, 1983:46).

- “*Nonsummativity*” verwys na die sisteem se onvermoë om inligting van geïsoleerde dele van die sisteem op te neem ten einde dit deel te maak van die hele sisteem (Meyer, 1983:46).
- As gevolg van die interafhanklikheid van die elemente binne ‘n sisteem, is daar sprake van die beginsel van *wederkerigheid (reciprocity)* waar ‘n verandering in die een deel van die sisteem veranderinge vir die hele sisteem kan inhou (Meyer, 1983:47).

Twee oorblywende beginsels omskryf die weg van die sisteem:

- Wanneer ‘n sisteem van verskillende aanvanklike kondisies en op verskeie wyses dieselfde finale toestand kan bereik is daar sprake van *gelyke finaliteit (equifinality)* (Meyer, 1983:48).
- Met *multifinaliteit (multifinality)*, die omgekeerde van bogenoemde, word bedoel dat dieselfde kondisies mag na verskillende uiteindes lei. Verskillende finale toestande kan bereik word vanuit dieselfde aanvanklike kondisies (Meyer, 1983:49).

### 2.2.3 Die waarde van die sisteemteorie vir maatskaplike werk

Die potensiële waarde van die sisteemteorie as ‘n georganiseerde raamwerk vir maatskaplikewerkkennis word as volg deur Compton & Galaway (1984:114, 124-125) uiteengesit:

- Die sisteemteorie beskik nie oor voorskrifte vir aksies nie, maar is ‘n medium vir analisering.
- Dit genereer meer hulpvolle vrae en benaderings tot probleemoplossing.
- Die sisteemteorie laat toe dat meer data ingesamel kan word as wanneer van die analitiese model sou gebruik gemaak word, en gee die bevoegheid om orde te skep in ‘n massiewe hoeveelheid informasie ten einde ‘n struktuur te skep.
- Die konsepte wat in verband staan met sisteme en hulle ontwikkeling, funksie, en strukture is van toepassing op elke tipe kliënt waarmee in maatskaplike werk te

doen gekry word.

- Die sisteemteorie voorsien 'n raamwerk waarin waardering vir die hele spektrum van elemente, hulle interverhoudinge en die implikasie van verandering in een soos wat dit almal affekteer, verkry word.
- Die sisteemteorie skuif die aandag weg van die karaktertrekke van die individu of omgewing na die transaksies tussen sisteme. Die kommunikasieproses is van belang.
- Die sisteemteorie sien mense as aktiewe persoonlikheidsisteme met die vermoë tot selfgeïnspireerde gedrag en besit gevolglik die vermoë om by te dra en te verander aan hulle gedrag of selfs nuwe omgewings te skep.
- Die konsep van sisteme is doelgerig, en gekombineer met die konsepte van gelyke finaliteit en multifinaliteit, verander radikaal die perspektief op oorsaaklikheid en die moontlikheid van verandering.
- Deur die gebruikmaking van die sisteemteorie word die fokus geplaas op die doel van die sisteem.
- Indien 'n lewendige, oop sisteem konstante transaksies met ander sisteme en die omgewing verlang vir progressiewe ontwikkeling, blyk dit nodig dat een van die hoof funksies van maatskaplike werkers die voorsiening en instandhouding van sulke verwisselings moet wees.
- Die sisteemteorie se verduideliking van geslote sisteme kan help met die bekamping van isolasie.
- Indien verandering en spanning inherent aan oop sisteme is, behoort maatskaplike werkers aandag te skenk aan die redes waarom veranderinge weerstaan word en waarom sulke veranderinge ondraaglik vir 'n sisteem is. Ontmoet die kliënt in sy eie milieu.
- Die konsep van sisteemgrense bring 'n sekere versigtigheid en toetsing met gesonde sisteme onder die werker se aandag ten einde te bepaal of 'n sisteem te oop of geslote is. Die regte van die kliënt is van belang.
- 'n Verandering in een deel van 'n sisteem het gewoonlik 'n groot impak op die breë transaksies van 'n kliënt. Intervensie moet dus effektief wees en mag eenvoudiger wees as wat verwag is.
- Maatskaplike werkers is 'n sosiale sisteem en maak deel uit van die kliënt se transaksionele veld.

In aansluiting met bogenoemde heg Meyer (1983:50-51) die volgende waardes aan die sisteemteorie vir maatskaplike werk:

- Daar word weggedoen met lineieëre kousaliteit, met ander woorde oorsaak en gevolg van een element na die ander. Meyer (1983:50) meld in die verband die volgende: “The new theory provided them with a transactional model of causality where all significant elements in a case act upon each other and assessments are made of: (1) the topography of a system (its boundaries, structure, hierarchy, transactions, frame of reference, and temporal dimension; (2) the nonlinear flow of energy of a system; (3) the internal state of the system”.
- Assessering word dus gebasseer op die sisteem se verhouding tot ander sisteme. Hierdie multi-dimensionele perspektief van sistemiese kousaliteit maak voorsiening vir kompleksiteit en gelyktydigheid.
- Die sisteemteorie maak voorsiening vir holisme. Om rede daar gefokus word op die interaksie tussen sisteme is ‘n breër perspektief op die situasie nodig, om alles wat inbreuk maak op die eenheid van belang, in berekening te bring.
- Dit voorsien ‘n perspektief, dit vertel nie die werker wat om te doen nie, maar wel wat gebeur.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik vir navorser dat die sisteemteorie van veel waarde vir die maatskaplike werker is. Die waarde wat dit egter vir navorser het met die oog op die assessering van die adolessent se kennis-, gedrag- en houding teenoor seksualiteit word vervolgens uiteengesit.

#### **2.2.4 Die waarde van die sisteemteorie vir die betrokke navorsingstudie**

Die adolessent kan beskou word as ‘n sisteem met *grense*, hetsy *oop* of *geslote*, dit hang af van die individu se openheid om informasie en energie in en uit te laat vloei. Die vraag is dus of die adolessent ontvanklik vir inligting met betrekking tot seksualiteit is, en in watter mate dit in die adolessentsisteem opgeneem word. Die adolessentsisteem maak ook deel uit van ‘n *hierargie* van sisteme, en daarom is die adolessent onder andere deel van ‘n skoolsisteem en gesinsisteem. Die adolessentsisteem het ook subsisteme naamlik die adolessent se fisiese-, psigo-sosiale, morele-, emosionele-, seksuele- en kognitiewe ontwikkeling.

Tussen al hierdie sisteme en subsisteme wat met die adolessentsisteem in kontak is, vind daar interaksie plaas. So is onder andere die adolessentsisteem se fisiese ontwikkeling, morele ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling, die gesinsisteem, skoolsisteem en media as sisteem *transaksioneel* weens die interaksie wat tussen die sisteme plaasvind. *Terugvoer* word ook gegee as aksie in respons op inkomende informasie wat verwys na die gedrag van die adolessentsisteem.

Dit is onmoontlik vir die adolessentsisteem om staties te bly. Daarom is die adolessentsisteem konstant in die proses van *verandering*. Indien 'n adolessent byvoorbeeld in 'n seker mite ten opsigte van seksualiteit glo en nou korrekte inligting van die gesinsisteem ontvang, sal die adolessentsisteem 'n poging moet aanwend om die nodige veranderinge ten opsigte van sy houding teenoor seksualiteit diensooreenkomstig te verander.

Die adolessentsisteem kan egter nie aanhoudend verander nie, maar moet ook 'n *homeostase* of *ekwilibrium* handhaaf. Die adolessentsisteem sal hierdie *stabiliteit* en patroon probeer handhaaf deur te selekteer watter stimuli van buite opgeneem sal word, dit organiseer en 'n poging aanwend tot interne orde. Van Rooyen & Combrink (1980:64) meld dat 'n verandering in die een deel van die sisteem kan lei tot 'n verandering in ander dele. Hiermee word bedoel dat 'n *wederkerige* verhouding tussen alle dele van 'n sisteem bestaan. Dus moet die hele adolessentsisteem ondersoek word en nie net 'n onderdeel nie. Die seksuele ontwikkeling van die adolessent kan dus nie losstaande nagevors word nie, maar in konteks van die adolessent se hele ontwikkeling.

Buiten vir die feit dat die adolessent beïnvloed word deur die omgewing en die verskillende ontwikkelingsareas inherent aan die adolessent, is die adolessentefase ook deel van die ontwikkeling van die totale mens. Erikson plaas die adolessent binne konteks van die ontwikkeling van die totale mens.

### 2.3 EGOSIELKUNDIGE TEORIE VAN ERIKSON

Die basiese uitgangspunte van dié teorie kan as volg gestipuleer word (Meyer, 1988:156-157) :

- Die mens het veelsydige potensiaal
- Die wyse waarop die individu sal ontwikkel word bepaal deur 'n geneties

vasgelegde progressie (die epigenetiese beginsel), die individu se ego (sy drang om by sy omgewing aan te pas en dit te bemeester), en deur die aard van die sosiale en die wyer kulturele omgewing.

- Die individu ontwikkel lewenslank.

Erikson se teorie is toegespits op die verklaring van ontwikkeling, wat hy beskou as 'n proses wat die totale lewensloop dek en in agt stadia verdeel kan word. Die agt ontwikkelingsstadia wat elkeen 'n ontwikkelingskrisis as sentrale fokus het, met 'n egokwaliteit wat die oplos van die ontwikkelingskrisis bereik, kan as volg getabelleer word:

**Tabel 2.1: Ontwikkelingsstadia volgens die egosielkundige teorie van Erikson (Meyer 1988:162)**

Stadium	Ontwikkeling deur die lewensloop	Ego-kwaliteite
Bejaardheid	Integriteit vs. Wanhoop	Wysheid
Volwassenheid	Generatiewe vs. Stagnasie	Sorgsaamheid
Vroeë volwassenheid	Intimiteit vs. Isolasië	Liefde
Adolesensie	Identiteit vs. Verwarring	Betroubaarheid
Skooljare	Arbeidsaamheid vs. Minderwaardigheid	Bekwaamheid
Speelstadium	Inisiatief vs. Skuld	Doelgerigtheid
Vroeë kinderjare	Outonomie vs. Twyfel	Wilskrag
Babastadium	Vertroue vs. Wantroue	Hoop

Optimale ontwikkeling van die individu vloei direk voort uit Erikson se beskrywing van ontwikkeling deur die lewensloop. 'n Optimale ontwikkelde individu het dus in elke stadia die krisis suksesvol hanteer en beskik gevolglik oor al die egokwaliteite (Meyer, 1988: 171-172).

Die adolessentefase neem in aanvang met die begin van puberteit en eindig met die begin van volwassenheid. Die liggaamlike veranderinge tydens puberteit, die intrede van geslagsrypheid en die sosiale verwagting dat die adolessent 'n beroepskeuse sal doen, bring mee dat die individu al die voorheen gevonde sekerhede opnuut moet deurwerk. Die totaliteit van hierdie soektog na 'n selfbeeld, kontinuïteit in die eie lewe en kongruensie tussen die selfbeeld en die rolverwagtings van die samelewing noem Erikson die soeke na

identiteit (Meyer, 1988:169). Volgens Erikson (1963:261) kan die konsep, identiteit, gedefinieer word as die individu se siening van homself, wat die gevoel insluit dat daar 'n kontinuïteit in sy lewe bestaan, asook dat daar tussen sy eie en ander se siening van homself 'n ooreenstemming is. Die individu ervaar 'n gevoel van identiteit wanneer hy daarin slaag om integrasie te bewerkstellig tussen al sy vroeëre identifikasie, sy drange, sy wense, toekomsverwagtinge, vermoëns, vaardighede, en die geleentheid wat die samelewing hom bied.

Meyer (1988:169-170) beweer dat dié soektog kan meebring dat die adolessent dikwels verwickeld raak in 'n konflik tussen die reëls van die samelewing en belangrike persone in die adolessent se lewe. Die gevaar vir die adolessent is dat hy verward raak in sy soektog na identiteit en 'n gepaste sosiale rol. Die samelewing maak voorsiening vir die adolessent se identiteitskrisis deur aan hom 'n psigososiale moratorium te bied (d.w.s. 'n tydperk van grasia waarin hy geleentheid het om sy identiteitsoektog taamlik onversteurd voort te sit, byvoorbeeld deur met verskillende identiteite te eksperimenteer): die samelewing is nie net besonder toegeeflik in die beoordeling van adolessente gedrag nie, maar skep ook sekere sosiale instellings soos universiteite en verlengde beroepsopleiding om die adolessent aktief in sy soeke na identiteit te ondersteun.

Die egosterkte wat uit 'n goeie oplossing van die identiteitskrisis voortvloei, noem Erikson betroubaarheid. Dit behels die adolessent se vermoë om sekerheid oor sy eie identiteit te hê, 'n aanvaardende bewustheid van moontlike ander identiteitskeuses wat gemaak kon geword het en die vermoë om lojaal te wees teenoor sy eie sosiale rolle (sien Meyer, 1988:170 en Erikson, 1963).

In hierdie studie beoog die navorser om die adolessent se kennis, gedrag en houding ten opsigte van seksualiteit met behulp van die ontwikkelde assesseringsinstrument te assessee. Die egosiëkundige teorie van Erikson dra by tot die assessering deur die aandag daarop te vestig dat die adolessent binne 'n spesifieke lewensfase verkeer en verduidelik watter lewenskrisis die adolessent beleef, naamlik 'n identiteitskrisis. Die adolessent se kennis, gedrag en houding ten opsigte van seksualiteit word beïnvloed deur hulle identiteit en andersom. Indien die adolessent hulp verkry ten opsigte van sy seksuele ontwikkeling kan dit 'n positiewe effek in die adolessent se soektog na sy identiteit hê.

## 2.4 SAMEVATTING

- 2.4.1 Die behoefte bestaan aan 'n teoretiese fundering vir die navorsingstudie aangesien dit die basis lê vir die navorsing. Die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson is vir hierdie doel as besonder relevant geïdentifiseer.
- 2.4.2 Die sisteemteorie is gedefinieer, empiriese aspekte en beginsels is bespreek ten einde die komplekse interaksie tussen en inherent aan die adolessent en omgewing te verstaan.
- 2.4.3 Die egosielkundige teorie van Erikson se basiese uitgangspunte naamlik, die agt ontwikkelingsstadia met hulle onderskeie ontwikkelingskrisisse en ego-kwaliteite is kortliks bespreek ten einde duidelikheid te verkry oor die plek van die adolessentefase binne die lewensloop van die mens.

Vanuit hierdie teoretiese fundering as basis vir die studie, sal vervolgens in hoofstuk 3 meer op adolessensie as ontwikkelingsfase gefokus word.

## HOOFSTUK 3

# ADOLESENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE IN DIE LEWENSLOOP VAN DIE MENS

### 3.1 INLEIDING

Dit is van kardinale belang dat oor goeie agtergrondskennis van die ontwikkeling van die adolessent beskik moet word sodat die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag binne konteks van die adolessent se totale adolessentwees beskou kan word. In hoofstuk 3 sal gepoog word om 'n profiel van die adolessent binne sy of haar spesifieke ontwikkelingsfase weer te gee soos wat dit in die literatuur beskryf word.

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die adolessent binne sy spesifieke ontwikkelingsfase soos gesien vanuit Erikson se Egosielkundige teorie wat fokus op die feit dat die adolessent in verskeie areas ontwikkel. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie ontwikkelingsareas mekaar wederkerig beïnvloed soos beredeneer vanuit die sisteemteorie. Die ontwikkelingsareas hier ter sprake is die fisiese -, psigososiale -, kognitiewe -, morele -, seksuele - en emosionele ontwikkeling. Seksuele ontwikkeling, die fokus van dié navorsingstudie, word dus, beskou vanuit die sisteemteorie, beïnvloed deur al die ander bogenoemde ontwikkelingsareas. Daarom is dit belangrik om 'n profiel bestaande uit al die ontwikkelingsareas te hê, ten einde die adolessent se seksuele ontwikkeling, soos in hoofstuk vier bespreek sal word, binne konteks te verstaan.

Vervolgens word 'n algemene agtergrond ten opsigte van die adolessent gegee, gevolg deur die bespreking van al die verskillende ontwikkelingsareas.

### 3.2 KRITIESE ASPEKTE RAKENDE ADOLESENSIE

In die soektog om adolessensie te verstaan kom 'n mens te staan teen verskeie kritiese aspekte rakende adolessensie, naamlik:

- In die eerste plek is daar die verwarring rondom die begin en die einde van adolessensie (Coleman & Warren-Adamson, 1992:8) . Ten opsigte van hierdie aspek, soos bespreek in punt 1.10.2 word gekonstateer dat vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie adolessensie omskryf word as die lewensfase wat met puberteit begin, ongeveer 12 tot 14 jaar, en eindig wanneer spesifieke

ontwikkelingstake bemeester is, ongeveer 21 tot 22 jaar.

- Die tweede probleem wat geassosieer word met adolessensie is die moontlikheid dat dié fase kunsmatig geskep is. Daar is samelewings waar individue van kind na volwassenheid sonder enige trauma of stres beweeg. Die bestaan van deurgangsrites maak dit vir seuns en dogters moontlik om te weet wanneer en hoe hulle volwasse rolle en verantwoordelikhede moet opneem. Hierdie duidelikheid laat die twyfelagtigheid wat geassosieer word met adolessente status in die niet verdwyn (Coleman & Warren-Adamson, 1992:9).

In teenstelling hiermee blyk dit egter in die Westerse samelewings dat die klem wat val op voortdurende opvoedkunde en ekonomiese afhanklikheid van jongmense van hulle ouers, bydra dat adolessensie as 'n moeilike fase ervaar word (Coleman & Warren-Adamson, 1992:9). Ten slotte meld Coleman & Warren-Adamson (1992:9) die volgende: "While adolescence is quite clearly affected by social and economic factors, and may manifest itself differently depending on the cultural and historical context, some form of transitional stage is common to most societies. The period of the transition will obviously vary both between and within societies". Hieruit blyk dit dus dat daar wel 'n fase bestaan tussen kindwees en volwassenheid.

- Dersens bestaan daar verwarring by die adolessent met betrekking tot sy of haar status. Hulle is onseker oor hulle regte en daarmee saam bestaan 'n gebrek aan sekerheid waar hulle staan ten opsigte van hulle ouers se outoriteit (Coleman & Warren-Adamson, 1992:10).
- Laastens is die stereotipering wat met adolessensie gepaard gaan onaangenaam vir die adolessent. Dit devalueer en verkleineer hierdie generasie (Coleman & Warren-Adamson, 1992:10).

Navorsers is van mening, met bogenoemde in aggeneem, dat adolessensie as lewensfase wel bestaan en vir die adolessent gepaardgaan met statusverwarring, 'n identiteitskrisis en stereotipering.

Adolessente het egter ook verskeie behoeftes. Coleman en Warren-Adamson (1992:25-27) meld onder andere dat die adolessent behoefte het aan respek, informasie en ondersteuning, duidelik geklarifiseerde en behoorlik gedefinieerde siviele status, beskerming, groeiende onafhanklikheid en vir nodige ondersteuning bestaan die behoefte dat volwassenes kennis oor die adolessent moet beskik. Navorsers is van mening dat indien hierdie behoeftes van die adolessent deur die ouers vervul word, die identiteitskrisis, soos beskou vanuit Erikson se Egosielkundige teorie, spoediger opgelos sou word. Indien die adolessent dus 'n gesonde identiteit het, sal dit nie vir die adolessente nodig wees om onder andere deur 'n seksuele verhouding die behoeftes te vervul nie.

Adolesseisie is die periode en proses van ontwikkeling van kind tot volwassenheid. Newton (1995:23) omskryf kortliks wat die ontwikkeling van die adolessent inhoud: "First, the development involves maturation of neurological organization in the brain. This is reflected in mature cognitive processes, affective processes, and behavior. Second, it includes physical maturation of the body, involving growth in size and change in profile. Third, it involves maturation of the sexual/reproductive system, physically and behaviorally. Fourth, it involves a sense of self as a adult, that is, as an autonomous, self-directed human being. Fifth, it involves the acquisition of adult status in the social group or the culture. Sixth, it involves development of behavioral self-control in interaction in the community".

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat adolesseisie 'n gekompliseerde lewensfase is wat die individu spesifiek raak. Verskeie kritiese aspekte, behoeftes en verskillende areas van ontwikkeling gee adolesseisie sy unieke en ingewikkelde aard. Vervolgens sal die verskeie areas waarin die adolessent ontwikkel meer omvattend bespreek word.

### 3.3 FISIESE ONTWIKKELING

In die aanvangsfase van adolesseisie vind puberteitsveranderinge plaas wat gekenmerk word deur uiterlike liggaamlike veranderinge en inwendige fisiologiese veranderinge. Puberteitsveranderinge wat universeel voorkom by adolessente is: vinnige liggaamlike groei; hormoonveranderinge; toenemende seksuele behoeftes; die ontwikkeling van primêre geslagskenmerke en geslagsrypheid. Die adolessent neem hierdie opvallende liggaamlike veranderinge bewustelik waar, wat dikwels gepaard gaan met gevoelens van sowel verwondering, trots en vreugde as onsekerheid, skaamte en weersin (Thom, 1991:401; Newman & Newman, 1997:632-634). Rekers (1995:36) sluit hierby aan deur

die volgende te meld: “For young adolescents, their bodies are a source of interest, wonder, and bewilderment. The fact that body development surges ahead of feelings, experiences, and maturity is a major factor in the dilemma of adolescence”. Dié dilemma het implikasies op die adolessent se seksuele ontwikkeling. Adolessente raak betrokke in seksuele verhoudings waar hulle fisies daarvoor gereed is, maar nog nie op emosioneel vlak nie.

Hierdie fisiese veranderinge begin in die algemeen vir meisies rondom die ouderdom van 11 jaar en vir seuns ongeveer 13 jaar (Newman & Newman, 1997:634). Thom (1991:401) het die volgorde van die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke aangepas uit Lambert, Rothschild, Altland & Green (1978), en dit as volg uiteengesit in Tabel 3.1:

**Tabel 3.1: Die ontwikkeling van primêre en sekondêre geslagskenmerke by die adolessent (Thom, 1991:401)**

Vroulik	Manlik
Vergroting van borste	Vergroting van testes, skrotum en seminale blasis
Verskyning van reguit gepigmenteerde okselhare	Verskyning van reguit gepigmenteerde pubeshare
Vinnige liggaams groei	Groei van penis
Verskyning van gekrulde pubeshare	Stem breek
Vergroting en ontwikkeling van die vagina, klitoris en uterus	Groei van baard
Menstruasie (aanvanklik onreëlmatig; ovulasie onstabiel)	Groei van gekrulde pubes- en okselhare
Gelokaliseerde vetneerslae	Eerste ejakulasie (saadtelling laag; onvrugbaar)
Toenemende aktiwiteit van die sebaceousklier (smeerklier)	Spermatogenese (saadsvorming)
Toenemende rypheid van voortplantingsorgane	Seminale emissies (saadstorting)
Stabiele ovulasie	

Die adolessent is bewus van hierdie liggaamlike veranderinge en oor die algemeen vind die adolessent dit moeilik om by hierdie fisiese ontwikkeling aan te pas. Gesien vanuit die sisteemteorie het die fisiese ontwikkeling van die adolessent ‘n impak op ander ontwikkelingsareas soos onder andere die adolessent se psigologiese ontwikkeling.

### 3.3.1 Psigiese effek van die adolessent se liggaamlike veranderinge

Om 'n begrip van sy identiteit te vorm, moet die adolessent hierdie fisiese veranderinge integreer tot 'n eenheid. Hiermee saam moet 'n gevoel van kontinuïteit behou word, wat behels dat die adolessent die gevoel het dat hy nog steeds dieselfde persoon is. Thom (1991:404) sluit hierby aan deur te meld dat adolessensie 'n kritieke periode is vir die ontwikkeling van die selfkonsep as gevolg van die ingrypende liggaamlike veranderinge.

Rekers (1995:18) verwys na enkele maatskaplike probleme wat kan ontstaan as gevolg van probleme om by die fisiese veranderinge aan te pas: "...adolescents often have problems adjusting to physical development whether a sexual disorder has been identified or not. During puberty an array of problems may arise in assessment and treatment such as behavioral problems, social difficulties, and poor self-concept..... However, adjustment to sexual development is not easy even when that development is normal. Problems surface in the areas of behavior, self-concept, social relationships, and family relationships for children and adolescents without sexual disorders". Hieruit blyk dit dat selfs waar die seksuele ontwikkeling normaal plaasvind, probleme in die adolessent se gedrag, selfkonsep, en verhoudings navore kan kom.

Newman & Newman (1997:634-635) wys in aansluiting hierby daarop dat hierdie fisiese veranderinge 'n invloed op die adolessent se sosiale en psigologiese ontwikkeling het. Eerstens verander dit die persoon se vermoë om take uit te voer. Tweedens verander dit die manier waarop ander die adolessente waarneem. Derdens beïnvloed dit die manier waarop adolessente hulleself waarneem. Laastens moet in gedagte gehou word dat die mate waarin die fisiese veranderinge ooreenkom met die kulturele waardes, die mate waarin die adolessent deur die portuurgroep asook deur volwassenes aanvaar gaan word, bepaal. Dit het dus weer 'n invloed op die adolessent se psigososiale ontwikkeling.

Newman & Newman (1997:641) meld die volgende ten opsigte van die psigologiese impak van die adolessent se fisiese veranderinge:

- Fisiese ontwikkeling stel die adolessent in staat om homself te sien as iemand wat die wêreld van die volwassene betree.
- Fisiese ontwikkeling beïnvloed die adolessent se identifikasie met sy rol as man of haar rol as vrou.
- Die adolessent raak meer egosentries en selfbehep.

- Die fisiese veranderinge produseer ambivalensie. Indien die gesin en portuurgroep nie ondersteuning lewer nie, kan dit negatiewe gevoelens en konflikte tot gevolg hê.

Die aanvaarding van hierdie fisiese veranderinge kan vir die adolessent vergemaklik word indien die adolessent die nodige informasie en ondersteuning van die gesin en portuurgroep ontvang, asook 'n positiewe identifikasie met sy eie geslagsrol maak (Newman & Newman, 1997:642).

Uit bogenoemde blyk dit dat die fisiese ontwikkeling van die adolessent 'n kardinale invloed op die adolessent se psigososiale - en seksuele ontwikkeling het. Vervolgens word dus gefokus op die adolessent se psigososiale ontwikkeling.

### **3.4 PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING**

Psigososiale ontwikkeling handel oor die ontwikkeling van identiteit, sosiale vaardighede en verhoudings en die emosies wat met hierdie aspekte gepaard gaan (Seifert & Hoffnung, 1991). Eerstens sal die konsep identiteitsvorming bespreek word, gevolg deur die sosiale ontwikkeling.

#### **3.4.1 Identiteitsvorming**

Die ontwikkeling van 'n identiteit is 'n proses wat vanaf geboorte plaasvind. Volgens Thom (1991:459) verwys identiteit na: “.....die individu se bewustheid van homself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing”. Twee neurologiese veranderinge is krities vir identiteitsontwikkeling. Eerstens 'n hoër vlak van self-bewustheid, waarin die adolessent homself sien vanuit ander se oogpunt. Dit verplig die adolessent om 'n persepsie van homself te vorm. Tweedens weens die verhoogde neurologiese abstraksie en kompleksiteit besit die adolessent die vermoë om homself in meer teoretiese en abstrakte terme te beskryf (Newton, 1995:73). Hierdie vermoëns wat die adolessent besit stel hom instaat om sy identiteit te formuleer. Die doel van identiteitsontwikkeling volgens Newton (1995:77) is die feit dat die adolessent hom van sy gesin losmaak met die doel om sy eie identiteit te ontwikkel. Die adolessent wil homself sien as uniek en nie net as 'n refleksie van 'n gesin nie.

Volgens Thom (1991:459) sluit identiteitsvorming die volgende in:

- die vorming van 'n kontinue, geïntegreerde geheelbeeld van die self

- die vorming van 'n sosiokulturele identiteit
- verdere vorming en ontwikkeling van die geslagsrolidentiteit
- die vorming van 'n beroepsidentiteit

In aansluiting met bogenoemde meld Harter soos aangehaal deur Newton (1995:74) die volgende vier areas waarin identiteitsvorming plaasvind:

- Beroepskeuse en rolle
- Spirituele en morele geloofsisteem
- 'n Verskeidenheid van sosiale rolle met verhouding tot portuurgroep, gesin en ander areas van die samelewing.
- Geslagsrolle, insluitend intimiteit en die huwelik

Behalwe vir die verskillende fasette van identiteitsvorming kan die adolessent ook geklassifiseer word onder 'n spesifieke identiteitstatus wat bepaal word deur die tipe identiteitskrisis waaronder die adolessent gebuk gaan en die diensooreenkomstige wyse waarop dit opgelos word asook die mate van en soort verbondenheid aan hierdie keuse.

Die volgende identiteitstatusse kan volgens Thom (1991:463) onderskei word:

- *Status 1: Identiteitsbereiking.* Die individu is deur die krisisperiode en het 'n sterk verbondenheid aan 'n beroep en waardestelsel
- *Status 2: Identiteitsmoratorium.* Die persoon is nog in 'n krisistoestand en is aktief besig om verskillende alternatiewe te ondersoek.
- *Status 3: Vooruitbesliste identiteit.* Geen krisis is ervaar nie, alhoewel die persoon homself verbind het aan sekere doelwitte en waardes, moontlik as gevolg van die invloed van die ouers.
- *Status 4: Identiteitsverwarring.* 'n Krisis word ervaar of nie ervaar nie, maar die individu is aan niks verbonde nie en probeer ook geen verbondenheid ontwikkel nie.

Identiteitsvorming vind nie geïsoleerd plaas nie, maar weens die verskillende sisteme wat op die individu inwerk is daar sekere faktore wat die identiteitsvorming kan beïnvloed, naamlik; kognitiewe ontwikkeling, seksualiteit, geslagsverskille, die invloed van die ouers, samelewing en kultuur (Thom, 1991:464-467). Esterhuizen (1991:79) sluit hierby aan deur te meld dat die gesin aanvanklik die belangrikste invloed op die vorming van die self is en

later wanneer die individu met meer sisteme in aanraking kom, soos die skool, kerk, portuurgroep en massamedia, sodanige sisteme 'n verdere invloed uitoefen..

Terwyl die meerderheid adolessente relatief maklik deur dié ontwikkelingsprosesse gaan ondervind sommige probleme met identiteitsontwikkeling en dit kan selfs patologies word. Sommige adolessente in rigiede gesinsisteme slaag nie daarin om hulleself los te maak van die gesin nie. Dit resulteer in 'n pseudo-self, wat 'n volwasse-self reflekteer wat deur die gesin voorgeskryf is. Hierdie gebrek aan eie keuse en individualiteit hou toekomstige probleme in. So, onder andere, kan dit dan gebeur dat dogters probeer om 'n eie identiteit te vorm deur verhouding afhanklikheid. Hulle beskou 'n verhouding met 'n man as volwasse identiteit en status, en kan selfs so ver gaan deur swanger te raak ten einde outonomieit en volwasse status te verkry (Newton, 1995:83-84).

Identiteitsontwikkeling en sosiale ontwikkeling is interafhanklik van mekaar. Vervolgens word dus sosiale ontwikkeling as deel van die psigososiale ontwikkeling van die adolessent bespreek.

### **3.4.2 Sosiale ontwikkeling**

Sosiale ontwikkeling omsluit die groei proses van die adolessent, dié weg beweeg van kinderlike afhanklikheid aan ouers na selfgeldende en outonomieit in verskeie areas van die lewe. Outonomieit omsluit ekonomiese selfstandigheid sowel as genoegsame kennis en vaardighede om as 'n volwassene in die samelewing te kan oorleef. Dit omsluit die vermoë om in die algemeen met ander in verhouding te tree, maar ook in 'n intieme seksuele verhouding met een ander persoon. Dit omsluit ook die vermoë om binne groepsverband, hetsy interpersoonlik, gesinsverband of in die samelewing, suksesvol te funksioneer (Newton, 1995:23). Esterhuizen (1991:78) meld in verband met die sosiale ontwikkeling van die adolessent dat dit te doen het met die individu se verhouding met ander mense en die invloed wat die samelewing en die ander mense op die individu het. Navorser is van mening dat die mens 'n verhoudingswese is. Die adolessent, staan in verhouding tot homself en ander.

So staan die adolessent onder andere in verhouding met die portuurgroep. Die portuurgroep is 'n groep met sy eie waardes en norme. Dié groep stel ook 'n kriteria daar waarvolgens die adolessent sy status in die groep kan bepaal. Dit dien as 'n

verwysingsgroep wat aan die adolessent die geleentheid bied om sy gedrag, probleme, behoeftes en doelwitte te evalueer (Thom, 1991:437).

Die adolessent word die ontwikkelingstaak van onafhanklikwording opgelê. In onafhanklikwording word daar gestrewe na gedragsoutonomie, emosionele outonomie en morele of waarde-outonomie. (Thom, 1991:447). Die bevoegdheid van die adolessent (sosiale rypheid) om die ontwikkelingstake, soos die ontwikkeling van onafhanklikheid, wat met sosiale ontwikkeling verband hou te hanteer, sal in 'n groot mate deur sy liggaamlike - en kognitiewe rypheid bepaal word asook deur die volgende sosiale faktore (Thom, 1991:432):

- Die kompleksiteit of vlak van modernisering van die samelewing waarin die adolessent opgroei.
- Die kenmerke van sy subkultuur (etnies en sosio-ekonomiese) en die houdings en gedrag van die samelewing teenoor hierdie subkultuur.
- Die gesinstruktuur en die invloed van die ouers.

In aansluiting by bogenoemde is dit belangrik om die impak van sosiale veranderinge op die sosiale ontwikkeling van die adolessent in ag te neem, soos 'n verandering in die gesinstruktuur, afname in die gesag van die volwasse groep, die nuwe individualisme, en die generasiegaping (Thom, 1991:434-437).

Soos reeds vermeld word die adolessent se psigososiale ontwikkeling onder andere beïnvloed deur die adolessent se kognitiewe ontwikkeling. Die kognitiewe ontwikkeling soos wat dit tydens adolessensie plaasvind, word vervolgens bespreek.

### **3.5 KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Kognitiewe ontwikkeling is belangrik vir die ontwikkeling van verskeie ander ontwikkelingsareas soos die psigososiale -, morele - en emosionele areas van ontwikkeling. Vervolgens sal daar gefokus word op wat plaasvind tydens kognitiewe ontwikkeling, die aard van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling en watter areas van ontwikkeling beïnvloed word.

Newton (1995:43-44) meld dat die volgende neurologiese ontwikkeling tydens adolessensie geskied: “.....a series of cells die, synaptic connections are broken, new

synaptic connections are made, myelination is completed in the prefrontal lobe, and brain waves assume mature morphology”. Hierdie ontwikkeling omsluit die weg beweeg van eenvoudige, algemene neurologiese netwerke na meer komplekse en spesifieke neurale netwerke. Resultaat van die fisiese veranderinge omsluit die volgende (Newton, 1995:44):

- ‘n Hoër vlak in die ontwikkeling van assosiasie. Dit omsluit die gebruik van taal as interne gereedskap om realiteit se konstateer en om aan konkrete verskynsels sowel as idees en konsepte.
- Ontwikkelde uitvoerende funksievaardighede.
- Ontwikkeling van kognitiewe beheer van gedrag teenoor die emosionele beheer van gedrag.
- ‘n Hoër vlak van selfbewustheid.

Uit bogenoemde blyk dit dat kognitiewe ontwikkeling in verskeie areas plaasvind. Die ontwikkeling van uitvoerende funksies, wat deel uitmaak van kognitiewe ontwikkeling, omsluit volgens Newton (1995:39) die volgende: aandag, verbale vlotheid, formulering van doelwitte, selfgesprekvoering, regulering en ordening van gedrag en komplekse beplanning.

Deel van kognitiewe ontwikkeling is die ontwikkeling van die adolessent se taalgebruik. Volgens Newton (1995:38) omsluit dit die vermoë om interne taal te gebruik, dit wil sê, om ‘n simboliese voorstelling van die realiteit in die brein te konstateer. Dié funksie is belangrik vir die vermoë om idees te formuleer, dit te toets en om sisteme van idees te vorm sowel as om gedrag te beheer deur kognitiewe prosesse ten einde emosionele reaksies teë te werk. Die adolessent se emosies dra steeds by tot die denkprosesse, maar beheer nie meer die meeste gedrag nie. Eerder om impulsief te reageer in ‘n situasie, sal die adolessent eers daaroor nadink en na deeglike analisering en die oorweging van potensiële gevolge, sal die adolessent reageer (Newton, 1995:39).

Tydens die kognitiewe ontwikkeling vind daar ook ‘n verhoging in die adolessent se selfbewustheid plaas. Onder die verhoging in die adolessent se selfbewustheid volgens Newton (1995:42) word verstaan dat die adolessent bekommerd is oor sy voorkoms, insluitend puberteitsveranderinge en die lompe ontwikkeling van voete, knieë, hande en neus. Die adolessent ontwikkel ook die vermoë om na homself te kyk vanuit die oogpunt van ander.

### 3.5.1 Aard van kognitiewe ontwikkeling

Met betrekking tot die aard van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling kan gemeld word dat die adolessent se kognitiewe vermoë kwalitatief en kwantitatief ontwikkel. Kwantitatief verwys na die vermoë van die adolessent om intellektuele take makliker, vinniger en effektiwer te kan bemeester, en kwalitatief verwys na die verandering ten opsigte van die aard van die denkprosesse en die kognitiewe struktuur (Thom, 1991:417-418). Thom (1991:418) meld verder die volgende: “Adolessensie word dikwels gesien as die “tyd van die dromer” en die tyd waarin teorieë gebou word - ‘n stadium waarin daar gedink word oor die werklike en abstrakte en waarin ‘n wêreld van moontlikhede voor die individu oopgaan. Hy bereik dus volgens Piaget se teorie die vlak van formele operasie”. So sal die adolessent dink oor stellings wat nie aan konkrete voorwerpe gekoppel kan word nie, soos die bestaan van God en eietydse strydvrage soos die wettigheid van aborsie. Esterhuizen (1991:68) sluit hierby aan deur te vermeld dat tydens adolessensie word die kognitiewe ontwikkeling gekenmerk deur formeel-operasionele denke. Meer spesifiek word formeel-operasionele denke gekenmerk deur abstrakte denke, die werklike teenoor die moontlike, proporsionele denke, wetenskaplike denke, hipoteties-deduktiewe denke, begrip van proporsionaliteit en kombinatoriese denke.

Verskeie faktore dra by tot die bevordering van formele operasionele denke. Eerstens begin die adolessent funksioneer in ‘n verskeidenheid van rolverhoudings wat beide aanpasbare en konflikterende eise op die adolessent stel. Tweedens fasiliteer ‘n meer heterogene portuurgroep die ontwikkeling van die adolessent se kognitiewe vermoëns beter en laastens die skool kurrikulum (Newman & Newman, 1997:648-650).

### 3.5.2 Die invloed van kognitiewe ontwikkeling

Die adolessent se kognitiewe vermoë het ‘n invloed op sy totale ontwikkeling. Eerstens op die adolessent se vermoë om die opvoedkundige eise wat aan hom gestel word na te kom. Thom (1991:422) konstateer in die verband: “Die ontwikkeling van die adolessent se kognitiewe vermoëns (kwalitatief en kwantitatief) stel hom in staat om aan die toenemende komplekse opvoedkundige eise te voldoen”.

Benewens die belangrikheid van formele denke vir akademiese prestasie is dit ook belangrik vir die volgende kenmerke van die adolessent se ontwikkeling (Thom, 1991:422-426):

- Die ouer-kindverhouding

- Ontwikkeling van 'n implisiete persoonsperspektief
- Beoordeling van sosiale, politieke en religieuse stelsels
- Adollesente idealisme
- Toenemende introspeksie
- Egosentrisme
- Kreatiwiteit
- Ironie
- Asketisme en intellektualisme

Die afleiding wat gemaak kan word is dat kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie 'n kritieke rol speel vir die totale ontwikkeling van die individu. Net so sal kognitiewe ontwikkeling 'n kritieke rol speel in die ontwikkeling van die adolessent se seksuele ontwikkeling. Esterhuizen (1991:69) meld in die verband dat die adolessent in staat is om abstrak te dink, met ander woorde, dat hy oorsaak en gevolg met mekaar in verband kan bring en sodoende in staat gestel word om verantwoording vir sy dade te doen. So ook, het die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent 'n direkte invloed op die adolessent se morele ontwikkeling. Vervolgens dan meer oor die morele ontwikkeling van die adolessent.

### **3.6 MORELE ONTWIKKELING**

Morele ontwikkeling kan nie ten volle ontplooi word indien abstrakte formele denke (kognitiewe ontwikkeling) nie bereik is nie (Cummings, 1995:288). Daar is dus 'n interafhanklikheid tussen die ontwikkelingsareas gesien vanuit die sisteemteorie. Verder meld Erikson soos aangehaal deur Thom (1991:428) dat dit noodsaaklik is dat die adolessent sekere morele en religieuse waardes sy eie maak ten einde sy identiteitsontwikkeling te bevorder. Vervolgens sal daar gefokus word op morele ontwikkeling, wat dit vir die adolessent inhou, watter faktore morele ontwikkeling beïnvloed en wat die aard van adolessente se moraal is.

Thom (1991:427) meld dat die onus in die moderne samelewing op die individu rus om sy eie waardes te bepaal. As gevolg van veranderde sosiale eise moet die adolessent voortdurend sy morele waardes in heroorweging neem. So sal die vraagstuk rondom voorhuwelike geslagsgemeenskap dus vir die adolessent baie aktueel wees (Esterhuizen, 1991:72).

In sommige gevalle kan morele onrypheid by die adolessent bly voortbestaan. Sodanige morele onrypheid is die resultaat van die volgende beperkings (Hoffman, soos aangehaal deur Thom, 1991:427; Newton, 1995:90):

- egosentrisme
- die verwarring van subjektiewe en objektiewe ervarings
- heteronome respek vir volwassenes (gevoelens van minderwaardigheid, afhanklikheid, affeksie, bewondering en vrees teenoor die volwassene laat die adolessent voel dat hy die volwassene se bevels en waardes onvoorwaardelik moet aanvaar).
- onttrekking en isolasie, affilieer met antisosiale en kriminele portuurgroepe
- gebruik van alkohol en dwelms skep neurologiese verswakking wat lei tot die benadeling van denkprosesse wat die adolessent se houding ten opsigte van gesag, reëls, die wet en ander mense, negatief beïnvloed.

Ten einde morele rypheid te kan bereik volgens Thom (1991:427-428), moet hierdie beperkings tydens adolessensie te bowe gekom en vervang word deur 'n begrip van die self en ander persone as unieke individue met onafhanklike sienings. Hierdie verskuiwings na outonomie vind in interaksie met die portuurgroep op die volgende wyses plaas:

- Namate die adolessent ouer word, word hy toenemend gelyk gestel aan volwassenes en ontwikkel hy dus selfvertroue om in samewerking met sy portuurgroep oor die toepassing en verandering van reëls te besluit. Hy sien reëls dus as die produk van samewerking en besef dat reëls gestel word om sekere doelwitte te bereik of behoeftes te bevredig.
- Tydens interaksie met die portuurgroep word die adolessent bewus van die uitruilbaarheid van rolle en van samewerking tussen individue.
- Met die toenemende interaksie met die portuurgroep word die adolessent daarvan bewus dat individue verskillend optree omdat verskillende waardes gehandhaaf word. Ander persone se waardes word dus nou in ag geneem.

Verskeie faktore beïnvloed die morele ontwikkeling van die adolessent en word vervolgens gemeld.

### 3.6.1 Faktore wat morele ontwikkeling beïnvloed

Faktore wat die aard van die adolessent se morele ontwikkeling beïnvloed kan as volg uiteengesit word (Louw, 1991:431):

- *Ouerlike houdings en optredes:* Of morele waardes tydens adolessensie geïnternaliseer word, hang van die kind se verhouding met sy ouers af.
- *Die portuurgroep:* Die portuurgroep is 'n belangrikste determinant vir ontwikkeling van 'n waardestelsel. Alhoewel die waardes van die portuurgroep in konflik met dié van die ouers kan wees, is dit nie noodwendig die geval nie. Ouers kan juis adolessente aanmoedig om maats te wees met portuurgroep met dieselfde waarde-oriëntasie as wat in die ouerhuis bestaan.
- *Godsdienstige:* Godsdienstige jeugdige in teenstelling met nie-godsdienstige jeugdige toon byvoorbeeld groter morele verantwoordelikheid; hulle sien hul toekoms en dié van die mensdom as voorspelbaar en seker; hulle is minder angstig en ervaar meer sekuriteit; hulle identifiseer in 'n groter mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag; en voorhuwelike geslagsgemeenskap, alkohol en dwelmmisbruik kom minder by hulle voor (Hauser, 1981).
- *Geslagsrol:* Adolessente kan hulle gedrag afhanklik van rolle beskou, met ander woorde dit word deur stereotipe verwagtings bepaal, of die individu kan sy gedrag kies volgens sy eie voorkeure en nie volgens sosiale voorskrifte of geslagsrolstereotipe nie.

Bogenoemde faktore wat die adolessent se morele ontwikkeling beïnvloed het ook 'n effek op die adolessente waardes wat 'n verdere belangrike komponent van morele ontwikkeling uitmaak.

### 3.6.2 Adolessente waardes

Die algemene waardestelsel van adolessente het oor die afgelope dekades verskeie veranderinge ondergaan soos Thom (1991:432) tereg meld: “Die waardes van jeugdige in die 1950's is in 'n groter mate gekenmerk deur konformering en navolging van stereotipe sosiale rolle as in die volgende dekade. Daar is geglo in die wysheid van regerings en ander sosiale instellings. Tydens die 1960's het die waardes van jeugdige egter grootliks verander. Politieke en sosiale aktivisme het toenemend veld gewen. Verder is vryer seksuele waardes deur baie aanvaar en liefde en vriendskap asook selfverwesening en selfvervulling het belangrike waardes geword.”

Tans neem politieke en sosiale aktivisme af, maar dit beteken nie dat hedendaagse jeugdiges, instellings en waardes onvoorwaardelik aanvaar nie - hulle benadering tot die lewe is net meer pragmaties. Vir die adolessent in die meeste moderne Westerse lande is die volgende waardes belangrik: respek vir die individu ongeag ras, geloof of geslag; 'n bewustheid van sosiale verantwoordelikheid en eerlikheid in interpersoonlike verhoudings. Wedywering en materialisme word oor die algemeen deur die adolessent geringer geag as geestelike waardes. Tog is adolessente minder kerkgebonde, maar nie noodwendig minder gelowig nie (Thom, 1991:432).

Die morele ontwikkeling van die adolessent beïnvloed die adolessent se seksuele ontwikkeling. Die adolessent se waardesisteem beïnvloed die adolessent se seksuele gedrag. Meer lig sal hierop gewerp word in hoofstuk 4. Vervolgens 'n bespreking oor die emosionele ontwikkeling van die adolessent.

### **3.7 EMOSIONELE ONTWIKKELING**

Adolessente se emosionele toestand word dikwels beskryf as wispelturig, buierig en emosionele uitbarstings moet nie buite rekening gelaat word nie (Newman & Newman, 1997:652). Stemmet (1982:24,28 & 34) sluit hierby aan deur te meld dat die emosies van die adolessent gekenmerk word deur onstabiliteit, toename in sensitiwiteit en onrypheid ten opsigte van seksuele belangstelling in verhoudings. Die hipotalamus is verantwoordelik vir hierdie emosionele gedrag (Louw, 1992:50-53). Bogenoemde verwys na die aard en oorsprong van die adolessent se emosionele ontwikkeling. Vervolgens sal daar gefokus word op die aard en problematiek van emosionele ontwikkeling en emosionele behoeftes van die adolessent.

#### **3.7.1 Aard en problematiek van emosionele ontwikkeling**

Tydens adolessensie raak die adolessent bewus van 'n groter gedifferensieerde reeks van emosies. 'n Groot taak vir die adolessent is om sy eie emosies te aanvaar en om dit nie te interpreteer as 'n teken van malheid of dat die adolessent snaaks is nie. Van adolessente se probleme, soos onder andere eetversteurings, jeugmisdaad en depressie, kan in verband gebring word met die uitdrukking en beheer van emosies (Newman & Newman, 1997:653). Een eetversteuring wat onder andere onder adolessente voorkom is *anorexia nervosa*. Die fokus hier is om gewig te verloor. Hulle gedrag word gekenmerk deur 'n obsessiewe determinering om meeste kos te verwerp. Hulle het ook 'n wanpersepsie van hulle

liggaamsbeeld, sien hulleself heelwat meer oorgewig as wat hulle werklik is. Die rede vir die versteuring kan wees as gevolg van angs en 'n obsessie om eie emosies te beheer. Die uiteinde van hierdie kondisie is 'n potensiële lewensgevaarlike verlies van gewig. Nog 'n meer algemene eetversteuring onder adolessente is *bulimia*. Dit behels sessies van ooreet gevolg deur strategieë om die inname van die voedsel te verhoed, soos selfgeïnisiëerde vomeering of die gebruik van lakseermiddels (Newman & Newman, 1997:653-654).

In kontras met adolessente wat hulle emosies sterk onder beheer wil hou, is daar die adolessente wat impulsief en hoogs reaktief uiting gee aan enige emosies opgewek deur omgewingstimulus. 'n Resultaat van hierdie impulsiewe gedrag is jeugmisdad. Die onvermoë om intellekuele kontrole te hê oor hulle impulse is 'n verbygaande ervaring vir meeste adolessente, aangesien die vrees en skuldgevoelens wat die misdadige gedrag volg, gewoonlik genoegsame straf is om toekomstige oortredings af te weer (Newman & Newman, 1997:654-655).

Depressie is 'n kommerwekkende aangeleentheid tydens adolessensie. Dit word geassosieer met aspekte soos selfmoord, alkohol- en dwelmmisbruik, en as gevolg van 'n afname in konsentrasie kan akademiese prestasie ook afneem. Laastens kan depressie in die adolessente fase die voorloper vir ernstige depressie tydens volwassenheid wees (Newman & Newman, 1997:656).

### **3.7.2 Emosionele behoeftes**

Die belangrikheid van emosionele behoeftes en hulle verband tot seksuele gedrag by die adolessent kan nie oorsien word nie. Adolessente kan op soek wees na affeksie, probeer om selfgating te verhoog, verligting van eensaamheid, bevestig seksuele identiteit, vlug van verveeldheid of gee uiting aan woede deur seksuele aktiwiteite (Hajak & Garwood soos aangehaal deur Rekers, 1995:19).

## **3.8 SAMEVATTING**

3.8.1 Die aard van adolessensie is nie maklik omskryfbaar nie, tog het adolessente verskeie behoeftes naamlik, respek, informasie, ondersteuning, status, beskerming, groeiende onafhanklikheid en volwassenes moet oor kennis beskik ten opsigte van adolessente.

- 3.8.2 Die adolessent gaan deur 'n ingrypende fisiese ontwikkeling van vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes, die ontwikkeling van primêre geslagskenmerke tot geslagsrypheid. Al hierdie veranderinge het ook emosionele implikasies.
- 3.8.3 Psigososiale ontwikkeling handel oor identiteitsontwikkeling, sosiale ontwikkeling en die emosies wat daarmee gepaard gaan.
- 3.8.4 Die belangrikheid van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling vir die suksesvolle ontwikkeling van die hele individu kan nie genoeg beklemtoon word nie.
- 3.8.5 Morele ontwikkeling omsluit die adolessent se verantwoordelikheid om sy eie waardesisteem te bepaal.
- 3.8.6 Die adolessent se emosionele toestand word dikwels as wispelturig beskryf. Die adolessent word bewus van 'n groter differensieerde reeks van emosies en word die taak opgelê om al die emosies te interpreteer en te aanvaar. Verskeie probleme wat adolessente ervaar soos, eetversteurings, jeugmisdaad en depressie kan met sy emosionele ontwikkeling geassosieer word.

In hoofstuk 4 gaan navorser fokus op die adolessent se seksuele ontwikkeling soos beskou vanuit die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson ten einde instaat te wees om 'n assesseringsinstrument op te stel.

## HOOFTUK 4

# DIE SEKSUELE KENNIS, - GEDRAG, EN - HOUDING VAN DIE ADOLESSENT

### 4.1 INLEIDING

Van al die ontwikkelingsveranderinge wat die adolessent ervaar is die mees kritiese, nie net vir die adolessent nie, maar ook vir die samelewing, die transformasie van 'n nie-reproduktiewe - na 'n reproduktiewe staat. Adolessensie bring 'n opwelling in geslagtelike hormone, vergroting van die liggaam, volgroeiing van die voortplantingsstelsel en verhoging van seksuele gevoelens mee (Newton, 1995:93). In verhouding tot die portuurgroep verhoog die adolessent se belangstelling in seksuele verhoudings weens sosiale verwagtings sowel as seksuele volwassewording en verbandhoudende begeertes vir romanse en fisiese intimiteit (Newman & Newman, 1997:661). Vervolgens sal in hierdie hoofstuk gefokus word op die adolessent se seksuele kennis, - gedrag en - houding.

Seksuele kennis omsluit die oorsprong en aard van seksuele kennis vir die adolessent, die vernaamste kenniskomponente waarvoor die adolessent moet beskik en die implikasie van korrekte, inkorrekte sowel as gebrekkige seksuele kennis. Die vernaamste kenniskomponente wat in hierdie studie aangespreek word is die manlike - en vroulike voortplantingsstelsel, menstruasie, konsepsie, swangerskap, geboorte, seksueel oordraagbare siektes en aborsie (Fenwick & Walker, 1994:9-86 en Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:A-1 - N-8).

Onder seksuele gedrag word ondersoek ingestel na die invloed van die adolessent se identiteitsontwikkeling op sy seksuele gedrag, die aard van die adolessent se seksuele gedrag en maatskaplike problematiek weens afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag.

Onder seksuele houding word ondersoek ingestel na die ontstaan en aard van die adolessent se seksuele houding, faktore wat die seksuele houding kan beïnvloed en laastens die implikasie verbonde aan 'n negatiewe of 'n positiewe houding teenoor die seksuele. Eerstens word daar ondersoek ingestel na faktore wat die adolessent se seksuele kennis, - gedrag en - houding kan beïnvloed.

## 4.2 INTERAKTIEWE INVLOEDE OP DIE ADOLESENT SE SEKSUELE KENNIS, - HOUDING EN - GEDRAG

Seksuele ontwikkeling tydens adolessensie omsluit 'n wye spektrum. Die ontwikkelingsarea's soos bespreek in hoofstuk 3, beskou vanuit die sisteemteorie, beïnvloed die adolessent se seksuele kennis, - gedrag en - houding of te wel seksuele ontwikkeling.

In hoofstuk 3.2 is gefokus op die fisiese veranderinge tydens puberteit wat die biologiese basis van seksualiteit vestig. In hoofstuk 3.3 is verwys na die psigososiale ontwikkeling van die adolessent. Hier is onder andere die adolessent se ontwikkeling van sy eie identiteit, verhoudingsontwikkeling en onafhanklikheidswording van belang vir die adolessent se seksuele ontwikkeling. Die invloed van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling is van kardinale belang soos omskryf in hoofstuk 3.4 en hoofstuk 4.2.1. In hoofstuk 3.5 is gefokus op morele ontwikkeling. Volgens navorser vorm die adolessent se waardesisteem die basis vir die adolessent se seksuele gedrag. In hoofstuk 3.6 is die emosionele ontwikkeling van die adolessent bespreek, waaruit dit blyk dat 'n adolessent emosioneel volwasse moet wees om suksesvol seksueel te ontwikkel. Cummings (1995:183-186) sluit hierby aan deur te meld dat die volgende faktore die aard en manifestasie van adolessente se seksualiteit beïnvloed:

### 4.2.1 Kognitiewe faktore

Cummings (1995:183) verwys na kognitiewe invloede: "For example, effective contraceptive use depends on the ability to think abstractly, to anticipate future events mentally, and to imagine the logical consequences of one's behavior". Adolessente wat nie hierdie kognitiewe vermoë het nie sal nie die verhouding tussen seksuele omgang, ovulasie en swangerskap verstaan nie. Hierdie adolessente sal gevolglik ook nie die gebruik van kontrasepsie in die voorkoming van ongewenste swangerskap begryp nie. Cummings (1995:184) verwys verder dat as gevolg van die adolessent se kognitiewe onvolwassenheid moet die adolessente direk vertel word van seksualiteit en die emosionele verantwoordelikheid wat daarmee saam gaan. Dit blyk dat adolessente abstrak moet kan dink en dat hulle die gevolge van hulle optrede moet kan antisipeer. Indien hulle nie hiertoe instaat is nie, lê die verantwoordelikheid by die volwassenes om hulle daartoe instaat te stel deur die korrekte informasie oor seksuele aangeleenthede en die emosionele implikasie daarvan, oor te dra.

#### 4.2.2 Psigologiese en emosionele faktore

Cummings (1995:184) vermeld dat psigologiese en emosionele invloede bydra tot die manifestasie van seksuele aktiwiteite by adolessente. As gevolg van emosionele en interpersoonlike behoeftes soos affeksie, lae selfbeeld, eensaamheid, verveeldheid, woede en die bevestiging van manlikheid of vroulikheid, kan die adolessent seks gebruik om hierdie nie-seksuele behoeftes te vul. Dit is emosioneel en psigologies ongesond. Hierdie tipe gedrag volgens navorser is eerder 'n bewys van die adolessent se behoefte aan afhanklikheid as van rebelse onafhanklikheid.

#### 4.2.3 Gesinsfaktore

Derdens meld Cummings (1995:184-185) dat die gesin 'n groot invloed op die ontwikkeling van die adolessent se seksualiteit het deur die manier waarop gekommunikeer en gedissiplineer word, asook die gesinstruktuur. Indien ouers openlik oor seksuele aangeleenthede kommunikeer en vrae eerlik antwoord en deur die voorsiening van 'n omgewing waarin die adolessent gemaklik voel om vrae te vra en seksuele aangeleenthede te bespreek, dra dit by tot die positiewe ontwikkeling van die adolessent se seksualiteit. In aansluiting hierby kan ouers wie se verhouding warm en intiem is die gesindheid van die adolessent teenoor seks positief beïnvloed. Hierteenoor kan 'n adolessent negatief beïnvloed word indien ouers 'n negatiewe gesindheid het teenoor mekaar en seks sien as 'n verpligting of as 'n manier om die ander te beheer.

Adolessente kan ook as rebelse respons teenoor ouers se metodes van dissipline by seksuele aktiwiteite betrokke raak. Indien die ouers baie streng en buitensporige reëls met betrekking tot uitgaan stel, is die adolessente meer geneig tot permissiewe seksuele gedrag. Ouers wat weer geen reëls en dissipline handhaaf nie se adolessente is diegene wat seksueel die meeste aktief is. Ouers moet dus versigtig toesig hou oor met wie hulle adolessent(e) uitgaan en waarna hulle gaan, asook 'n redelike tyd stel wanneer hulle by die huis moet terug wees (Cummings, 1995:185).

Die gesinstruktuur beïnvloed ook adolessente se seksuele gedrag. In 'n gesin waar beide ouers teenwoordig is, is die kans minder dat die adolessent in seksuele gedrag betrokke sal raak aangesien beide ouers beskikbaar is vir leiding en die kans is beter dat tradisionele waardes oorgedra sal word. In enkelouergesinne mag dit gebeur dat seksuele gedrag buite die huwelik as aanvaarbaar voorgestel word en dat die nodige emosionele ondersteuning

nie gebied kan word nie (Cummings, 1995:185).

Bogenoemde interaktiewe invloede op adolessente se seksuele gedrag kan as volg getabelleer word (Cummings, 1995:186) :

**Tabel 4.1: Interaktiewe invloede op adolessente se seksuele gedrag**

<i>Kognitiewe invloede:</i>	<i>Psigologiese en emosionele invloede:</i>	<i>Gesinsinvloede:</i>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Abstrakte denke</li> <li>• Vermoë om die gevolge van gedrag te antisipeer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Behoeftes aan affeksie</li> <li>• Lae selfagting</li> <li>• Verveeldheid</li> <li>• Woede</li> <li>• Uitermatige afhanklikheid</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie</li> <li>• Metodes van dissipline</li> <li>• Gesinstruktuur</li> </ul>

Met bogenoemde in aggeneem asook die invloed wat al die ontwikkelingsareas het op die adolessent se seksualiteit blyk dit verstaanbaar as adolessente die ontwikkeling van hulle seksualiteit moeilik ervaar. Rekers (1995:37) meld die volgende: “Persons need to know enough about their sexuality, sexual behavior, and related attitudes and values to make their sexual choices and experiences as healthy and pleasurable as possible”. Vervolgens word daar gefokus op watter seksuele kennis die adolessent oor moet beskik, ten einde ingeligte seksuele besluite te neem en toepaslike gedrag te openbaar.

### 4.3 SEKSUELE KENNIS

Seksuele kennis word nie instinktief verkry nie. Die nodige inligting moet volgens navorsers van kleins af, soos die behoefte daaraan ontstaan, verkieslik deur die ouers gegee word. Dit is egter nie altyd so eenvoudig nie. Sommige ouers sien nie kans vir dié verantwoordelikheid nie en ander bronne soos onder andere die portuurgroep en die massamedia hetsy of dit korrekte inligting al dan nie oordra, speel ook ‘n rol. ‘n Bespreking oor die oorsprong van seksuele kennis asook die hoof kenniskomponente waarvoor die adolessent moet beskik, vervolg.

#### 4.3.1 Die oorsprong en aard van seksuele kennis vir die adolessent

Die grootste bron van seksuele kennis vir die adolessent volgens Kagan (1989:26-34) is die skool, portuurgroep, ouers en die massamedia. Steyn (1987:92) dui die portuurgroep as die grootste bron van seksuele kennis aan, en daarna die media en ouers. Rekers (1995:37) meld die volgende ten opsigte van die portuurgroep as inligtingsbron: "Adolescents receive an overabundance of misinformation about sex from each other. This reality is one of the unfortunate results of parents not providing them with the necessary information they need". In Amerika waar seksuele programme al vir 'n tydperk geïmplimenteer is, word portuurgroep en die skool as primêre inligtingsbronne bestempel, terwyl boeke, ouers, televisie en films sekondêre bronne is (Rice, 1990:413).

Rekers (1995:36) is egter van mening dat adolessente die meeste oor seksualiteit van hulle ouers leer. Die adolessente leer die meeste deur die observasie van die ouers se gedrag. Goslin (1994:87) is dit ook eens dat die ouers as die belangrikste bron van kennis betreffende seksualiteit bestempel word. Sanders & Mullis (1988) soos aangehaal deur Cummings (1995:184) konstateer dat adolessente verkies dat hulle ouers die primêre bron van seksuele inligting moet wees, maar volgens Chilman (1990) soos aangehaal deur Cummings (1995:184) is ouers huiwerig om seksuele aangeleenthede met hulle kinders te bespreek.

Die redes waarom adolessente hulle ouers verkies om die primêre bron van seksuele inligting te wees kan moontlik toegeskryf word aan die beskikbaarheid van die ouers, hulle status as volwassenes en ouers se gedrag wat as 'n praktiese voorbeeld dien. Die gesinsopset bied sekuriteit aan die adolessent en indien dié sensitiewe aangeleentheid eerder in hierdie sekure omgewing aangespreek kan word, sal die adolessent meer vrymoedigheid hê om die saak te bespreek. Dit kan lei tot die positiewe beïnvloeding van die adolessent se houding teenoor seksualiteit en sy seksuele gedrag.

Die teenoorgestelde is egter ook ter sprake. Ouers ervaar, net soos kinders, ongemak wanneer seksuele opvoeding gegee moet word. Daar bestaan verskeie redes wat bydra tot die swak kommunikasie tussen ouers en adolessente ten opsigte van seksuele sake (Goslin, 1994:87-89):

- Baie ouers het grootgeword met die idee dat seks vuil en sondig is en voel verleë, ongemaklik, negatief en verdedigend wanneer seksuele aspekte onder bespreking is.

- Sommige ouers is self oningelig.
- Ouers is ook soms bevrees dat seksuele kennis tot seksuele eksperimentering sal lei. Ouers verkies dit dan om nie hulle kinders in te lig nie, maar hulle solank as moontlik “onskuldig” te hou.
- Ouers wat wel seksuele aangeleenthede met hulle kinders bespreek, doen dit somtyds te laat.
- Sommige adolessente het nie die vrymoedigheid om met hulle te praat nie, omdat hulle bang is die ouers verwerp, straf of preek vir hulle.

Navorsers wil byvoeg dat dit selfs kan wees dat sommige ouers nie ‘n goeie voorbeeld aan hulle kinders voorhou nie, deur betrokke te wees in seksuele probleem gedrag of moontlik hulle eie kinders seksueel mishandel.

Die bouse kringloop kan wel aangespreek word indien adolessente toegerus word met die nodige korrekte seksuele kennis, hetsy deur die ouers, portuurgroep, massamedia skool of dan spesifiek ‘n seksuele opvoedingsprogram. Sodanige kennis sal die adolessent weer toerus om eendag dié inligting aan hulle eie adolessente binne die gesinsopset oor te dra.

Verskeie seksuele aangeleenthede met die belangrikste bron van inligting (Kagan, 1989:46-61) en kortliks wat elke seksuele aangeleentheid behels (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:C-11, J-1, L-1, M-1, N-2 - N-5; Stemmet, 1982:50; Louw, 1992:324; Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, 1986; McIlhane & Nethery, 1992:839; Hornby, 1986:649, 672) word as volg in Tabel 4.2 weergegee:

**Tabel 4.2: Vernaamste bronne van seksuele inligting in die adolessentefase**

■: Seuns                      ▲: Dogters

Seksuele aangeleentheid	Bron van inligting	Omskrywing
Voortplanting	■ Moeders	Voortplantingstelsel het twee funksies, seksuele funksies en die bevrugting- en geboorteproses.
	▲ Moeder	
Kontrasepsie	■ Boeke/tydskrifte/pamflette/portuur	Voorbehoeding, wat verwys na die metode om bevrugting te voorkom.
	▲ Moeder	

Seksuele oordraagbare siektes	■ Boeke/tydskrifte/pamflette	Siektes wat gewoonlik van een persoon na 'n ander oorgedra word of kan word, tydens hetero- of homoseksuele omgang of intieme kontak.
	▲ Boeke/tydskrifte/pamflette	
Aborsie	■ Boeke/tydskrifte/pamflette	Beëindiging van 'n swangerskap voordat die fetus lewensvatbaar is.
	▲ Boeke/tydskrifte/pamflette	
“Wet dreams”	■ Eie portuur	Nagtelike emissie, adolessente seuns wat soms ejakuleer terwyl hulle slaap.
	▲ Boeke/tydskrifte/pamflette	
Masturbasie	■ Eie portuur	Selfbevrediging of onanie of selfbevlekking
	▲ Boeke/tydskrifte/pamflette	
Menstruasie	■ Moeders	Die periodiese (maandelikse) vloeï van bloed en oorblyfsels van die uterus van die vrou tydens haar voortplantingsjare
	▲ Moeders	
“Petting”	■ Eie portuur	Betasting van partye betrokke se liggame en spesifiek genitale areas oor of onder die klere
	▲ Eie portuur	
Seksuele omgang	■ Boeke/tydskrifte/pamflette	Penis dring die vagina binne
	▲ Moeders	
Homoseksualiteit/ Lesbianisme	■ Boeke/tydskrifte/pamflette	Die seksuele aangetrokkenheid en/of geslagsverkeer tot lede van dieselfde geslag.
	▲ Boeke/tydskrifte/pamflette	
Prostitusie	■ Televisie/Flieks	Praktyk waarin iemand hom/haar beskikbaar stel vir seksuele omgang vir betaling
	▲ Televisie/Flieks	
Pornografie	■ (nie bekend)	Hantering van onweloweglike subjekte, in die vorm van prente, geskrewe materiaal, ens.
	▲ (nie bekend)	
Verkragting	■ (nie bekend)	Wanneer 'n man wederregtelik en opsetlik geslagsverkeer het met 'n vrou sonder haar toestemming.
	▲ (nie bekend)	

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die vaders afwesig is in die seksuele opvoeding van die adolessent. Die moeders blyk ook meer betrokke te wees by die dogters as by die seuns. Die seuns wend hulle meer na buite die gesinsopset om die nodige seksuele kennis op te doen. Moeders blyk ook die hoof bron van inligting te wees met betrekking tot die basiese seksuele inligting soos voortplanting, kontrasepsie, menstruasie en seksuele omgang.

In ons moderne tegnologiese leeftyd waarvan die rekenaar 'n geweldige bydra lewer, het daar nog 'n bron van seksuele kennis navore gekom, naamlik die internet. Op die internet kan daar seksuele opvoedkundige inligting tot pornografie verkry word. Die mate waarin adolessente van hierdie medium gebruik maak om vrae en nuuskierigheid met betrekking tot seksuele aangeleenthede te beantwoord, is nie bekend nie, maar kan nie buite rekening gelaat word nie.

Die omvang van seksuele kennis behels 'n geweldig wye spektrum. Kagan (1989:24) konstateer die volgende: "Sexual information therefore consists of a variety of topics, some concerned with physiological and theoretical aspects of sexuality, while others are concerned with behavioural and attitudinal aspects". In hierdie navorsingstudie word aandag gegee aan al hierdie aspekte aangesien dit vanuit die sisteemteorie beskou, mekaar wedersyds beïnvloed. Vervolgens word in detail gefokus op die teoretiese aspekte van seksualiteit as verwysingsraam vir die kenniskomponent waarvoor adolessente moet beskik..

#### **4.3.2 Belangrike seksuele kenniskomponente binne die adolessentefase**

Rekers (1995:38-39) meld dat die adolessent reeds in sy vroeë kinderjare bekend moes raak met die benaming en funksies van hulle genitalieë. In die adolessente jare moet daar kennis gemaak word met menstruasie by dogters, orgasme en ejakulasie by die seuns. Verder is dit ook belangrik om die voorplantingsproses; menstruasie, ovulasie, seksuele omgang, konsepsie, swangerskap, geboortebepערking en voorbehoedmiddels te verduidelik.

Van Rooyen & Louw (1993:28-114) meld dat die volgende kenniskomponente deel moet uitmaak van 'n geslagsopvoedingsprogram vir adolessente: die manlike geslagstelsel, die vroulike geslagstelsel, menstruele siklus, menopouse, veranderinge tydens puberteit, bevrugting, swangerskap, geboorte, voorbehoeding en afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag. Afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag sluit homoseksualiteit, lesbinisme, masturbasie, pedofilie, bloedskanie, pornografie, promiskuiteit, prostitusie, proefhuwelike, uitlokking, verkragting in. Die afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag lei weer na die volgende samelewingstendense, naamlik aborsie, buite-egtelike geboortes, tienerswangerskappe en geslagsoordraagbare siektes.

Wodarski & Wodarski (1995:40-138) meld die volgende kenniskomponente as deel van hulle seksuele opvoedingsprogram: geslagsrolidentifikasie, uitgaan (“dating”), kommunikasie - en onderhandelingsvaardighede, ouer-kind verhouding, puberteitsveranderinge, voortplantingsisteme, higiëne, menstruasie, seksuele omgang, konsepsie, swangerskap, geboorte, tienerswangerskappe en seksueel oordraagbare siektes.

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993) omsluit die volgende kenniskomponente in ‘n seksuele opvoedingsprogram: definiëring en houding teenoor seksualiteit, seksuele rypwording, menslike voortplantingstelsel, selfbeeld, selfhandhawing, waardeklasifikasie, kommunikasie, probleemoplossing, besluitneming, verhoudings, tienerswangerskappe, aborsie, kontrasepsie, seksueel oordraagbare siektes en seksuele molestering.

Samevattend beskou behoort adolessente ‘n begrip te hê van die konsep, seksualiteit. Hulle behoort kennis te dra van die liggaamlike veranderinge tydens puberteit vir seuns en dogters, die werking van die vroulike - en die manlike voortplantingsstelsel, menstruasie en die sensualiteit van hulle liggame. Kennis met betrekking tot seksuele omgang, konsepsie, kontrasepsie, swangerskap, die geboorteproses, aborsie, seksueel oordraagbare siektes, persoonlike higiëne, afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag, selfbeeld, geslagsrolidentifikasie en selfhandhawingsvaardighede, behoort die adolessent toe te rus om ingeligte besluite ten opsigte van korrekte seksuele optrede te neem en watter houding teenoor seksualiteit ingeslaan behoort te word. Vervolgens word die volgende seksuele kenniskomponente van belang vir die adolessent, bespreek:


#### **4.3.2.1 Die manlike en vroulike voortplantingstelsel**

##### ***Die manlike voortplantingstelsel***

Die funksie van die manlike voortplantingstelsel is om spermselle vir bevrugting en manlike geslagshormone vir die instandhouding van die manlike geslagsorgane en manlike kenmerke, te vervaardig (Van Rooyen & Louw, 1993:30).

Die belangrikste dele van die manlike voortplantingstelsel is die penis, testikels, skrotum, die vas deferens, seminale vesikels en die prostaatklier soos geïllustreer in Figuur 4.1, gevolg deur ‘n kort bespreking (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:C7-C11; Van Rooyen & Louw, 1993:30-33):

**Figuur 4.1: Die manlike voorplantingstelsel**



*Penis:* Dit is buisvormig en bestaan uit 'n ronde punt wat die glans genoem word en die skag wat tydens ereksie styf word. Die penis het verskeie funksies. Die uretra, die buis wat urine uit die liggaam wegvoer, is in die penis geleë. Tydens seksuele stimulasie, wanneer die penis styf word, word semen ('n vloeistof wat die sperms bevat) deur die uretra tydens ejakulasie vrygestel. Die penis is ook die setel van intense seksuele bevrediging. Sperms en urine kom wel by dieselfde opening uit, maar nie tegelykertyd nie. Dit is vir 'n man fisiek onmoontlik om tydens ejakulasie te urineer aangesien die uitgang van die blaas na die uretra sluit.

Semen het 'n effense geel, melkerige wit kleur. Semen bevat sperms. Sperms is die manlike saadselle wat die ovum bevrug. Sperms word voortdurend deur die testikels geproduseer en indien ejakulasie nie binne ongeveer een week plaasvind nie, word die sperms eenvoudig weer deur die liggaam geabsorbeer.

Die helder, taai vloeistof wat onmiddelik na die begin van 'n ereksie aan die punt van die penis uitkom, is 'n smeervloeistof, afgeskei deur die Cowper-kliere, wat gemeenskap vergemaklik. Hierdie bietjie vloeistof mag genoeg sperms bevat om 'n swangerskap te veroorsaak.

Die gemiddelde lengte van die penis tydens ereksie is tien tot twaalf sentimeter. Die grootte van die penis is egter nie 'n probleem nie, aangesien die vagina elasties is. Die grootte van die penis bepaal geensins 'n man se seksuele vermoë of bevrediging nie.

*Testikels:* Dit is die manlike geslagskliere en bestaan uit twee ovaalvormige kliere elk so groot soos 'n olyf, in die skrotum. Elke testikel bestaan uit klein buisies wat soos stywe spirale lyk. Tydens adolessensie wanneer spermatogenese, produksie van sperms begin, groei die spiraalbuisies en word die testikels groter. 'n Testis van 'n volwasse man is ongeveer 4 cm lank en 2,5 cm breed. Slegs een testikel is nodig vir voortplanting. Indien 'n man 'n testikel verloor of gebore is met net een funksionerende testikel, kan die normale spermproduksie van die gesonde testikel met soveel as 25 % toeneem.

*Skrotum:* Dit is 'n sagte velsak waarin die testikels geleë is.

*Vas deferens:* Is twee dun buisies wat ook as die saadleiers bekend staan. Elkeen vervoer sperms vanaf een testikel tot by die seminale vesikel vir storting tot ejakulasie.

*Seminale vesikels:* Dié is twee spiraalbuisies wat agter die skrotum, naby die prostaatklier, geleë is. Dit skei seminale vloeistof vir semen af wat in die vesikels gestoor word saam met sperms afkomstig van die testikels. Sowat sestig tot sewentig persent van die vloeistof in semen is afkomstig van die seminale vesikels.

*Prostaatklier:* Dié is 'n klein orgaan wat agter die skrotum geleë is. Naby die blaas omring dit die uretra. Die prostaatklier skei die ander oorblywende dertig tot veertig persent van die vloeistof in semen af.

### ***Die vroulike voortplantingstelsel***


Van Rooyen & Louw(1993:34) beskou die funksie van die vroulike voortplantingstelsel as drieledig:

- die vorming van die vroulike geslagshormone vir die ontwikkeling en instandhouding van die vroulike geslagsorgane en geslagskenmerke.
- die produksie van ryp eierselle
- die huisvestiging, beskerming en voeding van die bevrugte eiersel tot die geboorte van die baba.

Die belangrikste dele van die vroulike voortplantingstelsel waaroor die adolescent kennis behoort te dra, is die borste, ovaria, Fallopius-buise, uterus, serviks, vagina, vulva, labia, klitoris en die himen soos geïllustreer in Figuur 4.2, gevolg deur 'n kort bespreking

(Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:C1-C6; Van Rooyen & Louw, 1993:34-39):

**Figuur 4.2: Die vroulike voortplantingstelsel**



*Borste:* Die funksie van die borste is die voorsiening van voeding vir babas. Die meeste vroue vind die streling van die borste seksueel stimulerend en die meeste mans voel seksueel aangetrokke tot borste. Borste se groter en tepels verskil van vrou tot vrou. Ingetrekte tepels is nie abnormaal nie, met oefening kan die tepel(s) uitstulp, veral ter voorbereiding van borsvoeding. Ingetrekte tepels mag tydens seksuele opwekking uitstaan.

Die tepels, by mans en vroue, word styf tydens seksuele opwekking omdat dit erekte weefsel bevat. Tepels kan ook sonder seksuele opwekking styf word byvoorbeeld deur 'n noupassende kledingstuk wat teen die tepels vryf of wanneer 'n persoon koud kry.

*Ovaria:* 'n Vrou het twee ovaria waar ova geproduseer word. Elke ovarium het nagenoeg die grootte en vorm van 'n amandel. By geboorte het elke vrou bykans 400 000 ova wat wag om ryp te word. By die meisie wat puberteit bereik, word een ovum (of meer) per maand vrygestel. Die proses staan bekend as ovulasie. Indien die ryp ovum nie bevrug word nie, word dit saam met die menstruele vloeit uitgeskei.

*Fallopius-buise:* Dié is kanale wat van die ovaria tot by die uterus loop. Dit is nege tot tien sentimeter lank en dunner as 'n strooitjie (0,5cm in deursnee). Aan die tregtervormige openinge van die Fallopiuse-buise is daar klein, vingeragtige uitsteeksels, die fimbria, wat die ovum omvou en nader trek. Die funksie van die Fallopius-buise is om ryp eierselle van

die ovum te verskuif deur die slymvlies, trilhare en spierbewegings na die uterus.

*Uterus:* Of baarmoeder, 'n gespierde orgaan, ongeveer 10cm lank, met die vorm en grootte van 'n peer. Die funksie van die uterus is die tuiste en voedingsbron vir die ontwikkelde baba

*Serviks:* Dit of baarmoedermond is die uitgang van die uterus. Dit is aan die bokant van die vagina geleë.

*Vagina:* Die vagina is 'n gespierde en uiters elastiese kanaal, ongeveer 10cm lank, wat die serviks van die uterus met die vulva verbind. Die spierwand is bloedryk en uitgevoer met 'n plooieryke slymvlies wat veelvuldige klein kliertjies bevat wat voordurend reinigingsvog afskei, sodat die vagina selfreinigend is.

Die funksie van die vagina is drieledig: dit is die opening vir geslagsgemeenskap, uitgang vir menstruele vloeï en die geboortekanaal.

*Vulva:* Die woord "vulva" beteken bedekking en verwys na die bedekking van die vroulike voortplantingsopening.

*Labia:* Die woord "labia" beteken lippe en verwys na die sigbare dele van die vroulike genitalieë. Die labia majora (groot lippe) of skaamlippe is velvoue wat die openinge van die vagina en die uretra, vir die uitskeiding van urine uit die blaas, bedek. Die skaamlippe bevat vetweefsel, is bloedryk en sekondêre haargroei ontwikkel met geslagsrypwording wat dit gedeeltelik bedek. Aan die binnekant van die skaamlippe is twee kliertjies wat 'n vloeistof in die ruimte om die vagina afskei.

Die labia minora (klein lippe) is twee kleiner voue van sagte, haarlose vel wat die klitoris omsluit en aan die binnekant van die labia majora geleë is.

*Klitoris:* Dit is die embriologiese ekwivalent van die penis en is ongeveer 25mm bokant die opening van die vagina geleë. Klitoris is die latyns vir *dit wat toegemaak is*, en bestaan uit 'n skag en 'n ronde punt wat met 'n vou van vel gedek is. Hierdie orgaan bestaan uit sponsagtige weefsel wat baie senu-eindpunte bevat en hoogs gevoelig is. Die doel van die

klitoris is uitsluitlik vir seksuele bevrediging.

*Himen:* Dié of maagdevlies is 'n dun lagie weefsel wat omtrent 'n sentimeter of twee agter die opening van die vagina gespan is. Die vliesie skeur gewoonlik met die eerste geslagsgemeenskap, of kan vanself skeur tydens normale groei en ontwikkeling of sekere soort oefening.

Wanneer die himen skeur, mag effense bloeding en geringe pyn ondervind word. Soms rek die himen egter geleidelik en veroorsaak geen bloeding of pyn tydens die eerste gemeenskap nie.

Die opening van die vagina word slegs gedeeltelik deur die himen bedek sodat daar 'n opening van ongeveer 25mm is om menstruele vloeï deur te laat. Die opening is groot genoeg vir die gebruik van 'n tampon.

#### 4.3.2.2 Menstruasie

Menstruasie is die maandelikse (ongeveer elke 28 dae) uitskeiding van bloed, weefsel, vloeistof deur die vagina vanaf die uterus. Met menstruasie word die uteruswand uitgewerp as bevrugting nie plaasgevind het nie (Van Rooyen & Louw, 1993:39)

Die menstruele siklus sien as volg daarna uit (Van Rooyen & Louw, 1993:39-40):

*Fase 1:* Die hipotalamus stimuleer die pituïtere klier (hipofise) wat die follikels in die eierstokke stimuleer om 'n ryp eiersel te produseer.

*Fase 2:* Die eiersel groei en ontwikkel binne 'n vloeistofge vulde follikel. Die follikel skei estrogeen af wat, tesame met die estrogeenafskeiding van die eierstokke die hormoonvlak verhoog. Hierdie verhoging in die estrogeenvlak dien as 'n aanduiding vir die baarmoederwand om te verdik ter voorbereiding van 'n bevrugte eiersel. Die endometriese kliere vergroot en die lae baarmoederselle neem toe.

*Fase 3:* Wanneer die estrogeenvlak in die bloed ongeveer ses keer gestyg het (ongeveer dertien dae vanaf die aanvang van die vorige menstruasie) is daar 'n terugkerende effek op die hipotalamus en hipofese wat 'n afname in die afskeiding van FSH tot gevolg het. Op die veertiende dag volg daar 'n groot afskeiding van luteïniserende hormoon in die bloedstroom, tesame met die FSH, lei tot die oopbars van 'n follikel in die eierstok ten einde 'n ryp eiersel vry te stel. Dié proses staan bekend as ovulasie.

*Fase 4:* Die eiersel word deur die sagte, swaaiende bewegings van die fimbria in een van die fallopiese buise opgesuig en na die baarmoeder voortgestuur. Die leë follikel kry 'n geel kleur en skei nie alleen estrogeen af nie, maar ook progesteron, wat die baarmoederwand verder voorberei. Dit staan bekend as corpus luteum.

*Fase 5:* Indien die eiersel deur 'n spermsel bevrug is, hetsy in die fallopiese buis of in die baarmoeder, sal die bevrugte eiersel op die sagte baarmoedervoering (endometrium) begin vasheg.

Indien bevrugting nie plaasgevind het nie, sal die corpus luteum stadig krimp en verdwyn. Die voorsiening van progesteron word gestaak na twaalf tot veertien dae en die estrogeen in die bloedstroom neem af.

Weens 'n gebrek aan progesteron en estrogeen begin die endometrium krimp en raak los. Dit word deur die serviks en vagina uitgeskei.

Pre-menstruele spanning (PMS) is 'n toestand hoofsaaklik te wyte aan 'n hormoon wanbalans in die bloedstroom. Sommige vroue ervaar dit meer intens as ander. Die simptome sluit in: buierigheid, geïrriteerdheid, moegheid, ongeduld, frustrasie, emosionele wisselings, woede-uitbarstings, spanning en hoofpyne. Fisiese simptome soos swaarheid, volheid, swelling van die hande en enkels en teerheid van die borste kan ook voorkom. PMS kan selfs lei tot akute spanning, depressie en selfs selfmoord en onbeheerbare woede-uitbarstings. Hormoonaanvullings en gereelde en gebalanseerde maaltye kan vir die behandeling van PMS aangewend word (Van Rooyen & Louw, 1993:40)

#### **4.3.2.3 Konsepsie, swangerskap en geboorte**

##### *Konsepsie:*

Bevrugting of te wel konsepsie is 'n aspek van seksualiteit wat met meer as feitlike kennis oorgedra behoort te word. Van Rooyen & Louw (1993:56) stel dit as volg: "Bevrugting is sekerlik een van die moeilikste aspekte van geslagtelikheid wat aan kinders verduidelik kan word. Bevrugting is tog veel meer as die samestelling van 'n eiersel en 'n spermsel! Geslagsgemeenskap is veel meer as net die samesnoering van twee liggame en gaan onteenseglik gepaard met 'n ingrypende emosionele beleving van *liefde*, 'n sterk gevoel van *saamhoort* en *ek-behoort-aan* - dit is 'n *diep geestelike vereniging* van twee mense wat vir mekaar omgee en aan mekaar totale toewyding beloof".

Die eiersel, die grootste sel in die menslike liggaam, is kleiner as die punt aan die einde van dié sin. Soos reeds gemeld is ongeveer 400 000 eierselle reeds by geboorte in die ovaria aanwesig. Voor puberteit sterf ongeveer 150 000 van hierdie eierselle. In die vrugbare leeftyd van die vrou, tussen puberteit en menopouse, sal ongeveer 350-400 eierselle tydens ovulasie deur die eierstokke vrygestel word (Van Rooyen & Louw, 1993:56).

Die spermsel, is een van die kleinste selle in die menslike liggaam - ongeveer 0,04mm in deursnee (ongeveer 0,0002 keer die deursnee van die eiersel). Die aantal saadselle wat nodig sal wees om die hele wêreld te herbevolk kan in 'n gewone aspirine pas. 'n Spermsel het die vorm van 'n paddavissie met 'n kop en stert. Deur die beweging van die stert kan 'n spermsel in 8 minute meer as 20mm ver beweeg. Na die vervaardiging van die spermselle in die testis beweeg dit vir rypwording na die epididymis. Hierna word dit vervoer deur die vas deferens na die seminale vesikels, waar dit meng met die saadvog om semen te vorm. Uit die seminale vesikels beweeg die semen met die spermselle na uretra. Saadstorting(ejakulasie) vind plaas wanneer die semen deur die uretra geforseer word en die liggaam verlaat (Van Rooyen & Louw, 1993:57).

Konsepsie vind plaas wanneer die selkern van 'n spermsel met dié van 'n eiersel verenig. Dit gebeur tydens geslagsgemeenskap tussen 'n man en vrou. Die man ervaar 'n penisereksie as gevolg van seksuele kontak en - stimulering, die penis word in die vagina geplaas, en 'n saadstorting vind plaas. Wanneer die saadstorting plaasvind, bereik die man 'n orgasme en word ongeveer 500 miljoen spermselle as deel van dié semen uitgeskei. Vroue wat 'n orgasme ervaar, ervaar sterk gevoelens van bevrediging (Van Rooyen & Louw, 1993:57).

Wanneer 'n saadstorting selfs buite die vagina op die labia majora plaasvind, kan konsepsie ook plaasvind. Die spermselle beweeg in die rigting van die baarmoeder en Fallopius-buise. Miljoene spermselle sterf egter binne 'n paar uur as gevolg van die hoër suurgehalte van die vogtigheid van die vagina. Slegs 'n paar duisend vorder deur die baarmoeder en 'n paar honderd tot in die Fallopius-buise. Alhoewel net een spermsel die eiersel bevrug, is kenners dit eens dat 'n spermtelling van minstens 20 miljoen nodig is vir bevrugting. Bevrugting vind plaas tussen 12 en 36 uur, gewoonlik binne 24 uur, nadat die eiersel die Fallopiuse buis binnegegaan het (Van Rooyen & Louw, 1993:57-58).

### *Swangerskap:*

‘n Vrou is swanger wanneer ‘n eiersel en ‘n spermsel verenig het. Dié kan deur ‘n swangerskaptoets bevestig word nog voordat die fisiese tekens voorkom. Die fisiese tekens van swangerskap volgens Fenwick en Walker (1994:76) is:

- Menstruasieperiode oorgeslaan.
- Borste is teer en gevoelig.
- ‘n Ongewone metaalagtige smaak in die mond.
- Moet meer gereeld urineer.
- ‘n Verhoging in wit vaginale afskeiding.
- Voel moeg.
- ‘n Skielike drang na of afsku in voedsel.
- Naarheid.

Swangerskap, bevrugting tot geboorte, duur ongeveer 280 dae of veertig weke, bereken vanaf die eerste dag van die laaste menstruele periode (Van Rooyen & Louw, 1993:64).

### *Geboorte:*

Voorbereiding vir die vergemakliking van die geboorte van ‘n baba omsluit die gesindheid van die moeder, posisie van die baba en metodes van pynverligting. Die geboorteproses bestaan uit drie fases waartydens die baba en plasenta uitgewerp word deur kontraksies van die uterus. (Fenwick en Walker, 1994:72; Van Rooyen & Louw, 1993:70-73).

Louw (1990:147-152) verwys na drie metodes van geboorte wat as uniek beskou word en wat elk ‘n belangrike invloed het op die wyse waarop vroue die lewe aan kinders skenk, naamlik natuurlike geboorte, keisersnee en die Leboyer-metode.

#### **4.3.2.4 Kontrasepsie**

Die adolessent moet kennis dra van geboortebeperking en kontrasepsie of voorbehoedmiddels. Rekers (1995:39) maak ‘n onderskeid tussen laasgenoemde: “Conception control involves the methods that prevent fertilization of the ovum by the sperm, while birth control is a broader term that includes both conception control and methods that induce abortion after conception”. Die gebruik van kontrasepsie is interafhanklik van kognitiewe ontwikkeling. Meeste voorbehoedmiddels vereis ‘n minimale vermoë om te beplan daarvoor, dit te verkry en te gebruik (Cummings, 1995:196).

Kontrasepsie of voorbehoeding verwys na die metodes om bevrugting te voorkom. Daar is verskeie voorbehoedmiddels en - metodes (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:M1-M6):

- Onthouding. Die enigste metode wat honderd persent effektief is.
- Natuurlike metodes is coitus interruptus, ritme metode, kalendermetode, temperatuurmetode, servikale slymveranderinge, mittelschmerz(ovulasiëpyn) en laktasie.
- Versperringsmetodes is die kondoom, servikale diafragma en die vroulike kondoom.
- Spermisiede, preparate wat in die vagina geplaas word, bevat 'n bestanddeel wat spermatozoa dood of in so mate verswak dat die proses van fertilisasie teengewerk word. Soorte spermisiede beskikbaar is skuimpreparate, room en jellie, vaginale setpille, plastiekfilmstrokies en kontraseptiewe spons.
- Orale kontrasepsie. Bevat estogeen en progestogeen en veroorsaak dat servikale slym verdik en is ondeurdringbaar vir spermatozoa, die endometrium is ongeskik vir inplanting en die buisvervoer van die embrio en spermatozoa word belemmer.
- Inspuitbare kontrasepsie. In die RSA maak ongeveer 66% van alle kliniekbywoners van die metode gebruik. Servikale, slymproduksie word verminder, en spermvervoer word belemmer.
- Intra-uteriene kontrasepsie. Die werking van die toestel is voorkoming van inplanting van die sperm.
- Sterilisasie, 'n permanente beëindiging van die voortplantingsfunksie.

Adolesseente behoort nie net ingelig te word oor die verskillende tipes kontrasepsie nie, maar waar om dit te verkry en hoe om dit te gebruik. Indien seksueel aktiewe adolesseente nie van kontrasepsie gebruik maak nie, loop die adolesseente die gevaar om seksueel oordraagbare siektes op te doen.

#### **4.3.2.5 Seksuele oordraagbare siektes (SOS)**

Seksuele oordraagbare siektes is siektes wat gewoonlik van een persoon na 'n ander oorgedra word of kan word, tydens hetero- of homoseksuele omgang of intieme kontak (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:N1; Van Rooyen & Louw, 1993:107). Daar is vandag sowat 50 soorte seksueel oordraagbare siektes waarvan VIGS die enigste ongeneesbare een is. Die organismes wat SOS veroorsaak, het 'n klam, warm

plek nodig om te leef en te vermenigvuldig. Alle organe in die liggaam wat slymvlies bevat, kan deur veneriese siektes aangetas word, byvoorbeeld die mond, oë, anus en die geslagorgane (Van Rooyen & Louw, 1993:108). Enkele van die mees algemene seksueel oordraagbare siektes word as volg kortliks bespreek:

### *Gonorree*

Gonorree (“clap”/”drop”) word veroorsaak deur ‘n mikro-organisme (gonococcus) wat die liggaam deur die slymvlies van die penis of vagina gedurende geslagsgemeenskap binnedring (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:N2; Van Rooyen & Louw, 1993:108). Wodarski & Wodarski (1995:105) meld in aansluiting die volgende: “A disease caused by the gonococcus bacterium that grows and multiplies quickly in the cervix, urinary tract, mouth, or rectrum”.

Dit neem drie tot sewe dae voordat die man pyn in sy geslagsorgane ervaar en ‘n dikkerige wit afskeiding van die penis is sigbaar. Erge ongemak met urinering, tesame met geswelde lieskliere is verdere simptome by mans. Indien daar nie spoedig mediese hulp verkry word nie, versprei die infeksie na die blaas, limfkliere, saadleiers en testes. Infeksie van die saadleiers en testes kan tot steriliteit lei (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit 1993:N2; Van Rooyen & Louw, 1993:108).

By die vrou is daar nie onmiddelik simptome nie (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:N2). Sy kan dus onwetend die siekte versprei. Die uretra en serviks word eerste geaffekteer. ‘n Dik gelerige afskeiding word deur die vagina afgeskei. Hierna kan die infeksie versprei na die anus en fallopiese buise wat tot steriliteit kan lei (Van Rooyen & Louw, 1993:108; Wodarski & Wodarski, 1995:105-106).

As ‘n swanger vrou gonorree het, kan die baba geïnfekteer word wanneer die baba deur die geboortekanaal beweeg. Infeksie kan lei tot blindheid by die baba (Van Rooyen & Louw, 1993:108; Wodarski & Wodarski, 1995:106).

Gonorree versprei deur orale en anale seks, deur die verspreiding van die bakterieë van geïnfekteerde genitale areas na ander dele van die liggaam deur kontak van die vingers en deur die geboortekanaal (Wodarski & Wodarski, 1995:106).

### *Sifilis*

Sifilis word veroorsaak deur 'n spirogeet, *Treponema pallidum* wat die slymvlies of peri-anale vel binnedring en daar die primêre letsel, 'n sjanker, wat 'n klein pynlose knoppie is, veroorsaak. Die sjanker verdwyn vanself en die organisme, wat nou in die bloedstroom is, vermeerder en versprei vinnig en die siekte gaan na 6-8 weke 'n tweede fase binne. Die tweede fase bestaan uit 'n algemene siektetoestand; koors, seer keel, geswelde kliere, dikwels 'n fyn uitslag, wat enige tyd, tot selfs so lank as 'n jaar kan neem om te voorskyn te kom. Hierna manifesteer die siekte in ander organe soos verlamming van die senuweestelsel, kranksinnigheid, aantasting van die hart-bloedvatstelsel of enige ander stelsel (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N3). Sifilis kan deur die moeder na die fetus oorgedra word en kan 'n miskraam, 'n stilgeboorte, blindheid of ander ernstige abnormaleiteite veroorsaak (Van Rooyen & Louw, 1993:108).

### *Nie-gonokokale urethritis*

Die siekte word beskou as een van die mees algemene SOS in die ontwikkelende lande. Hierdie siekte veroorsaak infeksie van die uretra. Die inkubasietydperk is 1 - 3 weke en toon dieselfde simptome as gonorree (pynlike urinering, branderigheid en 'n afskeiding), maar van geringe aard. By vroue is die simptome gewoonlik glad nie ooglopend nie, wat bydra tot die verspreiding van die siekte. Dit is behandelbaar en indien dit nie gedoen word nie kan dit lei tot infertiliteit (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N2 en Van Rooyen & Louw, 1993:109).

### *Genitale herpes*

Dit is 'n virusinfeksie wat veroorsaak word deur die Herpes virus hominis tipe 2. Gewoonlik begin daar binne 3-7 dae na kontak met 'n besmette persoon pynlike blasies op die geslagsdele vorm en hulle duur van 14-28 dae. Die labia swel op en urinering is moeilik. Wanneer die blasies oopbars, genees die oop seertjies baie stadig (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N3 en Van Rooyen & Louw, 1993:109).

Die siekte is nie volkome geneesbaar nie, en kan herhaaldelik voorkom - daar is wel middels wat die simptome kan verlig en die duur van die aanval verkort. Infeksie van die baba deur die moeder tydens die geboorteproses is baie ernstig, met 'n 50% mortaliteit. Daar is ook 'n vermoede dat daar 'n groter kans op kanker van die seriks bestaan by vroue met herpes (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N3).

### ***Genitale vratte***

Dit word veroorsaak deur 'n Papillomavirus. Die vratte kom voor op en in die geslagsdele en hulle mag kwaadaardige veranderinge ondergaan. Dit is behandelbaar (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N4).

Wodarski & Wodarski (1995:105) meld dat die vratte versprei kan word deur velkontak, gewoonlik tydens vaginale -, anale - of orale seks. Of die vratte gesien kan word of nie, die virus versprei nog steeds. Die vratte mag jeukkerig, branderig en soms pynvol wees.

### ***Trichomoniasis***

Dit is 'n siekte wat by vroue voorkom; alhoewel die man 'n draer kan wees. Dit veroorsaak ernstige vaginale irritasie en branderige urinering. Die afskeiding is geel-groen en slymerig. Beide die man en vrou moet behandeling ondergaan om herbesmetting te voorkom (Van Rooyen & Louw, 1993:109).

### ***Pubiese luise***

Pubiese luise word oorgedra deur direkte kontak of deur besmette bedlinne of klere. Die luise is sigbaar en versamel gewoonlik tussen die hare in pubiese gebied. Die nete (eiers) is gewoonlik om die hare vasgepak. Dit is behandelbaar en klere en linne moet ook ontsmet word (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N4).

### ***Hepatitis B***

Die virus wat Hepatitis B veroorsaak, kom voor in bloed, semen en speeksel. Dit word dus versprei deur kontak met besmette bloed of bloedprodukte, seksuele omgang, van moeder na baba tydens die geboorteproses. Die siekte het 'n lang inkubasieperiode van 6-8 weke. Verskeie simptome kan voorkom, onder andere griepigheid, naarheid, braking, eetlusverlies, bobuikpyn, soms 'n uitslag of gewrigspyne, en later geelsug (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N5).

Daar bestaan geen spesifieke behandeling nie. Sommige pasiënte herstel, sommiges word nie siek maar bly draers en andere ontwikkel kroniese hepatitis. Dit is 'n aanmeldbare siekte en persone wat die virus in hulle bloed het, mag nooit bloed skenk nie. Daar bestaan wel 'n doeltreffende entstof teen die siekte (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N5).

## *Vigs*

### *Inleiding*

VIGS, verworwe immuniteitsgebreksindroom, is 'n ongeneeslike siekte wat veroorsaak word deur 'n virus (Human Immuno deficiency Virus of HIV) wat die liggaam se immuniteitstelsel afbreek deurdat dit die helper T-selle, wat siektes beveg, vernietig. 'n Infeksie, buiten VIGS, kan dan die lewe van die geïnfekteerde persoon neem. Die houding van mense teenoor VIGS, van aanvanklik 'n ongeërgheid het verskruif na 'n histeriese paniek. VIGS is universeel as epidemies verklaar (Van Rooyen & Louw, 1993:109). VIGS het die mensdom se aandag opnuut weer op seksuele gedragpatrone laat fokus. Die gebruik van kondome is aanvanklik as die oplossing van die probleem beskou. Dit blyk egter nie die geval te wees nie. Die oplossing vir dié epidemie is weerhouding en om seks binne die huwelik te beoefen.

### *Verspreiding van vigs*

Die HIV kan gevind word in liggaamvloeistowwe: bloed, semen, vaginale afskeiding, urien, transe, speeksel en borsmelk. Dié virus kan as volg oorgedra word (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:N6 en Van Rooyen & Louw, 1993:110):

- Die vernaamste manier waarop die HIV oorgedra kan word is deur vaginale, orale of anale geslagsomgang met 'n persoon wat met die HIV besmet is.
- Kontak met besmette bloed kan HIV infeksie veroorsaak. Om spuitnaalde soos in die gebruik van dwelmmiddels, met 'n besmette persoon te deel, kan HIV infeksie veroorsaak. In Suid-Afrika word alle bloed deeglik getoets en 'n persoon behoort nie HIV deur 'n bloedoortapping op te doen nie.
- As 'n swanger vrou VIGS het, sal haar baba dit moontlik deur die plasenta of naelstring kry en na die geboorte deur haar borsmelk.

### *Simptome en die verloop van die siekte:*

Na infeksie met HIV, kan die persoon vir jare asimptomaties bly. Na 'n gemiddelde tydperk van agt jaar ontwikkel VIGS. Die simptome van die siekte verskil van persoon tot persoon, maar die meeste pasiënte kry aanvanklik 'n hoë koors, ervaar nagtelike sweet, moegheid en vinnige gewigsverlies. Hierdie siektetoestand staan bekend as "Aids Related Complex" (ARC), maar is nog nie VIGS nie. Aanhoudende diarree, geswelde kliere en 'n verandering in geestesgedrag soos, vergeetagtigheid en verwardheid kan ook voorkom. Later ontwikkel die pasiënt een van verskeie soort siektes: longontsteking, sekere soorte

kanker, siektes van die senuweestelsel of ander organe in die liggaam. Die persoon verkeer in die fase bekend as “full-blown-Aids”. Die persoon sterf kort hierna (Van Rooyen & Louw, 1993:110-111)

#### 4.3.2.6 Aborsie

Aborsie is die beëindiging van ‘n swangerskap voordat die fetus lewensvatbaar is. Aborsie kan spontaan plaasvind wat bekend staan as ‘n miskraam. Indien dit doelbewus bewerkstellig word, hetsy om mediese redes, of om ‘n ongewensde swangerskap te beëindig staan dit bekend as vrugafdrywing (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:L1). Vrugafdrywing in Suid-Afrika is wettig volgens die Keuse op Terminasie van Swangerskap, Wet 92 van 1996.

Die rede vir aborsie is druk van die samelewing, vrees, skaamte, slegte tydsberekening, omstandighede, moontlike misvorming, selfsugtigheid en pro-keuse (Edu-Care, 1999). Dit het egter ook onder navorsers se aandag gekom dat in Suid-Afrika ‘n fetus nie geregtig is op lewe nie, maar is wel geregtig op lewensversekering. Behalwe dat die twee aspekte mekaar weerspreek kan dit ook gevaarlike komplikasie vir ‘n ongebore kind inhou. Ouers kan wegdoen met ‘n fetus ten einde geldelike vergoeding daarvoor te verkry.

Daar is verskeie metodes van vrugafdrywing. Die metodes hang dikwels af van die duur van die swangerskap. Die moontlikheid van fisiese komplikasies word al groter namate die swangerskapsduur vorder, daarom is dit verkieslik dat die prosedure uitgevoer word voor die twaalfde week van swangerskap (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:L1). Fenwick en Walker (1994:76) meld die verskeie metodes van vrugafdrywing: “Up to 12 weeks abortion is normally done by vacuum or suction. Under general anaesthetic the cervix is dilated and the uterine lining is sucked out. This takes about 10 minutes. Between 12 and 16 weeks a method known as a D & E is used. This stands for dilatation and evacuation. Under general anaesthetic the cervix is dilated, and an instrument scrapes out the contents of the uterus. After 16 weeks, premature labour is induced with a drug, causing a miscarriage. The drug is often in the form of a prostaglandin pessary inserted into the vagina against the cervix. The hormone stimulates the uterus to contract much as it does in labour”. Die laaste opsie is ontstellend aangesien dit soos ‘n werklike geboorte geskied.

Die komplikasies van aborsie kan in twee kategorieë verdeel word. Die vroeë komplikasies wat tydens of net kort na die aborsie kan ontstaan, is onder andere (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:L1-L2):

- bloeding,
- perforasie van die baarmoeder,
- skeuring van die nek van die baarmoeder,
- agtergeblewe weefsel, soos byvoorbeeld dele van die plasenta (nageboorte) kan probleme gee, en
- infeksie.

Latere komplikasie, wat tot 'n jaar na die tyd eers vorendag kan kom, is:

- probleme in latere swangerskappe, soos onder andere vroegtydige geboortes, ektopiese swangerskappe (buite die baarmoeder), miskrame, komplikasie tydens geboorte en oormatige bloedverlies tydens geboorte, en
- latere fertiliteitsprobleme.

Verder hou vrugafdrywing onbetwisbaar psigiese komplikasies in. Riekie van der Berg (Edu-Care, 1999) meld dat moeders wat aborteer na-aborsie stress (post-abortion stress - 'PAS') ontwikkel, wat as volg gedefinieer word: "PAS is the PSYCHOLOGICAL, EMOTIONAL, PHYSICAL AND SPIRITUAL TRAUMA caused by an abortion which is an event OUTSIDE THE NORMAL range of human experience". Aanvanklik word 'n gevoel van verligting ervaar en daarna kom die skuldgevoelens, angs, pyn, depressie en woede. Riekie van der Berg (Edu-Care) meld dat 'n dogter verdedigingsmeganismes, soos repressie, subrepressie, rasionalisering en kompensasie, ontwikkel ten einde dié gevoelens te onderdruk.

Navorsers is van mening dat aborsie na probleme lei op alle vlakke van die individu se verhoudingswêreld soos beskou vanuit die sisteemteorie. Die adolessente dogter staan in verhouding tot haarself. Op die aborsie-tafel is sy nie met respek en liefde hanteer nie. Sy is verneder. Sy het respek vir haarself verloor. Die adolessente dogter wat geaborteer het staan ook in verhouding met 'n transendentale wese. Die dogter kan haarself die vraag afvra waarom die transendentale wese nie ingegryp het om die situasie te red nie. Die dogter wat ook in verhouding staan met ander kan moontlik woede ervaar teenoor mans. Een man het haar in die steek gelaat en nou vertrou sy mans nie.

Verskeie ander seksuele verskynsels soos: transseksualisme, geslagsidentiteits-versteuring, fetisjisme, transvestisme, pedofilie, ekshibisionisme, voyeurisme seksuele masochisme, seksuele sadisme, frotteurisme, soöfilie, biseksualiteit, vaginisme, dispareunie, premature ejakulasie, geïnhibeerde vroulike en manlike orgasme (Theron, 1989:307-340) kom ook voor. Weens beperkte ruimte kan die verskynsels nie bespreek word nie. Dit wat wel in detail bespreek is vind navorser die belangrikste kenniskomponente vir die adolessent met betrekking tot seksualiteit.

#### **4.3.3 Die implikasies van korrek, inkorrekte sowel as gebrekkige seksuele kennis**

Seksuele kennis beïnvloed die seksuele houding van adolessente. Die adolessent se seksuele houding beïnvloed weer die adolessent se seksuele gedrag (Goslin, 1994:84).

Die gevolg van inkorrekte en gebrekkig seksuele kennis kan lei tot die volgende:

- Swangerskappe (Goslin, 1994:84). Masters, Johnson & Kolodny (1986:153) meld dat ongeveer twee derdes van ongeveer een miljoen jaarlikse adolessente swangerskappe in Amerika die gevolg is van mites of 'n gebrek aan korrekte informasie.
- Onvoldoende gebruik van voorbehoedmiddels (Goslin, 1994:84). Hierdie aspek lei tot ongewenste swangerskappe en die ontvang van seksueel oordraagbare siektes.

Die waarde van korrekte seksuele kennis kan lei tot die volgende:

- Verlaag die hoeveelheid adolessente swangerskappe (Goslin, 1994:85)
- Verminder die adolessent se risiko om 'n seksueel oordraagbare siekte op te doen (Goslin, 1994:85).
- Fisiologiese kennis kan adolessente help om hulle liggame en die funksie van hulle genitalië beter te verstaan met die oog op seksuele genot.

Die waarde van die oordra van korrekte seksuele kennis, word deur Bodibe (1994:182) as volg omskryf: “Adolescents therefore require adequate knowledge to be able to withstand the incessant temptation of the weakness of the flesh - engagement in premarital coitus”.

Buiten vir seksuele kennis is daar nog 'n sterk dryfkrag agter adolessente se seksuele gedrag. Elke adolessent het sy eie seksuele houding wat sy seksuele gedrag rig, soos uiteengesit in die volgende afdeling.

#### 4.4 SEKSUELE HOUDING

Eerstens word die term, houding, as volg deur Oosthuizen (1990:11-12) omskryf: “The term attitude has acquired the significance of an “aptitude”, the fitness or tendency for action. This is a combination of feelings, notions or convictions that come from heredity, environment, experience and present purpose”. Seksuele houding omsluit dan volgens Oosthuizen (1990:12) die volgende: “A teenager’s attitude toward sexual values then, combines her feelings, notions or convictions, which are dependent on her heredity, the environment in which she was raised, her lived-experience and her present purpose with regard to sexual matters”.

Adolescente sal seksuele omgang hê, met of sonder die wete dat hulle gevaar loop om swanger te raak of ‘n seksueel oordraagbare siekte op te doen. Oosthuizen (1990:39) konstateer: “Given the greater permissiveness of today’s society, together with the emergence of a teenage subculture with its own values, it seems unlikely that a return to moral basics would prove practical, even if it were desirable”.

Dit is belangrik om vas te stel watter houding die adolessent teenoor seks inneem en hoe dit tot stand gekom het, omdat die adolessente se seksuele houding hulle seksuele gedrag rig. Dit is dus van belang dat die seksuele houding van die adolessent ook aangespreek word in ‘n seksuele opvoedingsprogram. Rekers (1995:39) meld die volgende: “Our children want us to teach them something to believe”. Indien daar seksuele opvoeding voorsien word moet dit nie net ‘n biologiese dimensie hê nie, maar die moraal moet ook ingesluit wees. Dit is nie net ‘n kwessie van wat is verkeerd en reg nie, maar soos Rekers (1995:40) dit stel: “...we discuss what it means to love and care for one another; we can emphasize trust, loyalty, selflessness, and character”. Eertens behoort daar ‘n begrip te wees van hoe die adolessent sy seksuele houding vorm en wat die aard daarvan is.

##### 4.4.1 Die ontstaan en die aard van die adolessent se seksuele houding

Van Niekerk (1992:65) meld die volgende ten opsigte van die vorming van die adolessente se seksuele houding: “Hierdie houding is geïnternaliseer deur vorige ondervinding (leer), byvoorbeeld op grond van wat maats gesê het of wat op die televisie en in die media waargeneem is (lewenservaring). Die adolessent kan hierdie houding toets omdat hy al ‘n abstrakte denkvermoë ontwikkel het en beseft dat buigsaamheid of verandering moontlik is. Hierdie toetsing vind plaas aan die hand van bykomende ondervinding, byvoorbeeld

onderrig of die waarneming van sosiale norme anders as die van die portuurgroep of die media. Die adolessent herinterpreteer dus bestaande skemata en dit lei tot die vorming van houdings”.

Oosthuizen (1990:198-199), wat navorsing gedoen het om vas te stel hoe seksuele waardes in die tiener dogter vasgelê word, sluit by bogenoemde aan: “..the girl establishes her sexual values by clarifying and internalizing them. This is achieved as she develops morally, cognitively, affectively and normatively within her society. As times change so do her established values. She verifies and substantiates what her sexual values are by considering the essentials of the values within her value hierarchy. This she achieves by value clarification and decision making”. Uit bogenoemde blyk dit aan navorser dat die adolessent ‘n seksuele houding vorm vanuit vorige ondervinding en waarnemings. Hierdie houding kan getoets en dienooreenkomstig verander word deur herinterpretasie, klarifisering, internalisering en besluitneming.

Die adolessent verkeer volgens Erikson, soos bespreek in hoofstuk 2.3, in die fase van identiteitsvorming vs. verwarring. Die adolessent se vorming van sy seksuele houding maak ook deel uit van sy identiteitsvorming (Moore & Rosenthal, 1993:30). Gesien vanuit die teorie van Erikson ervaar ‘n individu ‘n gevoel van identiteit wanneer hy daarin slaag om integrasie te bewerkstellig tussen al sy vroeëre identifikasie, sy drange, sy wense, vermoëns, toekomsverwagtinge, vaardighede, en die geleenthede wat sy samelewing hom bied. Net so vorm die adolessent seksuele waardes, soos deur van Niekerk (1992:65) en Oosthuizen (1990:198-199) gekonstateer is, wat manifesteer as die adolessent se seksuele houding. Indien die adolessent dus konflik ervaar teenoor die integrasie van onder andere seksuele waardes en toepaslike gedrag, dra dit by tot identiteitsverwarring. Hieruit blyk dit dus dat die seksuele houding tydens ‘n seksuele opvoedingsprogram versigtig hanteer moet word aangesien dit bydra tot die vorming van die adolessent se identiteit.

Die hedendaagse adolessent se houding ten opsigte van seksuele aangeleenthede word deur Cummings (1995:183) soos volg omskryf: “Sexual attitudes may be more relaxed, and kids may be more comfortable talking about sex, but most of them still don’t have a clue about what makes the opposite sex tick!” In verskeie navorsingstudies is bevind dat meisies meer moralisties is as manlike adolessente en adolessente in die vroeë fase is meer moralisties as dié in die latere adolessente fase (Stemmet, 1982:188-189; Bodibe,

1994:184). Weens beperkte ruimte word slegs op die volgende aspekte gefokus naamlik kontrasepsie, voorhuwelikse geslagsgemeenskap en aborsie.

### *Kontrasepsie.*

Die gebrek aan effektiewe kontrasepsie gebruik is wel bekend. Seydel (1992:57, 83) is dit eens dat adolessente nie genoegsame en/of die korrekte kennis het oor kontrasepsie nie. Buiten hiervoor, is adolessente gemaklik om seksuele omgang te hê met die ondersteuning van wellus, liefde of alkohol, maar is nie gemaklik met vooruitbeplanning nie. Adolessente is impulsief en dink nie altyd vooruit wanneer hulle sekere gedrag openbaar nie. Adolessente is ook geneig om te dink dat koïtus nie sal plaasvind nie, is te skaam om te vra vir kontrasepsie, of selfs dit met die ouers te bespreek, die maat weier om dit te gebruik of dit is nie maklik beskikbaar nie. Sommige adolessente dink hulle is te jonk om swanger te word of hulle dink hulle kan net swanger raak sewe dae voor menstruasie. Ander weer glo dit is verkeerd om kontrasepsie te gebruik, dit is te moeilik om te gebruik, vrees kontrasepsie of dit maak inbraak op die genot van seksuele omgang. Laastens kan gevoelens soos skuld en ans bydra tot die gebrek aan effektiewe kontrasepsiegebruik.

Ten opsigte van die verskil in houding tussen dogters en seuns met betrekking tot kontrasepsiegebruik, meld Page (1990:52-53) dat seuns nie soveel ten gunste van kontrasepsie is nie terwyl dogters heelwat meer ten gunste is van kontrasepsie gebruik. Dit het uit Page se studie geblyk dat 'n groot persentasie van seuns nie van kontrasepsie gebruik maak nie, terwyl dogters meer konsekwent van kontrasepsie gebruik maak. Stellings soos: "Using birth control is unromantic" en "a guy who uses birth control is not really a man" is nie mee saamgestem nie (Seydel, 1992:165). Seydel (1992:164) het bevind dat die pil die mees aanvaarbare kontrasepsiemiddel onder dogters is, omdat dit as die veiligste metode beskou word. Dogters het ook aangedui dat 'n pelvis ondersoek met die doel vir kontrasepsie, hulle afskrik.

Ten slotte konstateer Seydel (1992:85) die volgende: "Many of the reasons why sexually active teenagers do not use birth control can be traced to ignorance, naivety, embarrassment, fear of disapproval, recklessness, thoughtlessness, or stupidity".

### *Voorhuwelike geslagsgemeenskap.*

Watter houding slaan hedendaagse adolessente in ten opsigte van voorhuwelike geslagsgemeenskap? Kan liberale houdings geassosieer word met promiskue seksuele gedrag? Voor die seksuele revolusie in die 1960's was daar sterk geslagsverskille in houdings ten opsigte van voorhuwelike geslagsgemeenskap. Vir dogters was seks gelykstaande aan liefde, en was slegs in 'n liefdesverhouding toelaatbaar. Adolessente seuns was meer geneig om meer permissiewe houdings aan te hang en seksuele aktiwiteite met plesier geniet. Hierdie dubbele standaard het uitgebrei na maagdestatus by die intrede van die huwelik. Meeste seuns wil self seksuele ervaring hê, maar vereis dat hulle huweliksmat 'n maagd moes wees (Moore & Rosenthal, 1993:11). Moore & Rosenthal (1993:11) konstateer die volgende: "There was considerable social support for this double standard, the most prevalent view being that girls 'set the standard' for sexual behaviour and that boys have the right to 'get what they can'". Na die 1960's het dié houdings verander. Die dubbele standaard dat voorhuwelike geslagsgemeenskap aanvaarbaar is vir seuns maar nie vir dogters, is stadig aan die afneem. Page(1990:53) het bevind dat manlike adolessente nog steeds meer ten gunste van voorhuwelike geslagsgemeenskap as vroulike adolessente is. Moore & Rosenthal (1993:11) konstateer: "Most adolescents express liberal attitudes to premarital sex, although favouring a view that premarital sex is acceptable in the context of a relationship that is long-term, monogamous, and committed".

Die algemene boodskap wat deur die massamedia oorgedra word is dat begeertes en luste dadelik vervul mag word. Seydel (1992:51) meld die volgende: "Premarital sex therefore exist in a state of tension between the pleasures of the moment and the demands of the future". Seydel 1992:54-56, 148) meld etlike aspekte wat adolessente aanmoedig tot voorhuwelike geslagsgemeenskap:

- Dogters juis uit vrees dat hulle die vriend sal verloor, toestem tot seksuele omgang.
- Seksuele omgang kan ook die resultaat wees van "heavy petting" en die onvermoë om na 'n sekere punt te stop.
- Om selfagting te verhoog.
- Om iemand te hê wat omgee en vir wie omgee kan word.
- Om te eksperimenteer.
- Om groepsdruk te verlig.
- Om volwasse te voel.
- Om goed te voel.

- Sommige adolessente begewe hulleself in 'n lang liefdesverhouding wat al hoe ernstiger word, en wat kan vorder tot 'n seksuele verhouding.
- Nuuskierigheid

Adolessente raak betrokke in voorhuwelikse geslagsgemeenskap oor behoeftes wat hulle op 'n ander wyse kon vervul. Indien 'n individu onder andere na geluk en selfagting soek, is dit van soveel meer waarde as dit in homself of haarself gevind kan word. Om dit in die materiële en/of in mense te plaas, is 'n risiko aangesien dit van verbygaande aard is en niemand kan van iemand verwag om geluk en selfagting te gee nie.

Seydel (1992:168) het bevind dat adolessente van mening is dat daar nie 'n regte ouderdom is om met seksuele omgang te begin nie en dat dit van verskeie aspekte sal afhang. Tog het die meerderheid van die respondente 16 jaar as die "regte ouderdom" bestempel waarop met seksuele intimiteit begin kan word. Die minderheid van die respondente was van mening dat seksuele omgang net in die huwelik reg is.

Verder het die meerderheid van die respondente gemeld dat die volgende stellings hulle nie sal weerhou van seksuele omgang nie (Seydel, 1992:169):

- Swangerskap kan hulle lewens verwoes.
- Hulle moet besorg wees oor die moontlikheid dat hulle siektes kan opdoen.
- Hulle reputasie is op die spel.
- Hulle moet besorg wees oor hulle ouers se reaksie indien hulle seksueel aktief sou raak.

Houdings wat bydra tot die uitstel van seksuele aktiwiteit is (Seydel, 1992-80):

- Hoë akademiese prestasie met spesifieke verwysing na na-skoolse opleiding.
- 'n Meer godsdienstige ingesteldheid.
- Hoe meer intelligent die individu is, hoe minder hoef die adolessent te vertrou op eksterne reëls vir seksuele gedrag.

### *Aborsie*

Seydel(1992:165) het bevind dat adolessente dogters eerder die baba wil behou as aborteer, maar tog is hulle van mening dat aborsie vrylik beskikbaar moet wees.

Ten einde 'n beeld van die algemene seksuele houding van adolessente te vorm, kan die volgende aspekte volgens Wodarski & Wodarski (1995:37-38) geassesseer word:

- Klarheid oor langtermyn doelwitte
- Klarheid oor persoonlike seksuele waardes
- Verstaan van persoonlike seksuele waardes
- Verstaan van emosionele behoeftes
- Verstaan van persoonlike sosiale gedrag
- Verstaan van persoonlike seksuele reaksies
- Houding teenoor verskeie geslagsrol gedrag
- Houding teenoor seksualiteit in die lewe
- Houding teenoor die belangrikheid van kontrasepsie
- Houding teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap
- Houding teenoor die gebruik van druk en geweld in seksuele aktiwiteite.
- Erkenning van die belang van die gesin
- Selfagting
- Tevredenheid met persoonlike seksualiteit
- Tevredenheid met sosiale verhoudings

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat om die adolessent se seksuele houding te assesseeer verskeie aspekte gemeet behoort te word. Daar is net so 'n verskeidenheid faktore wat die adolessent se seksuele houding kan beïnvloed soos vervolgens bespreek sal word.

#### **4.4.2 Faktore wat die sekuele houding van die adolessent kan beïnvloed**

Daar is verskeie faktore wat die adolessent se seksuele houding kan beïnvloed soos kultuur, waardes, norme en godsdiens.

##### *Kultuur*

Elke kultuurgroep het sekere waardes en norme wat aangehang word en gevolglik gedrag rig. Page (1990:4) het die volgende bevind: "Adolescents who are culturally, socially and - or ethnically disadvantaged have been found to be more vulnerable". Met ander woorde, kulturele, sosiale en etniese agtergeblewe adolessente is meer geneig om vroeër by seksuele aktiwiteite betrokke te raak en nie van kontrasepsie gebruik te maak nie.

Seksoopvoeding van swart dogters in 'n tradisionele swart samelewing is 'n fase bestaande uit 'n reeks sosiale gebeurtenisse wat die volwassewording van 'n jong meisie na 'n volwasse vrou aandui. Inisiasieskool voorsien die dogters met formele seksuele opvoeding en informele gesprekvoering (Page, 1990:7). Weens die vinnige verstedeliking, modernisering, die invloed van christelike lering, sowel as sosiale, ekonomiese en politieke veranderinge het dit 'n negatiewe invloed op die tradisionele gebruike, aangesien dit seksuele verwardheid en konflik onder swart adolessente tot gevolg het (Dreyer, 1980 soos aangehaal deur Page, 1990:9). Dié situasie dra waarskynlik by tot die hoë koers in swart adolessente swangerskappe (Page, 1990:9). Page (1990:10) meld in die verband die volgende: "It appears that the cessation of previously sanctioned sex play, allowed and controlled in traditional societies, coupled with the lack of sexual knowledge and strict supervision of adolescent females, could be contributing to a high adolescent pregnancy rate. This situation could be further exacerbated by the result of conflict between traditional folkways which encourages high birth rate, coupled with a lack of sexual knowledge".

### *Waardes en norme*

Waardes word deur Oosthuizen (1990:12) as volg gekonstateer: "Values are simply broader attitudes - mostly regarded as components of attitudes. Values are like norms, they are impersonal and have interpersonal validity". Seksuele waardes is onpersoonlik en rig die adolessent se seksuele houding met 'n interpersoonlike geldigheid.

Die eienskappe van algemene waardes en meer spesifiek, seksuele waardes is volgens Oosthuizen (1990:16) die volgende:

- Waardes is motiverende dryfkragte vir menslike gedrag, wat betekenis en rigting gee in die lewe.
- Voorsien die basis waarop besluite geneem word.
- Aangesien ervaring waardes beïnvloed, verander dit geleidelik met volwassewording.
- Elke adolessent en sy/haar gesin het unieke waardes.
- Aangesien waardes 'n kognitiewe en 'n affektiewe element het, kan dit geverbaliseer word en op 'n bewustlike vlak gehou word - eksplisiet, of gehou word op 'n onbewuste vlak en net erken word in gedrag - implisiet.
- Sommige waardes is belangriker as ander.

- Adollesente ontwikkel hulle eie hierargie van seksuele waardes.

Oosthuizen (1990:206) konstateer die volgende seksuele waarde van belang vir 'n adollesent se seksuele houding: "...one of the sexual values which should be considered is the need to value patience before engaging in sexual intercourse.... There are physical, spiritual, emotional and relational reasons for being patient".

Die gewete speel in dié verband 'n belangrike rol in die adollesent se houding teenoor die seksuele. Deur die proses van internalisering word houdings sowel as waardes en menings van ander persone onder andere, deel van die adollesent se persoonlikheid gemaak. Hy handel gevolglik volgens hierdie waarderaamwerk en indien hy buite dié raamwerk optree, spreek sy gewete hom aan (Stemmet, 1982:39).

Die houdings, waardes en menings van ander persone (modelle) is van kardinale belang vir die vorming van die adollesent se eie waardestelsel. Dit spreek vanself dat indien die adollesent se modelle en voorbeelde swak was, hy nie noodwendig sterk gewetensbesware sal hê teen sake soos voorhuwelikse geslagsgemeenskap en proefhuwelike nie. Aan die ander kant kan die modelle daartoe bydra dat die adollesent irrasionele skuld ervaar wanneer daar nie eers sprake van skuld in die ware sin van die woord behoort te wees nie (Stemmet, 1982:39).

### *Godsdiens*

Skrywers verskil ten opsigte van die invloed wat godsdiens op die seksuele houding van die adollesent het. Seydel (1992:52) meld: "Thus, these religious teachings play an extremely important role in shaping our contemporary society's sexual attitudes and practices". Bodibe (1994:185) het bevind dat godsdiens nie die adollesent se seksuele gesindheid beïnvloed nie. Stemmet (1982:188) beweer egter dat die kerk 'n positiewe invloed op adollesente kan hê indien die adollesent self aktief betrokke raak by kerklike aktiwiteite en daardeur geestelik groei.

Indien daar aanvaar word dat daar wel 'n positiewe gevolg is op die seksuele houding van die adollesent spesifiek uit 'n christelike perspektief, moet die gelowige sekere norme aanhang uit die Bybel wat sy seksuele lewenstyl sal rig. Die seksuele sonder meer is nie sondig nie, maar daarvan kan sonde gemaak word indien dit in die verkeerde

omstandighede beoefen word (Stemmet, 1982:71, 73).

Buiten vir die kultuur, waardes, norme en godsdiens soos hierbo bespreek is, is daar ook eienskappe eie aan die adolessent wat 'n invloed op die adolessent se seksuele houding het. Oosthuizen (1990:208) is dit eens dat die adolessent se selfagting, selfvertroue, identiteit en interpersoonlike verhouding met die portuurgroep en ouers die adolessent se vestiging van seksuele waardes beïnvloed. Seydel (1992:56) meld in aansluiting met laasgenoemde dat die ouers se houding bydra tot die adolessent se seksuele houding. Indien 'n liefdevolle en sekure omgewing vir die adolessent geskep word, sal die adolessent minder geneig wees tot seksuele aktiwiteite. Seydel (1992:81) meld ook dat adolessente aanvoer dat sosiale druk van die portuurgroep en die televisie bydra tot hulle betrokkenheid by seksuele aktiwiteite.

Die bovermelde faktore beïnvloed die adolessent se seksuele houding positief of negatief. Dié positiewe of negatiewe seksuele houding van die adolessent bepaal die adolessent se seksuele gedrag.

#### **4.4.3 Implikasies verbonde aan negatiewe/positiewe houding**

Volgens Thom (1991:409) vorm die adolessent se seksuele houding die verwysingsraamwerk vir sy seksuele gedrag. Van Niekerk (1992:124-129) meld die volgende moontlike gevolge indien die adolessent 'n losbandige seksuele houding het en voorhuwelikse geslagsgemeenskap beoefen:

- **Geslags- of veneriese siektes**  
Die bekendste is sifilis, wat meestal geneesbaar is, en vigs wat ongeneesbaar is. Hierdie siektes word opgedoen tydens seksuele omgang.
- **Buite-egtelike kind**  
Ten spyte van die nuwe moraal van vandag, kleef daar veral in die meer ontwikkelde gemeenskappe tog 'n stigma aan die kind wat buite die huwelik gebore is.
- **'n Gespanne verhouding**  
Die seksdaad moet in die geheim gepleeg word. Daar is 'n risiko aan verbonde om

uitgevind te word en daarmee saam is swangerskap 'n moontlikheid. 'n Seksuele verhouding buite die huwelik sal terughoudend wees, aangesien permanensie nie ter sprake is nie en geen stabiliteit gebied kan word nie. 'n Volkome oorgawe is juis nodig vir 'n suksesvolle verhouding.

Permissiwiteit kan ook later die gesinslewe negatief beïnvloed, omdat die skuldgevoelens oor die losse sekslewe die huwelik ingedra word. Die gesin is 'n instelling waarin basiese behoeftes van die mens bevredig word, indien een of beide ouers worstel met probleme en skuldgevoelens, kan dit gebeur dat hulle nie altyd vir hul kinders die regte leiding of emosionele sekuriteit kan gee nie.

- Negatiewe houdings

Dit kan 'n persoon se houding teenoor die teenoorgestelde geslag en self negatief beïnvloed.

- Verlies van 'n goeie naam

'n Mens se naam is kosbaar en dit kan maklik in die gedrang kom.

- Vrees vir swangerskap

Die onderliggende vrees vir swangerskap met die gepaardgaande skuldgevoelens dra by tot spanning. Dit kan weer lei tot emosionele onstabiliteit en depressie.

- Valsheid

Voorhuwelikse seksuele omgang dwing adolessente tot 'n lewe van leuens.

Kuisheid moet voorgehou word terwyl losbandigheid aan die orde van die dag is.

Om 'n dubbele lewe te lei is emosioneel en fisies uitputtend.

- Tienerswangerskap

Indien 'n adolessent seksueel aktief is, is daar 'n risikofaktor by betrokke dat sy swanger kan raak. Waarom is dit so uiters ongewensd? Dit het 'n emosionele invloed op beide die seun en dogter. Daar is sprake van teleurstelling, selfverwyte en skuldgevoelens. Die seun kan sy aandeel ontken en die dogter moet alleen die swangerskap deurloop met die gepaardgaande brandmerk en verwyte.

‘n Ongewenste huwelik kan ‘n gevolg wees van ‘n tienerswangerskap. ‘n Gedwonge huwelik is ongewens. Twee adolessente trou wat nog nie genoeg verantwoordelikheid vir die huwelik en/of vir ouerskap het nie. So ‘n onstabiele huwelik kan moontlik uitloop op swak opvoeding van die kind of selfs ‘n egskeiding.

Die gesondheid van die meisie en die kind is ook in gedrang. Indien die swanger meisie negatiewe gevoelens het teenoor die fetus wat in haar ontwikkel kan dit emosionele skade vir die baba hê. Die ma kan onsekerheid ervaar en ‘n swak selfbeeld hê. Die moontlikheid dat die ma haar kind kan verwerp en mishandel kan ook nie uit die oog gelaat word nie.

Dit is ook moontlik om ‘n aborsie te ondergaan; die kunsmatige beëindiging van swangerskap. Behalwe vir die fisiese gevare hieraan verbonde soos bespreek in hoofstuk 4.4.3 is daar ernstige emosionele gevolge. Die adolessente dogter kan gewetenskwellinge as gevolg van die aborsie ervaar; ‘n haat vir die manlike geslag ontwikkel; bang wees vir seks vir die res van haar lewe; seks verafsku; bitter teenoor die lewe word of emosioneel versteur raak.

‘n Ernstige gevolg van ‘n ongewenste swangerskap is dat dit een of beide van die seun/man en die meisie/jongvrou se toekoms kan of gaan beïnvloed. Studies kan moontlik gestaak word om die kind te onderhou. Die geleentheid om hulle volle potensiaal te bereik gaan hierdeur verlore. Toekomsverwagtinge stort in dui en die selfbeeld lei daaronder.

- Verlies van belangstelling

Die gevolg van voorhuwelikse seksuele omgang kan self lei tot die verlies van belangstelling in seks gedurende die huwelik. Emosies met afbrekende gevolge vir die huwelik, soos skuldgevoelens lei tot depressie, koudheid, aggressie en selfs selfmoord. Die huwelik kan moontlik met wantroue betree word, aangesien daar voor die huwelik ontrouheid was. ‘n Meisie kan ook sinies en koud raak teenoor mans omdat ‘n man haar van haar maagtheid beroof het.

- **Onversoenbaarheid**  
Dit is moontlik dat dit net die liggaamlike verhouding is wat adolessente aan mekaar bind. As so 'n verhouding op 'n huwelik uitloop, leer hulle mekaar se persoonlikhede eers gedurende die huwelik werklik ken en vind dan te laat uit dat hulle onversoenbare persoonlikhede het.
- **Verlies van huwelikspotensiaal**  
Mense is kieskeurig as dit kom by die soek van 'n lewensmaat. Indien 'n adolessent promisku gehandel het, verloor die adolessent sy of haar huwelikspotensiaal.
- **Egskeiding**  
Voorhuwelikse seksuele omgang veroorsaak 'n gebrek aan volkome vertroue by beide die man/seun of vrou/dogter. Die kans op 'n egskeding is hoër by mense wat voorhuwelikse geslagsomgang beoefen het en/of saamgewoon het, as mense wat voor hulle huwelik kuis geleef het.

Uit die aard van die saak sal 'n positiewe houding teenoor seksualiteit met die gevolglike kuisheid vir die ongetroude adolessent bogenoemde negatiewe gevolge uitskakel.

Adolessente wat wel swig voor die versoekings van seksuele wellus is egter nie nuut aan ons tyd nie. Vervolgens word daar aandag gegee aan die verskeie afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag waarin die adolessent hom kan begewe.

#### **4.5 SEKSUELE GEDRAG**

Alhoewel afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag nie nuut is nie, wil dit tog voorkom asof die moderne mens by uitstek 'n etiese krisis met betrekking tot seksuele gedrag beleef. Die redes hiervoor is onder andere (Van Rooyen & Louw, 1993: 82):

- industriële en daaropvolgende tegnologiese revolusie wat 'n onbekende veranderingstempo en sosiale mobiliteit veroorsaak het;
- erotisering van ons omgewing en saaklike hantering van seksualiteit deur die massa media; en
- gepaardgaande verdwyning van waardes wat seksuele gedrag raak en die "Godsverduistering".

Vanuit die sisteemteorie beskou beïnvloed nie net bogenoemde faktore die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent nie, maar soos reeds vermeld, ook al die ander vlakke van die adolessent se ontwikkeling. Identiteitsontwikkeling het onder andere 'n kardinale invloed op die adolessent se seksuele gedrag.

#### **4.5.1 Die invloed van die adolessent se identiteitsontwikkeling op sy seksuele gedrag**

Die vorming en ontwikkeling van die adolessent se geslagsrolidentiteit en die bewustheid van sy sosiale rolle met verhouding tot self en die portuurgroep, maak onder andere deel uit van die adolessent se identiteitsontwikkeling.

##### **4.5.1.1 Geslagsrolidentiteit**

Le Roux (1989:370) definieer geslagsrol as volg: “Die begrip **geslagsrol** kan gebruik word om na 'n toegeskrewe posisie op grond van geslag te verwys. Dit handel met ander woorde oor die sosiale dimensie van geslagtelikheid. Geslagsrolle word dikwels in terme van **stereotipes** beskryf, en dit kom neer op oorvereenvoudigde en rigiede idees oor wat manlikheid en vroulikheid is en gaan met 'n differensiasie in terme van geslag gepaard”.

Geslagsrolle word aangeleer tydens die proses van sosialisering en geslagsrolle in die samelewing is nie staties nie (Le Roux, 1989:xviii). Veranderlikes wat geslagsrolle kan beïnvloed is identifikasie met die ouers; die ouderdom van die persoon; akademiese prestasie; gesinsamestelling; gesinsgrootte; sosio-ekonomiese status; faktore wat met die beroepsarbeid van die moeder al dan nie verband hou; en of die kind in 'n gemengde skool of skool vir een geslag is (Le Roux, 1989:61; Stemmet, 1982:36-37).

Volgens Erikson se teorie behels egosterkte die volgende: betroubaarheid; die adolessent se vermoë om sekerheid oor sy eie identiteit te hê; 'n aanvaardende bewustheid van moontlike ander identiteitskeuses wat gemaak kon word en die vermoë om lojaal te wees teenoor sy eie sosiale rolle.

Spanning ten opsigte van identifisering met 'n gepaste geslagsrol kom onder adolessente voor. Harrison en Pennell (1989:40) meld in dié verband die volgende: “It may be that some conflict and sex roles strain is inevitable without widespread societal shifts in attitudes and beliefs about sex roles resulting in consistent messages from all sources to teens”. Verder meld Harrison en Pennell (1989:40) dat daar nuwe opsies aan die

adolescent beskikbaar is in die soektog na self-identiteit, alhoewel daar meer opsies vir die vrou as vir die man is. Die homofobie, spesiaal teenoor manlike homoseksualiteit, plaas nog steeds geweldige druk op die adolessente seun om tot die tradisionele manlike rolle te konformeer.

Ten einde te voorsien in opsies en verhoogde buigbaarheid vir adolessente se geslagsrolontwikkeling sonder spanning en verwardheid word dit deur Harrison en Pennell (1989:41) nodig geag om op mikrovlak op die volgende te fokus: “Specifically, teens need to be educated regarding the unrealistic and irresponsible portrayals of males, females and sexual relationships in much of the media. Adolescents can also benefit from training in problem-solving, decision-making, and assertion skills as they relate to sex role behaviors, sexual activity, and peer pressure.....For both males and females, it would be useful to clarify the new roles available for women and to give permission for an expansion of norms for males”.

In ‘n seksuele opvoedingsprogram behoort die adolescent dus in sy soeke na identiteit, begelei te word. Moontlike identiteitskeuses en rolle kan onder die adolescent se aandag gebring word ten einde die adolescent te ondersteun in sy soeke na ‘n gepaste geslagsrolidentiteit. Buiten vir hierdie, behoort daar ook aandag geskenk te word aan die verhoudingswêreld van die adolescent met spesifieke verwysing na sy seksuele gedrag.

#### **4.5.1.2 Verhoudings**

Ten opsigte van die adolescent se verhoudingswêreld is dit eerstens belangrik om klem te lê op die feit dat die adolescent in verhouding tot haarself/homself staan. Dit is van kardinale belang dat die adolescent ‘n goeie selfbeeld behoort te hê aangesien dit ‘n invloed op sy seksuele gedrag het. Die adolescent is bewus van sy liggaam indien in ag geneem word hoe die liggaam tydens puberteit verander. Die adolescent behoort bewus te wees van sy liggaam se sensualiteit en van persoonlike higiëne (Fenwick en Walker, 1994:78). Onder persoonlike higiëne behoort die adolescent te let op slegte liggaamsreuke, ongehoorde knoppe in die borste of testes en infeksies om die genitalieë. Soos wat die adolescent se liggaam verander behoort hy bewus te raak van sy liggaam se sensitiwiteit en sensualiteit (Fenwick en Walker, 1994:26).

Tweedens staan die adolessent in verhouding tot sy mikrosisteem naamlik sy gesin. Derdens staan die adolessent in verhouding tot sy mesosisteem naamlik sy portuurgroep. Dit is van belang dat die adolessent se aandag gevestig moet word op fisiese kontak, die stadiums en die uitwerking daarvan, kenmerke van verliefdheid en liefde asook groepsdruk (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit:J1-J15). Vierdens staan die adolessent ook in verhouding tot die makrosisteem naamlik die gemeenskap of samelewing. Al hierdie verhoudings waarin die adolessent hom bevind beïnvloed sy identiteitsontwikkeling asook sy seksuele gedrag.

Al word hoeveel voorkomende programme en/of konsultasie aangebied, adolessente raak in seksuele aktiwiteite betrokke. Vervolgens word kortliks gelet op die voorkoms van seksuele gedrag en moontlike tendense wat onder adolessente kan voorkom.

#### **4.5.2 Die aard van seksuele gedrag onder adolessente**

Bodibe (1994:156) het 'n navorsingstudie geloods waarin bevind is dat 78,3% van die respondente wel seksuele omgang gehad het en slegs 21,7% nie, waarvan slegs 22,4% van kondome gebruik gemaak het en die ander 77,6% nie. Met die gebruik van kontrasepsie, het slegs 59,5% van die respondente daarvan gebruik gemaak en 40,5% nie. Verder bevind Bodibe (1994:186) dat meisies in die algemeen minder betrokke raak by seksuele gedrag as seuns.

Page (1990:27-28) het 'n navorsingstudie geloods onder swart matriek adolessente waarin bevind is dat 47% reeds seksuele omgang gehad het teenoor 53% wat nog maagde was. Van die manlike respondente het 61% en 22% van die vroulike respondente seksuele omgang gehad. Van die seksueel aktiewe manlike respondente het slegs 47% van kontrasepsie gebruik gemaak. Al die seksueel aktiewe vroulike respondente het van kontrasepsie gebruik gemaak. Verder is deur die navorsing van Bodibe (1994:157) bevind dat die grootste persentasie (88,7%) van die respondente hulle eerste ervaring in seksuele omgang tussen die ouderdom van 14 en 18 jaar gehad het.

Uit bogenoemde wil dit voorkom asof adolessente, seksueel aktief is en nie van die nodige kontrasepsie gebruik maak nie. Die afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag wat onder adolessente kan voorkom, word vervolgens bespreek.

#### 4.5.3 Maatskaplike problematiek: afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag

Aihoewel seks en seksuele gevoelens nie op sigself skadelik is nie, kan 'n ongesonde seksuele lewenstyl onvermydelik lei tot 'n tragedie wat selfs die dood kan beteken.

Afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag omsluit homoseksualiteit en lesbinisme, masturbasie, pedofilie, bloedskanie, pornografie, promiskuiteit, prostitusie, proefhuwelike, uitlokking (verleiding) en verkragting (Van Rooyen & Louw, 1993:82-101). Vervolgens 'n bespreking oor bogenoemde komponente van seksuele gedrag:

##### *Homoseksualiteit en lesbinisme*

Homoseksualiteit verwys na seksuele aangetrokkenheid tot lede van dieselfde geslag en na geslagsverkeer tussen lede van dieselfde geslag (Van Rooyen & Louw, 1993:82).

Lesbinisme is homoseksualiteit by die vrou. Daar kan onderskei word tussen aangetrokkenheid tot dieselfde geslag en die homoseksuele gedrag of ervaring. Sommige adolessente ervaar soms homoseksuele gevoelens, maar het geen homoseksuele ervaring nie. Ander het weer 'n seksuele ervaring, maar is nie homoseksueel nie. Adolessente begin egter dink hulle is homoseksueel as gevolg van die ervaring.

In sommige kulture volgens Van Rooyen & Louw (1993:83) word homoseksualiteit as 'n alternatiewe leefstyl aanvaar (in die VSA deur 64% van die gemeenskap), maar in Suid-Afrika word dit nog beskou as abnormale en teennatuurlike gedrag.

Die gevolge hiervan vir die homoseksuele persone is volgens Van Rooyen & Louw (1993:83) die volgende:

- Emosionele probleme soos neerslagtigheid, woede of aggressie.
- Ervaar nie sin in hulle lewens nie as gevolg van seksuele verwardheid.
- 'n Gelukkige huwelik en gesinslewe is hulle nie beskore nie.
- Intense eensaamheid en ongelukkigheid weens die verwerping van die gemeenskap.
- Vrees weens die verwerping van ouers asook spot van hulle portuurgroep wat dikwels homofobies optree, asof homoseksualiteit aansteeklik is.
- Probleme met verhoudings, want 'n dubbele lewe word uitgevoer.
- Godsdienstige skuldgevoelens en moedeloosheid ontstaan, omdat hulle glo hulle is verwerp en dat verandering onmoontlik is. Hierdie beleving van Godsverlatenheid lei soms tot selfmoord.
- Vrees vir VIGS as ongeneeslike siekte, die stigma wat daarmee gepaard gaan en die

verwerping deur die gemeenskap omdat VIGS met homoseksualiteit geassosieer word.

- Die homoseksuele leefstyl lei dikwels tot alkohol- en dwelmmisbruik, as ontsnappingsmedium.
- Homoseksuele kan slegs gelukkig wees as hulle andersheid aanvaar word deur die belangrike ander in hulle lewens.

Homoseksualiteit en lesbinisme is 'n ingewikkelde tendens met baie hartseer vir die adolessent self en gesien vanuit die sisteemteorie, ook vir ander mense in sy lewe. Die ouers en portuurgroep moet die adolessent se seksuele voorkeur verstaan en aanvaar. Dit is egter van belang dat die maatskaplike werker 'n adolessent met dié seksuele voorkeur, met dieselfde respek en eerbied sal hanteer as enige ander adolessent ten einde professioneel te kan optree.

### *Masturbasie*

Masturbasie is 'n verskynsel wat by sowel mans as vroue voorkom en behels die stimulering van die eie genitalieë ter wille van seksuele genot. Dit kan lei tot 'n orgasme (Van Rooyen & Louw, 1993:84).

In die verlede was die meeste mense se houding teenoor masturbasie baie negatief. Negatiewe nagevolge is voorspel vir diegene wat dit gepraktiseer het. Rekers (1995:45) meld die volgende: "Children, young and old, caught in the act might be told:

- It will cause pimples to erupt on your face
- It will cause hair to grow on the palms of your hands
- It will cause warts to grow on your body
- It will lead to your insanity"

Masturbasie is vandag, soos in die verlede, 'n ewe omstrede kwessie. Baie van die vroeëre idees en mites is steeds vandag heersend. Tog is daar sprake dat kenners hulleself ten gunste van masturbasie uitspreek. Faktore wat tans in hierdie verband in ag geneem word is onder andere, die vroeë seksuele rypwording van kinders, die hoë mate van seksuele stimulering deur die media, en lang studiejaar wat die huwelik tot laat in die twintigerjare uitstel (Van Rooyen & Combrink, 1993:85).

Adolescente masturbeer om van die geslagsdrange te verlig. Alle adolessente masturbeer nie, sommige het dit nie nodig nie en vir ander is die gedagte onaanvaarbaar. Sommige adolessente masturbeer slegs om te eksperimenteer, ander weer om eie vermoëns te toets en nog ander om onderliggende angs te probeer hanteer. Vir sommige is dit 'n gevestigde lewenswyse en vir ander 'n toevallige gebeurtenis. In sommige gevalle kan 'n element van spel voorkom, terwyl daar by ander 'n mate van opstand en aggressie tydens masturbasie teenwoordig kan wees. Wederkerige of groepsmasturbasie kan ook plaasvind met die doel om mekaar plesier te verskaf of in die geval van seuns, te wedywer wie die verste kan ejakuleer. Sulke spel kan aanleiding gee tot homoseksuele aktiwiteite (Van Rooyen & Combrink, 1993:85).

Rekers (1995:45-46) meld ten slotte: "As we instruct children and parents about this topic, we should not insist that all children will masturbate, but we should also make it clear that for those who find it pleasurable to rub or caress their genitals, there is no reason to feel guilty about such activity, and that when done it should be done in private".

### *Pedofilie en bloedskande*

Pedofilie volgens Louw (1989:315) behels seksuele fantasieë en dade van 'n volwassene met 'n kind. Bloedskande volgens Louw (1989:322) kan omskryf word as seksuele gemeenskap tussen persone wat weens bloed- of huweliksverwantskap nie met mekaar mag trou nie.

Die adolessent wat deur 'n vertroude ouer persoon seksueel mishandel word, beleef 'n verlies aan basiese veiligheid en vertroue in volwassenes, verwarring, skuldgevoelens en onmag. Ander gevolge van pedofilie en bloedskande kan een of meer van die volgende wees (Van Rooyen & Louw, 1993:87):

- Fisieke besering, veral by die genitalieë.
- Swangerskap.
- Geslagsiektes.
- Psigosomatiese pyne (maagpyn en hoofpyn).
- Emosionele probleme: Beangs, vrees en depressie.
- Swak selfbeeld, verlies aan eie waarde.
- Vroeë ryphed saam met swak selfbeeld lei tot promiskuïteit.
- Skoolwerk verswak, stökkiesdraaiery en weglopery.

- Verandering in gedrag: eet minder of meer, aggressief, skielike enurese en/of enkoprese.
- Selfvernietigende neigings wat manifesteer uit bulimia, anoreksia, dwelmmisbruik, skending van die liggaam, prostitusie en selfs selfmoord.
- Seksuele vrese, inhibisies en disfunksies wat herhaaldelik afwykende gedrag veroorsaak, byvoorbeeld molestering en verkragting van kinders wanneer die molesteerder self volwasse word.
- Verwarring ten opsigte van seksuele identiteit wanneer molestering homoseksueel van aard was.
- Kriminele gedragspatrone.
- As volwassene kan die gemolesteerde kind huweliksprobleme ervaar byvoorbeeld pynlike terugflitse tydens geslagsomgang.

Uit bogenoemde blyk dit dat die gevolge van pedofilie, bloedskanie en seksuele mishandeling legio is en dat sodanige maatskaplike probleme oordeelkundig hanteer behoort te word.

### ***Pornografie***

Pornografie is enige oudio-visuele middel (film, prent, band, boek) wat bedoel word om seksueel te prikkel (erotiseer, seksuele opwekking te veroorsaak) (Van Rooyen & Louw, 1993:89). Die tipe materiaal stuur die adolessent se gedrag in 'n meer permissiewe rigting.

Weens die wêreld se tegnologiese vooruitgang, bied die internet ook vrye toegang tot pornografiese materiaal. Adolessente hoef dus nie meer 'n pornografiese boek onwettig in 'n winkel te gaan koop nie, maar kan in die veiligheid van sy eie huis pornografiese materiaal besigtig. Die verantwoordelikheid lê by die ouers om die adolessente se toegang tot dit te beperk.

### ***Voorhuwelikse geslagsgemeenskap***

Voorhuwelikse geslagsgemeenskap word deur Stemmet (1982:64-65) omskryf as:

“...geslagsgemeenskap buite die huwelik met die oog op hoofsaaklik lusbevrediging en die gevolglike vermyding van swangerskap”. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap is gewoonlik onbeplan, seldsaam en sporadies (World Health Organization, 1993:20).

Die gevolge van voorhuwelikse geslagsgemeenskap volgens Bodibe (1994:6-12) kan onder andere ongewenste swangerskappe, abortsie, aanneming, tiener-ouerskap wat beroepe kan ontwrig en laer lewenstyl tot gevolg kan hê, wees. Hiermee saam kom ook al die emosionele ontwrigting soos onder andere skuldgevoelens en vrees.

### ***Promiskuiteit***

Promiskuiteit ook bekend as seksuele losbandigheid of “rondslap-gewoontes”, is vrye geslagtelike omgang. Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat promiskuiteit toeneem as die toename in verskynsels soos saamwonery, voorhuwelikse geslagsgemeenskap, buite-egtelike geboortes, seksueel oordraagbare siektes en VIGS in gedagte gehou word. Daar is ‘n groter aanvraag vir voorbehoedmiddels deur ongetroudes en meer ongetroude meisies en vroue raak swanger. Daar is ook ‘n groter aanvraag vir berading oor seksuele aangeleenthede. (Van Rooyen & Louw, 1993:90).

Van Rooyen & Louw (1993:91) meld die volgende gevolge van promiskuiteit vir die promiskue persoon:

- Meer blootgestel aan buite-egtelike swangerskappe en seksueel oordraagbare siektes soos VIGS.
- Ervaar ‘n verlies aan selfrespek en die respek van ander.
- Leef in onsekerheid en vrees ten opsigte van ‘n moontlike swangerskap of siekte.
- Ly aan skuldgevoelens teenoor God, familie, werkgewer en persone uit vorige verhoudings.
- Voel dikwels God- en mensverlate.
- Ervaar geen sin in hul bestaan en pleeg soms selfmoord.
- Dikwels so vasgevang in ‘n losbandige leefstyl met dikwels die gepaardgaande dwelms en drank, wat verandering in leefstyl en reputasie bemoeilik.
- Persone wat voor hulle huwelik losbandig was, vind dit baie moeilik om binne die huwelik lojaal te bly aan één persoon. Vertrouensverhouding lei gewoonlik skade.

### ***Prostitusie***

Prostitusie behels buite-egtelike geslagsgemeenskap met die doel om vergoeding daarvoor te ontvang. Prostitusie word deur sowel vrouens as mans met dieselfde of die teenoorgestelde geslag bedryf (Van Rooyen & Louw, 1993:92). Die gevolge van die prostitusieleefstyl op die prostitute is volgens Van Rooyen & Louw (1993:92-93) die

volgende:

- Opvoeding en onderwys bly onvoltooid.
- Maak deel uit van die hoë risikogroep vir die opdoen en verspreiding van geslagsoordraagbare siektes, soos VIGS.
- Vroulike prostitute word dikwels swanger en ondergaan aborsies, of moet hulle kinders in dié milieu grootmaak.
- 'n Gebrek aan langtermyn ideale - konsentreer op korttermyn onmiddellike vergoeding.
- Indien jong prostitute gearresteer word en in inrigtings geplaas word, word hulle gekontamineer deur ouer, meer ervare prostitute.
- Weens 'n swak selfbeeld is die koppelaar (pimp) soms die enigste persoon wat omgee. Die prostituut is dus so uitgelewer aan, en afhanklik van die koppelaar.
- Alkohol- en dwelmmisbruik. Prostitueer soms om die gewoonte te onderhou.
- Word soms seksueel misbruik, verkrag of vermoor.
- Raak soms betrokke in 'n homoseksuele ervaring vir vriendskap en warmte.
- Stigmatisering en etikettering deur die gemeenskap bemoeilik 'n latere 'normale' gelukkige huweliks- en gesinslewe.

Die oorsake vir prostitusie is primêr geleë in versteurde gesinsverhoudings. Dit vloei weer oor na swak interpersoonlike verhoudings buite die gesinsopset. Van Rooyen & Louw (1993:93) meld dat die *verhouding tussen die ouers* gekenmerk word deur 'n gebrek aan liefde en warmte en is gewoonlik onstabiel en kortstondig van aard. Schaffer & De Blassie (1980) soos aangehaal deur Van Rooyen & Louw (1993:93) noem egskeiding, promiskuiteit by ouers en gesinskonflik as kenmerkend van die prostituut se ouerhuis. 'n Gevoel van ongeborgenheid volg by die kind. Soms is die vader 'n afwesige swakkeling, oorheers deur sy vrou, maar meer dikwels is hy streng, brutaal en temperamenteel. Die ouers se normvoorlewing wissel van 'n losbandige, immorele leefstyl tot 'n te rigiede waardestelsel. Die kind leef dikwels in isolasie van tradisionele waardes en godsdienstnorme. Die opvoedingsverhoudings is versteur. Die meeste prostitute het baie min liefde en warmte van hulle ouers ontvang, word meestal as 'n las beskou en verwerp, mishandel, selfs seksueel gemolesteer of aangemoedig om geld vir die gesin as prostituut te verdien. Die ouers het 'n swak en inkonsekwente gesagsverhouding met die kind.

Die gevolge vir die adolessent weens die versteurde opvoedingsverhoudings is volgens Van Rooyen & Louw (1993:93) die volgende:

- Swak selfbeeld
- Affektief verwaarloos
- Lei soms aan depressie
- Tree onverantwoordelik op
- Swak interpersoonlike verhoudings. Prostitueel is emosioneel afgestomp en ken nie die verskil tussen seks en liefde nie.
- Geslagsrolverwarring
- Swak skoolprestasie, verlaat skool vroeg, word min betaal vir vervelige werk, en word aangetrek deur die “opwindende lewe” van prostitusie. Weens die swak ouerlike toesig en onbetrokkenheid, word die adolessent deel van ‘n subkultuur van drank en dwelms, geld word benodig en wend haar tot prostitusie.
- Gebrekkige geslagsopvoeding lei daartoe dat die adolessent nie respek het vir die eie en ander se liggaam, die waarde van ‘n gesonde liggaam, liggaamlike reinheid en sedelike kuisheid, asook kennis van swangerskap en geslagsoordraagbare siektes leer nie.
- Die prostitueel is nie sedelik selfstandig, toerekeningsvatbaar, verantwoordelik en bewus van sy/haar roeping nie.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat adolessente wat hulle wend na prostitusie dit kan doen om verskeie redes.

### ***Proefhuwelike***

Stemmet (1982:69) konstateer proefhuwelik as volg: “Twee persone van die teenoorgestelde geslag gaan ‘n huwelik aan (nie wettig nie) maar kinders mag nie uit dié verhouding gebore word nie. Sou dit na ‘n bepaalde tyd blyk dat die “huwelik” suksesvol is, word ‘n wettige huwelik gesluit. Indien die “huwelik” egter onsuksesvol is, gaan die twee “uiteen”.

Die redes waarom twee mense besluit om saam te woon sonder om te trou kan volgens Van Rooyen & Louw (1993:93-94) een of meer van die volgende wees:

- Finansiële voordelig.
- Rebelse houding teenoor ouers of ander familieledede.

- Grootword met permissiewe houding teenoor seksuele gedrag.
- Verswakking van morele waardes wat dikwels gepaardgaan met verstedeliking; die individu kwyn weg in die massa en doen wat hy/sy wil.
- Heg nie waarde aan die huwelik as heilige instelling nie.

Stemmet (1982:69) sluit by bogenoemde aan deur te meld dat ‘n proefhuwelik voordeel inhou in die sin dat dit vrye seksuele verkeer bied en langs dié weg kan die regte huweliksmat proefondervindelik bekom word. Vanuit ‘n religieuse benadering beskou, is die bogenoemde twyfelagtige voordele. Stemmet (1982:69) meld dan ook in die verband as volg: “In proefhuwelike word daar gegryp na die voorregte van ‘n huwelik, sonder bereidwilligheid om die verantwoordelikheid daarvan te aanvaar”.

Die gevolge van hierdie lewenstyl volgens Van Rooyen & Louw (1993:94) is:

- Emosionele afstomping.
- Versaakliking van en verveeldheid met die seksuele en ‘n wrede ontnugtering daarmee.
- Verlies aan wedersydse respek en kan later uit verpligting trou.
- Weens voorhuwelike geslagsgemeenskap en onvoldoende voorbehoeding is daar dikwels gevolge soos buite-egtelike geboortes, aborsie en siektes soos VIGS.
- Weens die gebrek aan emosionele sekuriteit en onsekerheid oor die toekoms van die verhouding lei dit tot spanning, jaloesie, sinloosheid in bestaan en ‘n gevoel van leegheid.

### ***Uitlokking (verleiding)***

Binne die konteks van seksuele gedrag sou uitlokking dus ‘n poging wees om iemand anders te oorreed om seksueel onvanpas op te tree; iets te doen wat hy of sy nie eintlik wil doen en onder normale omstandighede nie sou doen nie. Uitlokking gaan met opset gepaard en is gewoonlik nie toevallig nie. Die persoon maak homself aantreklik met die doel om ‘n ander persoon te verlei en hoewel daar dikwels teenstand van die ander persoon is, volhard die verleier om sodoende sy doel te bereik (Van Rooyen & Louw, 1993:94).

Die persoon wat verlei word, neem dikwels deel aan seksuele aktiwiteite met die verleier. Dit kan lei tot die volgende gevolge (Van Rooyen & Louw, 1993:95):

- Arrestasie (indien daar geld en prostitusie ter sprake is).

- Skuldgevoelens
- Vrees vir ontdekking, swangerskap en siektes soos Vigs
- Verlies aan selfrespek
- Emosionele afstomping
- Huweliksverbodskeling

### *Verkragting*

Verkragting volgens Van Rooyen & Louw (1993:95) kan as volg gekonstateer word: “Verkragting is ‘n misdaad waarin die liggaamlike integriteit van die vrou aangetas word. Dit is ‘n misdaad waarin die man wederregtelik en opsetlik *geslagsgemeenskap* het met ‘n vrou *sonder haar toestemming*. Daar moet vaginale penetrasie wees, dit maak nie saak of daar saadstorting was en of sy swanger geraak het nie. In Suid-Afrika word een vrou elke drie minute verkrag.

### *Seksuele viktimasering van adolessente*

Seksuele viktimasering geskied nie net binne die gesin in terme van bloedsbande nie maar die tendens, kinderseksringe, impliseer die groeiende mishandeling van adolessente buite die gesinsverband.

Kinderseksringe is onder andere so ‘n praktyk buite die gesinsverband. Solo-kinderseksringe, oorgangskinderseksringe en sindikaat-seksringe kan onderskei word. In Rekers (1995:165) word solo-seksringe as volg gekonstateer: “Solo sex rings are characterized by the involvement of multiple children in sexual activities with one adult, usually male, who recruits the victims into his illicit activities by legitimate means”. Die oortreder kan in dié geval geïdentifiseer word op die wyse waarmee hy toegang tot die slagoffers kry en hulle seksueel verstrik, die vestiging van kontrole oor die kinders, handhawing van isolasie en geheimhouding, asook die tipe aktiwiteite. ‘n Slagoffer kan of manlik of vroulik wees, van baba tot adolessent (Rekers, 1995:165).

In Rekers (1995:175, 176) word oorgangskinderseksringe en sindikaat-kinderseksringe as volg gekonstateer: “In transition sex rings, multiple adults are involved sexually with the children, and the victims are usually adolescents.....Syndicated sex rings are well-structured organizations involving the recruitment of children, the production of pornography, the delivery of direct sexual services and the establishment of an extensive

network of customers”.

Afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag lei gewoonlik tot ontwrigting en hartseer by sowel die individu as in die gemeenskap. Samelewingstendense wat voortvloei hieruit is aborsie, buite-egtelike geboortes, tienerswangerskappe en geslagsoordraagbare siektes (Van Rooyen & Louw, 1993:101-114).

#### 4.5.4 Samelewingstendense

##### *Aborsie*

Dit blyk dat aborsie die mees algemene vorm van geboortebeperking in die wêreld is. In Suid-Afrika word beraam dat een uit elke vier swangerskappe op die wyse beëindig word (Van Rooyen & Louw, 1993:102). Vandat die wet, Keuse op Terminasie van Swangerskap, Wet 92 van 1996, in werking gestel is, was daar tot einde Februarie 1999 ongeveer 58 000 aborsies in Suid-Afrika. Die syfer sluit agterstraat aborsies uit (Edu-Care, 1999).

Die gevolge van aborsie kan onderverdeel word in fisiese sowel as psigiese gevolge (Van Rooyen & Louw, 1993:103):

##### *Fisieke gevolge:*

Indien die operasie deur ‘n mediese dokter onder kliniese omstandighede gedoen word, is daar gewoonlik geen fisieke gevolge wat nadelig is nie. Dit is egter wanneer aborsies onder onhigiëniese omstandighede deur leke gedoen word, dat ernstige komplikasie dikwels intree. Die komplikasies wat kan voortspruit, is:

- Operasietrauma
- Geperforeerde uteruswand
- Infeksie
- Peritonitis
- Bloeding
- Probleme as gevolg van narkose
- Steriliteit
- Volgende geboortes prematuur
- Ongereelde menstruele siklus
- Pynlike geslagsgemeenskap

### *Psigiiese gevolge:*

Die vrou ervaar aanvanklik geen negatiewe psigiiese gevolge nie. Dikwels ervaar die vrou 'n gevoel van verligting. Een of meer van die volgende negatiewe psigiiese gevolge kan later teenwoordig wees.

- Skuldgevoelens, veral by godsdienstige vroue
- Selfverwyt en/of hartseer
- Angs en/of depressief
- Psigosomatiese toestande
- Blameer ander veral as sy steriel is na die operasie.
- Ernstige geestelike versteurings kom soms voor.
- Selfmoord in enkele gevalle
- Haat haar metgesel as hy haar op selfsugtige wyse geforseer het om abortsie te laat doen.
- Emosionele afstomping en verlies aan selfrespek, veral as sy meer as een abortsie gehad het.

### *Buite-egtelike geboortes*

Buite-egtelike geboortes is van die mees tragiese gevolge van onverantwoordelike seksuele gedrag. Die gevolge van buite-egtelike geboortes volgens Van Rooyen & Louw (1993:104) is:

- Die kind is gewoonlik lid van 'n enkelouergesin. Soms is die moeder steeds losbandig en so word die kind 'n slagoffer van 'n milieu met lae sedelik-etiese norme.
- Die moeder het nie net die krisis van armoede en die versorging van haar kind nie, maar het dikwels hulp nodig met betrekking tot depressie, skuld, onsekerheid en vernedering.
- Die gemeenskap het 'n verantwoordelikheid om die enkelouergesin finansiële te dra.

### *Voorhuwelikse adolessente swangerskappe*

Adolessente swangerskappe is 'n kommerwekkende tendens aangesien dit nie net 'n nadelige effek op die adolessent het nie, maar ook op die ouers, vader van die kind, en die gemeenskap. Van Rooyen & Louw (1993:105) meld dat in Suid-Afrika 11% van alle babas wat gebore word, babas van tieners is. Die gemiddelde ouderdom waarop adolessente in

Suid-Afrika seksueel aktief raak is 15,9 jaar, in vergelyking met die adolessente in Amerika waar die ouderdom 16,9 jaar is.

Die oorsake van ongewenste adolessente swangerskappe is onder andere (Esterhuizen, 1991:95-116; Van Rooyen & Louw, 1993:106) die volgende:

- Die rol van kontrasepsie, onder andere die swak beskikbaarheid en onbetroubaarheid daarvan.
- Liggaamlike ontwikkelingsfase van die adolessent.
- Sosiaal-ekonomiese konteks van die adolessent.
- Die morele verval en permissiwiteit van die breë gemeenskap wat weer die weerstanning van groepdruk bemoeilik.
- Interpersoonlike verhoudinge.
- Psigologiese faktore.
- Fisieke - en geestelike gestremdheid

Die gevolge van voorhuwelikse adolessente swangerskappe is dramaties (Esterhuizen, 1991: 121-139, Van Rooyen & Louw, 1993:105; World Health Organization, 1993:22-26)

- Emosionele ontwrigting soos skuld, skaamte, depressie, mislukking, bekommernis afkeer in diegene wat bygedra het tot die dilemma. Spanning tesame met persoonlike vertwyfeling, onsekerheid, eensaamheid en magteloosheid, meer as hulle tydsgenote. Sosiale druk, vervreemding en isolasie van vriende en familie kan ook voorkom. Angstoestande veroorsaak dikwels ernstige psigiese probleme wat soms selfs tot selfmoord lei.
- Gesondheidsrisiko vir die moeder en kind. Vir die adolessente kan die gee van geboorte die volgende probleme inhou: bloedarmoede, pre-eklampsia, toksiese toestande, voedingstekorte en 'n verlengde kraamtydperk. Sterftes tydens of direk na swangerskap is vyf keer groter vir moeders onder sestien jaar as vir vrouens tussen twintig en vier-en-twintig. Babas van adolessente het dikwels 'n laer IK weens wanvoeding en swak voorgeboortelike sorg. Stilgeboortes kom twee keer meer voor as by volwassenes en daar is 'n groter insidensie van prematuriteit, lae geboortegewig, verstandelike vertraging, siektetoestande na die geboorte en dood binne die eerste lewensjaar.
- Skoolopleiding van veral die dogter word beïnvloed en gevolglik ook die werksituasie en finansiële posisie van die adolessent. Armoede kan lei tot

verwaarlosing en dikwels mishandeling van die kind. Kinders uit adolessente swangerskappe het dikwels aanpassingsprobleme op skool en ondervind meer leerprobleme as kinders van ouer moeders.

- Die risiko beskouende oplossing: adolessente huwelike.
- Komplekse regshandeling.
- Induseering van aborsie

### *Geslagsoordraagbare siektes (GOS)*

GOS versprei deur seksuele kontak. Die verspreiding hiervan hou direk verband met promiskuiteit. Hoë risiko persone is prostitute, mense wat seksuele kontak het met prostitute, biseksuele, persone wat veelvoudige seksuele maats het en persone wat buitewegtelike verhoudings het. 'n Swanger adolessent met GOS kan haar baba infekteer of voor die geboorte of tydens die geboorte in die geboortekanaal. Daar is 'n direkte verband tussen dié siektes en die persoon se leefstyl (Van Rooyen & Louw, 1993:107-108).

Dit blyk dus uit bogenoemde dat adolessente hulleself in legio maatskaplike problematiek kan dompel as gevolg van seksuele aktiwiteite. Verder blyk dit ook dat 'n groot verantwoordelikheid lê by die ouers om hulle liefde, aanvaarding en die genoegsame materiële te gee. Verskeie ander redes word vervolgens vermeld.

#### **4.5.5 Redes vir afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag**

Die redes vir afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag kan navorser in een woord opsom naamlik, verwerping. Die mens, meer spesifiek dan die adolessent, het 'n behoefte aan liefde. Die wêreld is egter gevul met die teenoorgestelde, naamlik verwerping. Adolessente word deur hierdie liefdeloosheid en verwerping wat hulle daaglik ervaar, veral by die huis, gedryf in die arms van afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag. Masserman & Uribe (1989:19-20) meld die volgende as redes vir die verhoging van die voorkoms van seksuele aktiwiteite onder adolessente:

- (1) **Familiaal:** Ouers wat nie getroud is nie, selfs in relatiewe stabiele huishoudings is kinders bewus van hulle ouers se seksuele vryheid. In vele huishoudings word nuditeit as natuurlik en glad nie as steurend beskou nie. Ouers se seksuele omgang kan openlik gepraktiseer word.
- (2) **Kultureel:** Die onderskeid tussen populêre literatuur en openlike pornografie het baie moeilik geraak. Daar is ook 'n vermindering in beperkings op televisie en

films, in huise asook in ander plekke, ten opsigte van vertoonde nuditeit, uitgebeelde verleiding, pogings tot verkragting en tonele van eksplisiete koïtus. Moeders is trots daarop om hulle adolessente dogters meer aantreklik aan te trek met die klem op die heupe, bene en borste, terwyl vaders substituut viriliteit vind in hulle seun se seksuele avonture.

- (3) Seksuele opvoeding: Kursusse op skool is waardevol om die fisiologiese sy van seksualiteit te klarifiseer, om adolessente te waarsku ten opsigte van bloedskaade, veneriese - en sistemiese siektes en om wyses waarop swangerskap verhoed kan word oor te dra. Sulke kursusse beklemtoon dat kontrasepsie en servikale inplantings ouerlike toestemming vereis sowel as geneeskundige dienste, en dat adolessente ouerskap ernstige mediese, sosiale en wetlike komplikasies omsluit; nogtans, verneem adolessente dat kondome of vaginale jellies redelik beskikbaar is vir “safe sex” - baie adolessente verstaan die instruksies verkeerd of slaan geen ag op waarskuwings.
- (4) Godsdienste: Bevindinge het daarop gedui dat daar geen beduidenswaardige verskille in seksuele betrokkenheid onder adolessente van verskeie gelowe bestaan nie. Morele onderrig blyk nie noodwendig effektief te wees nie.
- (5) Globaal: Seksualiteit blyk ‘n vorm van ontvlugting te wees van wêreld wye nuklêre angtigheid.

In aansluiting by bogenoemde is swak kommunikasie. Westheimer (1995:69) meld die volgende: “In our culture, we don’t talk about sex as much as we engage in sexual activities”. Die World Health Organization (1993:20) sluit hierby aan deur die volgende te meld: “While sexual feelings can be expressed in many ways that are not in themselves harmful to health, expression of the sexual urge is often greeted with anxiety or anger by adults, and frequently with fear, guilt and shame by the young people themselves. These responses combine to drive both sexual feeling and sexual behaviour underground, making communication about the healthy development of sexuality within affectionate and responsible relationships more difficult”.

#### 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gefokus op die omvangryke seksuele kennis waaroor die adolessent kan beskik. Tweedens is gefokus op die seksuele houding van adolessente. Die seksuele kennis en - houding van die adolessent beïnvloed weer die adolessent se seksuele gedrag wat laastens bespreek is.

Om die adolessent te ondersteun in die ontwikkeling van 'n gesonde seksualiteit kan vanuit die maatskaplikewerkprofessie formele seksuele voorligtings- en opvoedingsprogramme geloods word ten einde die adolessent hiertoe instaat te stel. Soos geblyk het uit die hoofstuk is die omvang van seksualiteit so groot dat om 'n program te ontwikkel kompleks kan wees. Om hierdie taak dan te vergemaklik, word 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument ontwikkel, die doel van die studie, ten einde die maatskaplike werker instaat te stel om 'n meer doelgerigte program op te stel. In hoofstuk 5 word daar gefokus op die ontwikkeling van 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument.

## HOOFSTUK 5

# DIE ONTWIKKELING VAN 'N NIE-GESTANDAARDISEERDE ASSESSERINGSINSTRUMENT

### 5.1 INLEIDING

Ten einde 'n effektiewe intervensieprogram saam te stel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan aanspreek is dit belangrik dat genoemde komponente vooraf deeglik geassesseer word. Volgens Du Toit (1998:83) het die benutting van assessering effektiwiteit, verantwoordbaarheid, verhoging van kennis en wetenskaplike dienslewering tot gevolg. Assessering is 'n doelbewuste proses wat benut word ten einde rigting te gee aan die intervensieproses. Die noodsaaklikheid van assessering is dat dit sodanige intervensieprogram sal rig ten einde in die spesifieke behoeftes van die teikengroep te voorsien.

In hoofstuk 1 is assessering omskryf as 'n produk sowel as 'n proses. Aangesien 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument ontwikkel is, is hier dus sprake van assessering as 'n produk. Tog moet in gedagte gehou word dat die produk prosesse gaan verreken en dus assessering as proses ook hier ter sprake is. Faul (1995) het 'n proses vir die ontwikkeling van skale in maatskaplike werk bekendgestel en beskryf. Die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument soos in hierdie studie van toepassing, sal aan die hand van hierdie proses, wat uit vier fases met spesifieke hoof gebeurtenisse en aktiwiteite binne elke fase bestaan, beskryf word.

### 5.2 DIE PROSEDURE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N NIE- GESTANDAARDISEERDE MAATSKAPLIKE ASSESSERINGSINSTRUMENT

Die fases van dié ontwikkelingsproses is eerstens die pre-ontwikkelingsfase, tweedens die ontwikkelingsfase, derdens die valideringsfase en laastens die benuttingsfase. Die fases, met die hoof gebeurtenisse en aktiwiteite van elke fase kan as volg getabeleer word (Faul, 1995:35):

**Tabel 5.1: Die prosedure vir die ontwikkeling van ‘n assesseringsinstrument**

<b>FASES</b>	<b>HOOF GEBEURTENIS</b>	<b>AKTIWITEITE</b>
<i>Pre-ontwikkelingsfase</i>	A. Probleem identifisering	1. Probleem analisering
		2. Doel van studie
	B. Teorie formulering	3. Identifisering en beskrywing van teoretiese raamwerk waarin die skaal ontwikkel is.
		4. Identifisering van operasionele assesseringsarea wat met die skaal gemeet gaan word
		5. Definieer konstrakte wat gemeet gaan word
<i>Ontwikkelingsfase</i>	C. Skaalontwikkeling	6. Ontwerp items
		7. Bepaal die lengte van die skaal
		8. Skaal die items
		9. Ontwerp ‘n toekenningsformule
		10. Skryf instruksies vir respondente
		11. Formuleer navorsingsprobleem
<i>Valideringsfase</i>	D. Ontwerp valideringstudie	12. Selekteer die steekproeftegniek
		13. Bepaal die grote van die steekproef
		14. Berei die navorsingspakket voor
		15. Administreer navorsingspakket aan steekproef
	E. Data insameling	16. Bereken die Alfa koëffisiënt
	F. Onderzoek betroubaarheid	17. Bereken die standaard fout van meting
		18. Beoordeel gesigsgeldigheid
	G. Onderzoek geldigheid	19. Beoordeel inhoudsgeldigheid
		20. Onderzoek inhoudsgeldigheid
		21. Onderzoek konstrugeldigheid
		22. Onderzoek kriteriumgeldigheid
		23. Vas stel van kliniese afsnypunte
	<i>Benuttingsfase</i>	I. Disseminasie van informasie
25. Skryf ‘n artikel		

Aan die hand van die prosedure soos uiteengesit in tabel 5.1 volg ‘n bespreking van die fases, hoofgebeurtenisse en hulle onderskeie aktiwiteite (Faul, 1995:38-100) wat gevolg behoort te word, soos in hierdie studie van toepassing is.

### 5.2.1 Pre-ontwikkelingsfase

In hierdie fase van die ontwikkeling is dit belangrik dat die probleem geïdentifiseer word, en die teoretiese raamwerk ontwikkel sal word waarbinne die ontwikkeling van die assesseringsinstrument sal plaasvind.

#### 5.2.1.1 Hoof gebeurtenis A: Probleem identifisering

##### **Aktiwiteit 1: Probleem analisering**

'n Sorgvuldige probleemanalise is van belang. Die rede vir die ontwikkeling van 'n nuwe skaal moet duidelik gestel word. Dit kan moontlik wees dat geen skaal vir die meet van 'n spesifieke area van belangstelling, beskikbaar is nie, of probleme word met 'n bestaande skaal ervaar (Faul, 1995:38-100). Soos in hoofstuk 1 volledig bespreek is, is die rede vir die studie dat daar 'n behoefte bestaan na 'n meetinstrument, om die kennis, houding en gedrag van die betrokke kliëntsisteem te assesser ten einde 'n spesifieke seksuele opvoedingsprogram wat in die betrokke kliëntsisteem se behoeftes sal voorsien, te ontwerp (Goslin, 1994:178; Seydel, 1992:175).

##### **Aktiwiteit 2: Doel van studie**

In die pre-ontwikkelingsfase is dit ook belangrik om die doel van die studie te beskryf, met ander woorde, watter soort skaal gaan ontwikkel word, wat sal die skaal meet en watter soort geldigheidstoetsing gevolg word (Faul, 1995:38-100). In hoofstuk een is die doel van die studie naamlik om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan assesser, uiteengesit. Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument sal drie konstrakte meet naamlik seksuele kennis, - houding en - gedrag. Die geldigheidstoetsing sal gesigs- ; inhouds- en konstrukgeldigheid insluit. Die betroubaarheid van die assesseringsinstrument sal bepaal word deur die berekening van die Alpha koëffisiënt. Die minimum standaard wat gestel word is  $\text{Alpha} = 0.80$ .

#### 5.2.1.2 Hoof gebeurtenis B: Teorie formulering

##### **Aktiwiteit 3: Identifisering en beskrywing van teoretiese raamwerk waarin die skaal (assesseringsinstrument) ontwikkel is.**

Die identifisering van 'n spesifieke teoretiese raamwerk moet geskied voor die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die teoretiese raamwerk rig die navorser se denkproses en dui ook die insluiting van items in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aan (Du Toit, 1998:108).

In hierdie studie is die model van Rothman & Thomas, die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson as teoretiese fundering geselekteer (sien hoofstuk 2).

**Aktiwiteit 4: Identifisering van operasionele assesseringsarea wat met die skaal (nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument) gemeet gaan word**

Die aktiwiteit omsluit hoofsaaklik die identifisering van die spesifieke assesseringsareas wat gemeet gaan word. Die teoretiese raamwerk in aktiwiteit 3 het die navorser gelei in die vasstelling van die spesifieke assesseringsareas.

Vanuit die sisteemteorie blyk dit duidelik dat die adolessent in verskeie areas ontwikkel en dat die verskillende ontwikkelingsareas mekaar wedersyds beïnvloed. Die volgende ses assesseringsareas kan binne die ontwikkeling van die adolessent geïdentifiseer word: fisiese ontwikkeling, psigososiale ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, seksuele ontwikkeling en morele ontwikkeling. Vir die doeleindes van hierdie studie is seksuele ontwikkeling as assesseringsarea geselekteer met die oog op ontwikkeling van 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument.

Uit die voorafgaande uiteensetting in hoofstuk 4 oor die teoretiese fundering van seksuele ontwikkeling, is dit duidelik dat die konsep seksuele ontwikkeling besonder kompleks is. Om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel wat hierdie komplekse konsep kan meet en ontleed, is dit noodsaaklik dat die konsep, seksuele ontwikkeling, geoperasionaliseer moet word. Die operasionalisering van seksuele ontwikkeling as assesseringsarea behels die definiering van die toepaslike konstrakte naamlik seksuele kennis, - houding en - gedrag.

**Aktiwiteit 5: Definieer konstrakte wat gemeet gaan word**

Die laaste aktiwiteit in die pre-ontwikkelingsfase is die definiering van die konstrakte wat gemeet gaan word. Die veranderlikes moet in waarneembare terme geformuleer word. Die eindproduk van die konseptualiseringsproses is die spesifikasie van 'n stel indikatore wat die navorser in gedagte het en die identifisering van die teenwoordigheid of afwesigheid van die konsepte wat ondersoek word (Faul, 1995:38-100).

Die konstrakte verbonde aan die konsep seksuele ontwikkeling is seksuele kennis, - houding en - gedrag. Die strukturele - en prosesmatige eienskappe van hierdie konstrakte soos verkry uit literatuurnavorsing en weergegee in hoofstuk 4 wat die konseptualisering

omsluit, is binne die teoretiese raamwerk van die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson versoenbaar (Delport, 1992: 183-184). Die volgende fundamentele strukturele- en prosesmatige eienskappe van seksuele kennis, - houding en - gedrag is relevant vir operasionalisering - sowel as assesseringsdoeleindes:

## A. Seksuele kennis

- \* Oorsprong van kennis: Inligtingsbronne
  - Moeder
  - Vader
  - Boeke/tydskrifte/pamflette
  - Portuurgroep
  - Massamedia: TV en fliëks
  - Internet
- \* Kwaliteit van seksuele kennis
  - Volledig of onvolledig
  - Inkorrekt of korrek
- \* Kwantiteit van seksuele kennis
  - Teoretiese en fisiologiese aspekte
  - Houding
  - Gedrag
- \* Toeganklikheid vs. Ontoeganklikheid van seksuele kennis
  - gesinstrukture
  - kommunikasie
- \* Nie- staties: verander- en beïnvloedbaarheid van seksuele kennis
- \* Kenniskomponente
  - Seksualiteit
  - Puberteit
  - Voortplanting: Manlike - en vroulike voortplantingstelsels, konsepsie, swangerskap en geboorte
  - Kontrasepsie
  - Menstruasie
  - Masturbasie
  - “Wet dreams”
  - “Petting”

- Seksuele omgang
- Homoseksualiteit/lesbianisme
- Prostitusie
- Pornografie
- Verkragting
- Seksueel oordraagbare siektes
- Vigs
- Aborsie

## **B. Seksuele houding**

- \* Liberaal vs. Konserwatief
- \* Meer - vs. Minder moralisties
- \* Verantwoordelikeheidsin vs. Onverantwoordelikeheidsin
- \* Positief vs. Negatief
- \* Inkonsekwente vs. Konsekwente houding
- \* Tevredenheid vs. Ontevredenheid met betrekking tot:
  - persoonlike seksualiteit
  - sosiale verhoudings
- \* Weerstand teen of aanvaarding van voorhuwelikse seksuele omgang
- \* Sekerheid vs. Onsekerheid met betrekking tot:
  - persoonlike seksuele waardes
  - emosionele behoeftes
  - persoonlike sosiale gedrag
  - persoonlike seksuele reaksies
  - langtermyn doelwitte

## **C. Seksuele gedrag**

- \* Verskillende beïnvloedingsfaktore bepaal seksuele gedrag
  - Seksuele houding
  - Seksuele kennis
  - Lewensvaardighede: probleemoplossings-, besluitnemings-, selfgeldendevaardighede
  - Ontwikkelingsvlakke
  - Familiaal en swak kommunikasie

- Kultureel en globaal
- Godsdienst
- \* Verwardheid tydens identiteitsontwikkeling by die adolessent beïnvloed sy seksuele gedrag
  - Stereotipering
  - Onrealistiese en onverantwoordelike beeld van manlikheid en vroulikheid
  - Portuurgroepsdruk
  - Verpligte konformerings met tradisionele geslagsrolle
  - Onbewus van verhoogde buigbaarheid in geslagsrolle en norme
- \* Sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag, is die adolessent se:
  - Selfbeeld en bewustheid van eie liggaam
  - Verhouding tot mikro-sisteem: gesin
  - Verhouding tot meso-sisteem: portuurgroep
  - Verhouding tot makro-sisteem: gemeenskap/samelewing
- \* Verantwoordelike vs. Onverantwoordelike seksuele gedrag
  - Seksuele omgang met/sonder kontrasepsie
  - Seksuele omgang met/sonder kondoom
  - Ouderdom waarop eerste seksuele omgang plaasgevind het
- \* Liberale vs. Konserwatiewe seksuele gedrag
  - Verlieftheid vs. Liefde
  - Fisiese kontak
  - Promiskuiteit
  - Uitlokking
- \* Afwykende vs. Kontekstuele aanvaarbare seksuele gedrag
  - Homoseksualiteit en lesbinisme
  - Masturbasie
  - Pornografie
  - Voorhuwelike geslagsgemeenskap
  - Proefhuwelike
- \* Ander gevolge weens onverantwoordelike, permissiewe en/of afwykende seksuele gedrag:
  - Psigosomatiese pyne
  - Emosionele probleme

- Identiteitsprobleme
- Gedragsveranderinge en selfvernietigende neigings
- Verhoudingsprobleme
- Gebrekkige opvoeding en onderwys
- Seksuele probleme
- Komplekse regshandelinge
- \* Veranderbaarheid of onveranderbaarheid van seksuele gedrag
- \* Tevredenheid vs. Ontevredenheid ten opsigte van seksuele gedrag
  - Verwerping
  - Seksuele genot

Na deeglike analisering van die eienskappe van die konstrunkte seksuele kennis, - houding en -gedrag, omskryf die volgende indikatore die drie konstrunkte waaruit die konsep seksuele ontwikkeling saamgestel is:

#### **Konstruk 1: Seksuele kennis**

- \* Hoë mate van **verskillende of beperkte** inligtingsbronne ten opsigte van seksuele kennis.
- \* Hoë mate van **volledig of onvolledig** verworwe seksuele kennis.
- \* Hoë mate van **korrekte of inkorrekte** verworwe seksuele kennis.
- \* Hoë mate van **voldoende of onvoldoende** verworwe seksuele kennis.
- \* Hoë mate van **toeganklikheid of ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband (van ouers).
- \* Hoë mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis.
- \* Hoë mate van **ingeligtheid of oningeligtheid** ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede

#### **Konstruk 2: Seksuele houding**

- \* Hoë mate van **liberale of konserwatiewe** seksuele houding.
- \* Hoë mate van **moralistiese of lae mate van moralistiese** seksuele houding.
- \* Hoë mate van **verantwoordelikheid of onverantwoordelikheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- \* Hoë mate van **positiewe of negatiewe** seksuele houding.
- \* Hoë mate van **konsekwente of inkonsekwente** seksuele houding.

- \* Hoë mate van **weerstand teen of aanvaarding van** voorhuwelikse seksuele omgang.
- \* Hoë mate van **sekerheid of onsekerheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- \* Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

### **Konstruk 3: Seksuele gedrag**

- \* Hoë mate van **verskillende of beperkte** faktore wat seksuele gedrag beïnvloed.
- \* Hoë mate of lae mate van **verwardheid** tydens identiteitsontwikkeling.
- \* Hoë mate of lae mate van wederkerige **sistemiese beïnvloeding**.
- \* Hoë mate van **verantwoordelike of onverantwoordelike** seksuele gedrag.
- \* Hoë mate van **konserwatiewe of liberale** seksuele gedrag.
- \* Hoë mate van **afwykende of kontekstueel aanvaarbare** seksuele gedrag.
- \* Hoë mate van **positiewe of negatiewe gevolge** van seksuele gedrag.
- \* Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele gedrag.

Na die formulering van die stel indikatore, wat as eindproduk van die konseptualiseringsproses dien, is oorgegaan tot die tweede fase naamlik die ontwikkelingsfase.

## **5.2.2 Ontwikkelingsfase**

### **5.2.2.1 Hoof gebeurtenis C: Skaalontwikkeling (assesseringsinstrumentontwikkeling)**

Nadat die konstrakte gedefinieer is, begin die werklike ontwikkeling van die assesseringsinstrument. In hierdie fase moet die items ontwikkel word, skaallengte bepaal word, waardes moet toegevoeg word aan items, bepunting van die skaal moet geskied, en instruksies vir respondente geformuleer word (Faul, 1995:38-100).

#### **Aktiwiteit 6: Ontwerp items**

Die aktiwiteit bestaan uit die skryf van die items wat die volledige assesseringsinstrument sal uitmaak. Na die items gekonstrueer is, moet die skaalontwikkelaar die items toets. Dit behels die vergelyking van die items met die gedefinieerde konsepte. Daar moet vasgestel word of die item die spesifieke konsep werklik verteenwoordig (Faul, 1995:38-100).

Navorsers het die items getoets deur dit met die drie konstrakte, seksuele kennis, - houding en - gedrag, en dan meer spesifiek die indikatore, te vergelyk.

Die items wat ontwikkel word kan as vraag of as stelling geformuleer word. Vrae is gewens aangesien dit die geneigheid tot insiklikheid verminder, terwyl stellings meer gewens is, wanneer die mate waartoe 'n spesifieke houding of perspektief gehuldig word, bepaal word (Du Toit, 1998:110). In hierdie studie is van beide vrae en stellings gebruik gemaak. Vervolgens dan 'n uiteensetting van die toepaslike items soos wat hulle die geïdentifiseerde indikatore verteenwoordig in die assesseringsinstrument:

### **Konstruk 1: Seksuele kennis**

Hoë mate van **verskillende of beperkte** inligtingsbronne ten opsigte van seksuele kennis.

1. Hoeveel seksuele inligting kry jy by die volgende bronne?
2. By watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?
3. Ek beskou myself as 'n bron van seksuele kennis vir ander

Hoë mate van **volledig of onvolledig** verworwe seksuele kennis.

4. Ek weet alles van seksuele sake.

Hoë mate van **korrekte of inkorrekte** verworwe seksuele kennis.

5. Ek vind dat ek oor verkeerde seksuele inligting beskik.

Hoë mate van **voldoende of onvoldoende** verworwe seksuele kennis.

6. Die seksuele kennis waaroor ek beskik is vir my voldoende.

Hoë mate van **toeganklikheid of ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband (van ouers).

7. Ek het vrymoedigheid om met my ouers oor seksuele sake te praat.
8. My ouers is beskikbaar wanneer ek behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.

Hoë mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis.

9. Ek glo maklik wat ander vir my oor seksuele sake sê.

Hoë mate van **ingeligtheid of oningeligtheid** ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede

10. Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?:  
voortplanting, menstruasie, masturbasie, “wet dreams”, “petting”(vry), seksuele omgang, homoseksualiteit, lesbianisme, prostitusie, pornografie, verkragting, aborsie, vigs, seksueel oordraagbare siektes.

**Konstruk 2: Seksuele houding**

Hoë mate van **liberale of konserwatiewe** seksuele houding.

1. Ek voel ongemaklik as daar oor seks gepraat word.
2. Ek is skaam om oor seks met my vriende te praat.

Hoë mate van **moralistiese of lae mate van moralistiese** seksuele houding.

3. Seks buite die huwelik is verkeerd.
4. Om met enige iemand seks te hê is verkeerd.

Hoë mate van **verantwoordelikheid of onverantwoordelikheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

5. ‘n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.
- 6-10. Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang betrokke sou raak

Hoë mate van **weerstand teen of aanvaarding van** voorhuwelikse seksuele omgang.

11. Seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.
12. Seks is bedoel vir die huwelik.

Hoë mate van **sekerheid of onsekerheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

13. Ek voel soms verward ten opsigte van seksuele sake.
16. Ek weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake.

Hoë mate van **konsekwente of inkonsekwente** seksuele houding.

14. Ek verander maklik my siening rondom seksuele sake.
17. Ek het al my eie seksuele reëls oortree.

Hoë mate van **positiewe of negatiewe** seksuele houding.

15. Seks is aaklig.

Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

18. Ek is tevrede met my seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
19. Ek is die meeste van die tyd gelukkig omdat ek 'n seun/dogter is.
20. Ek voel deel van my sosiale vriendekring.

### **Konstruk 3: Seksuele gedrag**

Hoë mate of lae mate van **verwardheid** tydens identiteitsontwikkeling.

1. Ek voel onseker oor myself.
2. Ek hou van my fisiese voorkoms.

Hoë mate of lae mate van wederkerige **sistemiese beïnvloeding**.

1. My ouers se opinie is vir my belangrik.
2. Ek wil graag 'in' wees by my vriende.
3. Dit is vir my belangrik wat my vriende doen.
4. Hoe dikwels beïnvloed mense se verwagtings van jou, jou seksuele optrede.

Hoë mate van **verantwoordelike of onverantwoordelike** seksuele gedrag.

11. In watter mate het jy seksuele omgang?
12. Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van 'n kondoom gebruik te maak?

Hoë mate van **konserwatiewe of liberale** seksuele gedrag.

1. In watter mate soen en hou jy en jou spesiale vriend/in hande vas?
2. In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere?
3. In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere?
13. Hoe dikwels tree jy seksueel uitlokkend op?
14. Hoe dikwels maak jy fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag.

Hoë mate van **afwykende of kontekstueel aanvaarbare** seksuele gedrag.

10. Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?
15. Hoe dikwels voel jy seksueel aangetrokke tot dieselfde geslag?

Hoë mate van **positiewe of negatiewe gevolge** van seksuele gedrag.

16. Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?
17. In hoë mate ervaar jy probleme met ander perosne weens jou seksuele optrede?

Hoë mate van **tevredenheid of ontevredenheid** ten opsigte van seksuele gedrag.

18. Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?

Na die ontwikkeling van die items volg die bepaling van die lengte van die skaal.

### **Aktiwiteit 7: Bepaal die lengte van die skaal (assesseringsinstrument)**

‘n Vraag wat gereeld opkom by die ontwikkeling van ‘n skaal is die lengte van die skaal. Hoe langer die assesseringsinstrument hoe hoër die betroubaarheid van ‘n assesseringsinstrument. Die nadele aan ‘n langer assesseringsinstrument is egter dat dit meer tyd vat om te voltooi en moeiliker is om te administreer (Faul, 1995:38-100). In hierdie navorsingstudie is die volgende faktore in aggeneem met die bepaling van die lengte van die instrument: (1) die respondente is adolessente en hul aandagspan is nie so lank nie, en (2) verskeie indikatore met betrekking tot seksuele kennis, - houding en gedrag is relevant. Die navorser het dus besondere aandag gegee aan die lengte van die assesseringsinstrument omdat die instrument kort moes wees maar ook al die indikatore soos in die vorige fase geformuleer is, moes bevat.

### **Aktiwiteit 8: Skaal die items**

Nadat ‘n aantal items ontwerp is, moet die items geskaal word. Die skaling van items het te doen met die ontwikkeling van ‘n spesifieke reël vir die toekenning van waardes aan die items. Wanneer waardes toegeskryf word beteken ‘n klein waarde dat die persoon ‘n lae belang het by die veranderlike en by ‘n groot waarde dui dit op ‘n hoë belang by die veranderlike (Faul, 1995:38-100). In hierdie studie is van ‘n vyfpunt-intensiteitskaal gebruik gemaak met “niks” of “nooit” = 1 en “altyd” of “besonder baie” = 5.

### **Aktiwiteit 9: Ontwerp ‘n toekenningsformule**

Nadat die waardes aan die items toegeken is volg die bepunting van die assesseringsinstrument. Die volgende prosedures kan gevolg word in die puntetoekenning van ‘n multi-item assesseringsinstrument (Nurius en Hudson, 1993:419 soos aangehaal deur Faul (1995:55):

- N = Die aantal items wat volledig deur die respondēt voltooi is.
- K = Die grootste itemrespons wat deur die assesseringsinstrument toegelaat word.

Daar is twee stappe in die toekenningsprosedure.

(i) *Omskakeling van roupunte van items (Reverse scoring items)*

Indien daar een of meer items is wat 'n omskakeling van roupunte moet kry, moet dit afgehandel word voor die finale puntetoekening bereken kan word. Om dit te kan doen, kan van die volgende formule gebruik gemaak word:

$$Y = K - X + 1$$

- Waar Y = Teenoorgestelde puntetoekenningswaarde.
- X = Die oorspronklike roupunt van die respondēt.
- K = Die grootste itemrespons toelaatbaar.

(ii) *Bereken die finale puntetoekening*

$$S = \frac{(\text{Sum } X - N)(100)}{N(K - 1)}$$

- Waar S = Finale puntetoekening
- X = Item response
- N = Die aantal volledige beantwoorde items
- K = Die grootste itemrespons toelaatbaar

Aangesien die navorsing nie 'n gestandaardiseerd assesseringsinstrument of terapeutiese doel het nie, is hierdie tegniese stappe nie vir die doel van die studie so relevant nie. Daarom dan is die stap van puntetoekening nie uitgevoer nie. Slegs sekere items in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument se roupunte is wel omgekeer.

### **Aktiwiteit 10: Skryf instruksies vir respondente**

Een van die mees algemeenste probleme met die konstruering van 'n skaal is die aanname dat die respondente sal weet hoe om die assesseringsinstrument te voltooi. Dit is dus belangrik dat die assesseringsinstrument duidelike instruksies het met nodige kommentaar waar nodig (Faul, 1995:38-100). Die instruksies moet aan die volgende vereistes voldoen:

- \* eenvoudig en maklik verstaanbaar
- \* verduidelik wat gemeet word
- \* bied 'n voorbeeld van die respons-sleutel
- \* verduidelik waar om respons te stipuleer
- \* verduidelik dat daar geen regte of verkeerde antwoorde is nie

Dit was van kardinale belang dat die instruksies baie eenvoudig en duidelik vir die adolessente geformuleer moes word. Aangesien navorser self die vraelyste by die skole laat voltooi het, kon respondente vroe en onduidelikhede onmiddelik met navorser uitklaar.

Na die ontwikkeling van die skaal word die skaal se geldigheid en betroubaarheid in die volgende fase ondersoek.

### **5.2.3 Valideringsfase**

#### **5.2.3.1 Hoof gebeurtenis D: Ontwerp geldigverklaringstudie**

Nadat die assesseringsinstrument ontwikkel is, moet 'n studie onderneem word om die geldigheid en betroubaarheid daarvan te ondersoek. Ten einde dit te bereik moet die navorsingsprobleem geformuleer word, die steekproeftrekking beplan word, die steekproefgrootte bepaal word, die navorsingspakket voorberei word, data ingesamel word en dan die geldigheid en betroubaarheid van die assesseringsinstrument bepaal word.

### **Aktiwiteit 11: Formuleer navorsingsprobleem**

In die aktiwiteit is dit belangrik om die spesifieke probleem te formuleer. Die probleemformulering rig die navorsing (Faul, 1995:38-100). 'n Behoefte na 'n instrument wat die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kan assesseer is geïdentifiseer. Dit het egter uit bestaande literatuur geblyk dat so 'n assesseringinstrument nie bestaan nie. Die doel van hierdie studie is dan om 'n assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en -gedrag van die adolessent kan assesseer. In hoofstuk 1.3 is 'n volledige formulering van die navorsingsprobleem weergegee.

### **Aktiwiteit 12: Selekteer die steekproeftegniek**

Indien die navorsingstudie se stellings veralgemeen moet word na die populasie behoort die steekproef verteenwoordigend van die populasie te wees (Faul, 1995:38-100).

Twee velde van waarskynlikheid kan onderskei word. In 'n waarskynlikheidsteekproef is die waarskynlikheid van die insluiting van elke respondent bekend en die steekproef kan gesien word as verteenwoordigend van die populasie. Waar die waarskynlikheid van seleksie nie bekend is nie, die nie-waarskynlikheidsteekproef, kan bevindinge nie veralgemeen word na die populasie nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie is besluit om 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproef te trek. Dit behels die seleksie van persone in die onderskeie strata in ooreenstemming met die verspreiding van die lede van die onderskeie strata in die universum. In hierdie studie is graad 8, 9 en 10 van twee geselekteerde hoërskole respektiewelik as 'n strata beskou en die aantal respondente wat uit elke strata deel geneem het aan die studie is proporsioneel verkies. In hoofstuk 1.8.5 en hoofstuk 6.2 is die seleksie van die steekproef omskryf.

### **Aktiwiteit 13: Bepaal die grote van die steekproef**

By die bepaling van die grote van die steekproef behoort die volgende aspekte in konsiderasie geneem te word: die tyd- en koste-effektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid van die skaal (Faul, 1995:38-100).

Die universum wat gestel is vir die ondersoek, sluit in al die graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria. Uit die skaal vir die bepaling van die steekproefgrote vanuit 'n gegewe populasie het dit geblyk dat ten minste 312 respondente vir 'n populasie grote van 1621 mense getrek moet word. 'n Steekproef bestaande uit 320 respondente is vir hierdie studie geselekteer (Krejcie & Morgan, 1970:609).

### **Aktiwiteit 14: Berei die navorsingspakket voor**

Eerstens moet 'n dekbrief, wat die rede vir die navorsing verduidelik en die navorser voorstel, in die navorsingspakket ingesluit word. In die dekbrief moet die respondente aangemoedig word om deel te neem en anonimiteit bevestig word (Faul, 1995:38-100).

Tweedens moet 'n agtergrondsinligtingsblad die pakket vergesel wat deel uitmaak van die navorsing. Die agtergrondsinligting help met die beskrywing van die steekproef en die bepaling van konstrugeldigheid. Dit sluit onder andere die ouderdom en geslag van die respondente in (Faul, 1995:38-100).

Vir hierdie studie is 'n toestemmingsbrief vir deelname aan die sensitiewe studie aan die adolessente se ouers gerig vir ondertekening (Sien bylae 1 en 2). Hierin is die doel van die studie verduidelik, die navorsing voorgestel en anonimiteit bevestig. Slegs adolessente wie se ouers toestemming verleen het tot die studie, is by die studie ingesluit.

### 5.2.3.2 Hoof gebeurtenis E: Data insameling

#### **Aktiwiteit 15: Administreer navorsingspakket aan steekproef**

Na die skaal ontwikkel is, word dit geïmplimenter (Faul, 1995:38-100). Navorsing het met die navorsingspakket na beide skole gegaan vir voltooiing. Die aflegging van die assesseringsinstrument het onder eksamen toestande geskied naamlik stilte terwyl almal geskryf het. Beide skole was baie entoesiasies oor die projek en het in besonder dank betuig vir die inset wat gelewer word. Die kontakpersone en hoofde van beide skole het vir terugvoer gevra na die data verwerk en geïnterpreteer is.

### 5.2.3.3 Hoof gebeurtenis F: Onderzoek betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n assesseringsinstrument verwys na die konsekwentheid waarmee dit meet, met ander woorde dit meet wat dit veronderstel is om te meet. Wanneer die skaal of meetinstrument betroubaar is, sal die respondente konsekwent in dieselfde rangorde geplaas word, wanneer dit by herhaling toegepas word. (Devantier, 1995:137).

Vervolgens sal die verskillende tipes betroubaarheid kortliks bespreek word (Devantier, 1995:138; Faul, 1995:67-71) :

- *Toets-hertoetsbetroubaarheid:*

Toets- hertoetsbetroubaarheid word verkry wanneer 'n instrument twee of meer keer op dieselfde proefpersone toegepas word. Die resultate wat verkry word, word met mekaar gekorreleer en lewer dan die sogenaamde stabiliteitskoëffisiënt van die toets.

Daar is egter drie probleme met die meet van toets- hertoetsbetroubaarheid: praktiese - en vermoeieniseffekte, asook werklike verandering in wat gemeet word. Praktiese effekte sluit onder ander in dat die respondent die inhoud van die instrument onthou van die vorige keer en dit toepaslik antwoord. Indien die tydinterval tussen die twee metings groot genoeg is behoort praktiese - en vermoeieniseffekte uitgeskakel te word.

- *Parallele vorm betroubaarheid:*

Wanneer twee parallelle toetsinstrumente beskikbaar is, kan die een instrument eers toegepas word en dan die ander op dieselfde proefpersone. 'n Korrelasiekoëffisiënt wat as die ekwivalensiekoëffisiënt bekend staan, word verkry.

Verskeie probleme word gevind met dié tipe betroubaarheidstoetsing. Dit is moeilik om te weet of twee instrumente ekwivalent is as hulle nie hoog korreleer nie en indien die instrumente gelyktydig of ten minste kort na mekaar toegepas word nie. Andersins mag die korrelasie verminder word as gevolg van verandering oor tyd en gevolglik onbetroubaarheid van meting. Dit is ook moeilik en tydrowend om twee parallelle instrumente te ontwikkel.

- *Halveringsbetroubaarheid:*

In hierdie metode van betroubaarheidstoetsing word 'n enkele instrument op so 'n wyse verdeel dat die twee dele as twee parallelle toetshelptes beskou kan word.

Die logiese is om die assesseringsinstrument in 'n eerste helfde en 'n tweede helfde te verdeel, maar vermoeieniseffekte kan so navore kom. Ten einde die probleem aan te spreek kan eerder die ewe nommer items aan 'n groep toegeken word en die onewe nommer items aan die ander groep.

Aangesien die studie hom nie daartoe geleen het nie, is geen van bogenoemde metodes toegepas nie. Die alfa koëffisiënt is wel bereken.

### **Aktiwiteit 16: Bereken die Alfa koëffisiënt**

Die Alfa koëffisiënt behels volgens Hudson en Pike (1995:1) soos aangehaal deur Faul (1995:71) die volgende:

- “The coefficient Alpha is easy to compute from the standard deviations for items and the standard deviation for the total score on a measurement scale.
- Alpha is the mean of all possible split-half reliability coefficients and can be used to estimate parallel test reliability.
- Alpha serves as a confirmation of unidimensionality when its value for a given instrument exceeds 0.90.”

Die formule vir die Alpha koëffisiënt is (Cronbach, 1951; Hudson 1994b; Nunnally en Bernstein 1994 soos aangehaal deur Faul (1995:72):

$$\alpha = \frac{(k/k-1)(1-\sum S^2)}{S_0^2}$$

Waar  $k$  = aantal items

$s^2$  = variansie van items

$s_0^2$  = variansie van totale puntetelling

In hierdie studie het die Universiteit van Pretoria, Departement Statistiek die resultate verwerk. Sien hoofstuk 5.2.3.4 vir meer detail ten opsigte van die resultate.

### **Aktiwiteit 17: Bereken die standaard fout van meting**

Die betroubaarheidskoëffisiënt wat gebaseer is op korrelasies kan beïnvloed word deur verskille in die variansie en standaardafwyking van ‘n assesseringsinstrument wat tussen verskillende steekproewe kan voorkom. Ten einde die probleem aan te spreek behoort die SEM (Standaard Fout Meting) ook bereken te word. Die SEM is ‘n beraming van die standaardafwyking weens die foute van meting en word as volg bereken (Hudson 1991; Sechrest 1984 soos aangehaal deur Faul (1995:73):

$$SEM = S_0 * \sqrt{1 - r_n}$$

waar  $S_0$  = standaardafwyking van die waarnemende puntetelling

$r_n$  = koëffisiënt Alfa

Vanweë die feit dat die betrokke assesseringsinstrument as ‘n nie-gestandaardiseerde instrument benut gaan word, is die tegniese uitvoering van aktiwiteit 17 nie geïmplementeer nie.

#### 5.2.3.4 Hoof gebeurtenis G: Onderzoek geldigheid

Geldigheid verwys na die assesseringsinstrument se vermoë om die eienskappe te meet wat dit veronderstel is om te meet (Devantier, 1995:133).

##### **Aktiwiteit 18: Beoordeel gesigsgeldigheid**

Volgens Bailey (1987:313) behels gesigsgeldigheid meer as net die oordeel van die inhoud: “Not only the content of the document but also word patterns, language, writing style, and composition of paper and ink all can provide checks on the validity or authenticity of a document”. Gesigsgeldigheid behels die blote oordeel of ‘n meetinstrument meet wat dit veronderstel is om te meet.

Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument lyk asof dit gesigsgeldigheid het met woordpatrone, taal, skryfstyl en die tegniese uiteensetting in aggeneem. Verskeie kundiges in die praktyk het ook insette gelewer rakende bogenoemde en bevestig dat dit korrek is.

##### **Aktiwiteit 19: Beoordeel inhoudsgeldigheid**

Dit is verkieslik om inhoudsgeldigheid vas te stel voor die assesseringsinstrument ontwikkel word. Die assesseringsinstrument se inhoud behoort dus verteenwoordigend te wees van dit wat in die universum voorkom. Devantier (1995:135) is van mening dat inhoudsgeldigheid verkry kan word deur ‘n kennis van die teorie en ‘n omskrywing van die universum.

Die inhoud van die betrokke assesseringsinstrument is gebaseer op ‘n wetenskaplike prosedure in samehang met ‘n toepaslike teoretiese raamwerk soos verkry uit die literatuur. Inhoudsgeldigheid bestaan dus wel.

##### **Aktiwiteit 20: Onderzoek inhoudsgeldigheid**

‘n Tweede wyse waarop inhoudsgeldigheid ondersoek kan word is deur die gebruik van multi-groep bevestigende faktor analise. Sien Faul (1995:82-88) vir die tegniese bespreking van dié tipe analise. Na aktiwiteit 21 word die faktor analise, soos hier van toepassing, bespreek.

## **Aktiwiteit 21: Onderzoek konstrugeldigheid**

‘n Konstrug soos gedefinieer deur Babbie (1989:109) is ‘n teoretiese skepping gebaseer op waarnemings wat nie direk of indirek waargeneem kan word nie, byvoorbeeld IK. By konstrugeldigheid kan ook van multi-groep bevestigende faktor analise gebruik gemaak word. Kerlinger (1986:590) sluit hierby aan deur te meld dat: “Factor analysis can be conceived as a construct validity tool”.

Soos reeds gemeld het die Universiteit van Pretoria, Departement Statistiek die data verwerk. Ten einde konstrug- en inhoudsgeldigheid te toets is faktorontleding met skuinsrotasie (Direct Quartimin) gedoen met behulp van die BMDP statistiese pakket om die getal faktore wat onttrek kan word te bepaal. Aangesien afdeling A van die assesseringsinstrument net biografiese inligting bevat en afdeling B kennisgebaseerde feite kon dit nie by die faktoranalise betrek word nie. Slegs afdeling C en D is by faktor analise betrek. Na inspeksie van die eigenwaardes is besluit om onderskeidelik 1, 2 en 3 faktore vir afdeling C en D van die instrument te onttrek. Na verdere inspeksie is items uitgelaat omdat dit nie op een van die faktore ‘n lading hoër as 0.25 getoon het nie. In afdeling C is ses uit die twintig vrae uitgelaat en die 3 faktore het die volgende Cronbach koëffisiënt-alfa gemeet:

*Faktor 1:* 0.7586 *Faktor 2:* 0.8047 *Faktor 3:* 0.6970

Na verdere inspeksie is egter besluit dat slegs een faktor nl. seksuele houding sinvol interpreteer kon word. Ten opsigte van dié konstrug is sewe items uit twintig behou met ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.7904.

In afdeling D, seksuele gedrag is ook 3 faktore getoets, maar aangesien die faktore nie sinvol geïnterpreteer kon word nie is besluit op slegs een faktor. Al die items in die afdeling het saam ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.6378 gemeet. Na verdere inspeksie is slegs 9 van die 18 items ingesluit by die toetsing en ‘n Cronbach koëffisiënt-alfa van 0.8262 is gemeet.

Met die uitlating van sekere vrae om die metings beter te laat vertoon is egter gevind dat te veel bruikbare inligting verlore gaan. Elke item in die assesseringsinstrument is opgestel om ‘n spesifieke indikator te meet. Die doel van hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is om elke item te interpreteer en dienooreenkomstig in

maatskaplikwerkhulpverlening te gebruik.

### **Aktiwiteit 22: Ondersoek kriteriumgeldigheid**

Kriteriumgeldigheid is die korrelasie tussen die skaal en sommige eksterne kriteria.

Volgens Devantier (1995:134) kan twee kriteriumverwante geldighede onderskei word:

- Voorspellingsgeldigheid: Die akkuraatheid waarmee 'n toets toekomstige gedrag of status van 'n individu voorspel.
- Samevallende geldigheid: Die akkuraatheid waarmee die toets huidige gedrag van individue identifiseer of diagnoseer.

Aangesien hierdie studie hom nie daartoe verleen nie is hierdie tipe geldigheidstoetsing nie gedoen nie.

Uit bogenoemde ondersoek blyk dit dat die Cronbach koëffisiënt-alfa en kontrukgeldigheid nie na wense meet nie. Die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument beskik wel oor die gewenste gesigsgeldigheid en inhoudsgeldigheid. Sien hoofstuk 7 vir gevolgtrekkings en aanbevelings.

### **5.2.3.5 Hoof gebeurtenis H: Vasstel van kliniese afsnypunte**

#### **Aktiwiteit 23: Vasstel van kliniese afsnypunte**

Die doel van kliniese afsnypunte is om 'n terapeutiese kriteria vas te stel ten einde te bepaal of 'n probleem bestaan. Faul (1995:94) konstateer: "Clinical cutting scores can be used as an assessment or therapeutic criterion or benchmark. This is important for practitioners who want to use measurement tools for assessment purposes and for the establishment of therapeutic goals. The use of cutting scores for assessment purposes helps to identify the severity of a problem and indicates whether therapeutic intervention is necessary".

Die SEM kan gebruik word om 'n hoë en lae afsnypunt vas te stel vir die gebruik van die interpretasie van die respondent se puntetoekenning. Indien die respondent se puntetoekenning deur CS en die kliniese afsnypunt as CCS aangedui word, sal daar 'n sterk aanduiding wees van die afwesigheid van 'n betekenisvolle kliniese probleem in die area wat aangepreek word, indien  $CS \leq CCS - SEM$  (lae afsnypunt).

Indien  $CS \geq CCS + SEM$  (hoë afsnypunt) is daar 'n redelike sterk indikatie van die teenwoordigheid van 'n betekenisvolle kliniese probleem in die area wat aangespreek word. Indien 'n respondente tussen die lae en hoë afsnypunt val sal dit nie vir die maatskaplike werker moontlik wees om sekerheid te hê oor die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n kliniese probleem in die area wat aangespreek word nie.

Aangesien dié 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is, word dit nie nodig geag om die kliniese afsnypunte te bepaal nie omdat dit die waarde van die instrument sou verskraal. Dié instrument word nie vir terapeutiese doeleindes benut nie, maar wel om behoefte areas, met die oog op samestelling van 'n intervensieprogram, te identifiseer. Al die vrae in die instrument is dus vanuit die maatskaplikewerksperspektief relevant. Die items moet saam in geheel gebruik word, maar elke item het sy eie soortige professionele waarde vir die maatskaplike werker.

## 5.2.4 Benuttingsfase

### 5.2.4.1 Hoof gebeurtenis I: Disseminasie van informasie

Dit is van kardinale belang dat die kennis wat opgedoen is deur die navorsing aan akademië, navorsers en maatskaplike werkers in die praktyk beskikbaar gestel moet word (Faul, 1995:38-100).

#### **Aktiwiteit 24: Skryf 'n handleiding**

Met betrekking tot die skaal ontwikkeling behoort 'n navorsingsverslag geskryf te word. Hierin kan die nuut ontwikkelde skaal omskryf en navorsingsbevindinge gerapporteer word (Faul, 1995:38-100).

Die volgende aspekte is van belang vir die skryf van 'n handleiding (Faul, 1995:38-100):

- Die teoretiese raamwerk waaruit die skaal opgestel is.
- Die definiering van konstrakte
- Inligting met betrekking tot die administrasie van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die puntetoekenning van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die interpretasie van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die geldigheid van die assesseringsinstrument
- Inligting met betrekking tot die betroubaarheid van die assesseringsinstrument

### Aktiwiteit 25: Skryf 'n artikel

Indien mense nie ingelig word met betrekking tot die bestaan van 'n nuut ontwikkelde assesseringsinstrument nie, sal dit nie gebruik word nie. Die skryf van 'n artikel maak dit meer bruikbaar. Dit maak ook deel uit van 'n informasie netwerk wat maklik opgespoor kan word en gebruik kan word.

In hierdie studie skryf navorser 'n navorsingsverslag en artikel vir publikasie. Op 'n later stadium sal navorser die produk (assesseringsinstrument) intensief bemark.

### 5.3 'N VERGELYKING TUSSEN DIE MODEL VAN ROTHMAN & THOMAS EN DIE PROSEDURES VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N ASSESSERINGSINSTRUMENT VOLGENS FAUL

'n Vergelyking tussen die model van Rothman en Thomas (1994:28), soos volledig bespreek is in hoofstuk 2, en die prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument soos deur Faul (1995:35) uiteengesit is, kan as volg getabuleer word:

**Tabel 5.2: Vergelyking van die model van Rothman & Thomas en die model van Faul.**

Die model van Rothman & Thomas	Faul se prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument	
Probleemanalise en projekbeplanning	Pre-ontwikkeling:	A. Probleem Identifikasie
Insameling van data en sintesevorming		B. Teorie Formulering
Ontwerp	Ontwikkeling:	C. Ontwerp Skaal
Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing		
Evaluasie en gevorderde ontwikkeling	Geldigverklaring:	D. Ontwerp geldigverklaringstudie E. Data insameling F. Ondersoek betroubaarheid G. Ondersoek geldigheid H. Vas stel van kliniese afsnypunte
Disseminasie	Benutting	I. Disseminasie van informasie

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar verskeie ooreenkomste en verskille tussen die model van Rothman & Thomas en die prosedures vir die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument soos omskryf deur Faul bestaan. Beide modelle begin met probleemanalise en die verkryging van inligting. Tweedens volg die ontwikkelingsfase. Derdens word die produk geëvalueer en geldig verklaar. Laastens word die produk bemark en benut.

#### **5.4 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar op 'n gedetailleerde wyse 'n uiteensetting gegee van die prosedures verbonde aan die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument, soos uiteengesit deur Faul en van toepassing gemaak op hierdie studie. Hoofstuk 6 fokus op die analise en interpretasie van empiriese navorsingsbevindings.

## HOOFSTUK 6

# VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN NAVORSINGSBEVINDINGS

### 6.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aan die hand van Faul (1995:35) se proses vir die ontwikkeling van skale in maatskaplike werk, bespreek. Daarmee saam is ook bespreek hoe dit op hierdie studie van toepassing gemaak is. Die gegewens wat bekom is deur middel van die implementering van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument by twee skole in Pretoria, is statisties verwerk en die resultate sal vervolgens in hierdie hoofstuk weergegee word.

Die uiteensetting van die navorsingsbevindinge is in ooreenstemming met die formaat van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die eerste afdeling (Afdeling A) van die assesseringsinstrument fokus op die respondent se biografiese inligting. Die tweede afdeling (Afdeling B) bevat skaalitems wat inligting rondom die respondent se seksuele kennis ondersoek. Die derde afdeling (Afdeling C) bevat items met 'n vyfpuntskaal wat inligting rakende die respondent se seksuele houding ondersoek. Die vierde afdeling (Afdeling D) bevat items met 'n vyfpuntskaal wat inligting rakende die respondent se seksuele gedrag ondersoek. Die laaste afdeling (Afdeling E) bevat ook items met 'n vyfpuntskaal ten einde meer inligting rakende seksuele aktiwiteite by die respondente te bepaal.

### 6.2 STEEKPROEF

Die universum van hierdie studie is die graad 8, 9 en 10 leerlinge van twee skole in Pretoria wie se ouers toestemming verleen het om aan die studie deel te neem, naamlik 1618 leerlinge in totaal. Aangesien alle respondente nie by die ondersoek betrek kon word nie, is 'n steekproef getrek by wyse van 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking gekombineerd met sistemiese steekproeftrekking. Dit behels eerstens die seleksie van persone in die onderskeie strata in ooreenstemming met die verspreiding van die lede van die onderskeie strata in die universum (Navorsingsmetodiek, 1993:20). Tweedens verwys die sistemiese steekproeftrekking na die alfabetiese klaslyste wat geneem is en elke 5de naam op die klaslyste is as respondent verkies. 'n Leerling is nie ingesluit as

sy ouers nie toestemming tot deelname verleen het nie. Die universum vir Skool A was 1234 leerlinge en Skool B 384 leerlinge. Naamlyste van die graad 8, 9 en 10 leerlinge wie se ouers toestemming verleen het, is van die onderskeie skole verkry. Die drie strata vir hierdie navorsingstudie is onderskeidelik geïdentifiseer as die graad 8, 9 en 10 leerlinge van die twee onderskeie skole, waaruit 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproef gekombineerd met sistemiese steekproeftrekking getrek is. 'n Totaal van 320 respondente is betrek by die studie (Krejcie & Morgan, 1970:609).

Skool A maak 76% (243 respondente) en skool B maak 24 % (77 respondente) van die steekproef uit. Vervolgens 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die strata's en aantal respondente per strata wat aan die studie deelgeneem het.

**Tabel 6.1: Steekproeftrekking**

<b>Strata</b>	<b>% respondente per strata</b>	<b>Respondente per strata</b>
Skool A Graad 8	28 %	92
Skool A Graad 9	21 %	68
Skool A Graad 10	26 %	83
Skool B Graad 8	10 %	31
Skool B Graad 9	9 %	28
Skool B Graad 10	6 %	18
<i>Totaal</i>	<i>100 %</i>	<i>N = 320</i>

Ten einde 'n meer volledige profiel van die respondente te gee, word relevante biografiese inligting, soos verkry uit die assesseringsinstrument, vervolgens weergegee.

## **6.3 BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN RESPONDENTE**

### **6.3.1 Akademiese vlak van respondente**

Die meerderheid van die respondente nl. 123 respondente (38%) is in graad 8. Tweede meeste respondente nl. 101 respondente (32%) is in graad 10. Laastens is 96 respondente (30%) is graad 9. Sien Tabel 6.2 vir graadverspreiding van die respondente (N = 320).

**Tabel 6.2: Graadverspreiding**

Graad	Respondente	Persentasie
Graad 8	123	38 %
Graad 9	96	30 %
Graad 10	101	32 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100 %</i>

### 6.3.2 Ouderdom van respondente

Die ouderdomsverspreiding van die respondente word in Figuur 6.1 uiteengesit. Uit Figuur 6.1 blyk dit dat die meerderheid van die respondente nl. 110 (35 %) respondente 14 jaar oud is. Honderd respondente (31%) is 15 jaar oud en 96 respondente (30%) is 16 jaar oud is. Slegs 14 respondente (4%) is 13 jaar oud.

### 6.3.3 Geslag van respondente


Uit die respondentegroep (N = 320) het dit geblyk dat 57 % (182 respondente) vroulike respondente is en 43% (138 respondente) manlike respondente is. Die gegewens word in Tabel 6.3 uiteengesit.

**Tabel 6.3: Geslagsverspreiding**


Geslag	Aantal respondente	Persentasie
Manlik	138	43 %
Vroulik	182	57 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100%</i>

### 6.3.4 Seksuele voorligtingsprogram

Op die vraag of die respondente al 'n seksuele voorligtingsprogram bygewoon het, het 87% (277 respondente) van die respondente gemeld dat hulle reeds so 'n program bygewoon het, en slegs 13 % (43 respondente) van die respondente het nog nie. In Tabel 6.4 word die inligting saamgevat.



Figuur 6.1: Ouderdomsverspreiding



**Tabel 6.4: Bywoning van seksuele voorligtingsprogram in die verlede**

Bywoning	Aantal respondente	Persentasie
Ja	277	87 %
Nee	43	13 %
<i>Totaal</i>	<i>320</i>	<i>100 %</i>

### 6.3.5 Samevatting van die profiel van respondente

Al die respondente is in graad 8, 9 of 10. Die meeste respondente nl. 96% respondente is tussen 14 en 16 jaar oud. Die meeste respondente naamlik 57% is vroulik terwyl 43% manlik is. Die meeste van hierdie respondente naamlik 87% het reeds 'n seksuele voorligtingsprogram bygewoon.

Vervolgens word die resultate, soos verkry uit die assesseringsinstrument, ten opsigte van die respondente se seksuele kennis weergegee.

## 6.4 SEKSUELE KENNIS


Binne die komponent van seksuele kennis word die verskillende inligtingsbronne van seksuele kennis en die kwaliteit, toeganklikheid en beïnvloedbaarheid van die verworwe seksuele kennis gemeet. Laastens word die mate waarin die respondente ingelig is ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede gemeet. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in figure 6.2 - 6.5 voorgestel en word as volg bespreek.

### Vraag 1: Hoeveel seksuele inligting kry jy by die volgende bronne?

N = 320

- Respondente het, soos voorgestel in Figuur 6.2, aangedui in welke mate elke gegewe bron benut word in die verkrying van seksuele informasie. Navorsers het die keuse van “Heel meeste” en “Baie” in ag geneem in die bepaling of die gegewe bronne van belang geag word al dan nie.
- Uit Figuur 6.2 blyk dit dat 36 respondente “heel meeste” en 89 respondente “baie” van TV/fliks gebruik maak as bron van seksuele informasie. Dus word bevind dat *TV/Fliks (39%)* die grootste bron van seksuele inligting is. Daarna het 40 respondente “heel meeste” en 78 respondente “baie” aangedui as die mate waarin hulle van *vriende (37%)* gebruik maak vir seksuele informasie.

Figuur 6.2: Bron van seksuele inligting



Derdens word *moeder* (23%) deur 31 respondente “heel meeste” en deur 44 respondente “baie” benut. Vierdens het 13 respondente aangedui dat hulle “heel meeste” en 56 respondente “baie” van *inligtingsprogramme by skole* (22%) gebruik maak. Tien respondente het “heel meeste” en 51 respondente het “baie” aangedui as die mate waarin hulle gebruik maak van *boek/tydskrifte/pamflette* (19%) en 21 respondente “heel meeste” en 28 respondente “baie” van die *internet* (15%) as bron van seksuele inligting. Laastens het slegs 10 respondente “heel meeste” en 13 respondente “baie” aangedui as die mate waarin hulle seksuele informasie van *vader* (7%) bekom.


- Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die vader nie ‘n groot rol speel in die seksuele opvoeding van die adolessent nie.

## Vraag 2: Watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?

N = 405 (aantal response)

- Uit die studie het dit geblyk dat die vraag nie duidelik genoeg gestel was nie. Slegs een respons is verlang, maar van die respondente het meer as een item (405 response) gemerk.
- In Figuur 6.3 blyk dit dat die respondente *inligtingsprogramme by skole* (24%) die meeste verkies as bron van seksuele kennis.
- Tweedens word *boeke/tydskrifte/pamflette* (21%) verkies en derdens *moeder* (20%).
- Vierdens word *vriende* (12%) en *TV/flieks* (12%) verkies as bronne van seksuele inligting.
- *Vader* (6%) en die *internet* (5%) is aangedui as nie belangrike bronne van seksuele inligting nie.
- Uit bogenoemde blyk dit dat seksuele inligting eerder verkry wil word buite gesinsverband nl. inligtingprogramme by skole en boeke/tydskifte/pamflette. As gevolg van die sensitiewe aard van seksualiteit kan dit moontlik wees dat die adolessente eerder buite hulle gesinsverband die aangeleentheid wil hanteer of die nodige steun is nie verkrygbaar binne die gesin nie.
- Verder blyk dit dat die moeder nog geag word as ‘n belangrike bron van seksuele inligting, maar nie vader nie. In die studie is 57% van die respondente dogters, wat heelwaarskynlik eerder die moeder as die vader sal nader vir seksuele inligting.

Figuur 6.3: Verkose bron van seksuele inligting



**Vraag 3: Ek beskou myself as 'n bron van seksuele kennis vir ander.**

N = 320

**Tabel 6.5: Beskou self as seksuele bron**

	<b>Frekwensie</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Nooit</b>	86	27%
<b>Selde</b>	119	37%
<b>Somtyds</b>	91	28%
<b>Gewoonlik</b>	18	6%
<b>Altyd</b>	6	2%
<b>Totaal</b>	<i>N = 320</i>	<i>100 %</i>

- Uit Tabel 6.5 blyk dit dat die meeste respondente nl. 37% hulleself *selde* as 'n bron van seksuele kennis vir ander beskou.
- Die tweede meeste respondente nl. 28% beskou hulleself *somtyds* as 'n bron van seksuele kennis.
- Die derde meeste respondente nl. 27% beskou hulleself *nooit* as 'n bron van seksuele kennis nie.
- Die minste respondente beskou hulleself *gewoonlik* (6%) en *altyd* (2%) as 'n bron van seksuele kennis.
- Hieruit blyk dit dat die respondente in die meerderheid hulleself nie as 'n bron van seksuele kennis vir ander beskou nie.


Vraag 4 - 9 word in Figuur 6.4 voorgestel. Elke stelling word as 'n aparte staaf op die Figuur voorgestel.

**Vraag 4: Ek weet alles van seksuele sake**

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (1) blyk dit dat 94 respondente (29%) *somtyds* alles weet van seksuele sake.
- Die tweede meeste respondente nl. 84 respondente (26%) het aangedui dat hulle *selde* alles van seksuele sake weet.
- Die derde meeste respondente nl. 80 respondente (25%) het aangedui dat hulle *gewoonlik* alles van seksuele sake weet.

**Figuur 6.4: Kwaliteit, toeganklikheid en beïnvloedbaarheid van seksuele kennis**



1= volledigheid/onvolledigheid, 2 = korrek/inkorrek, 3 = voldoende/onvoldoende,  
4 = toeganklikheid/ontoeganklikheid, 5 = Ouers se beskikbaarheid, 6 = beïnvloedbaarheid

- Slegs 41 respondente (13%) het aangedui dat hulle *nooit* alles van seksuele sake weet nie.
- Die minste respondente nl. 21 respondente(7%) het aangedui dat hulle *alles* van seksuele sake af weet.
- Uit bogenoemde blyk dit dat daar by die respondente ‘n hoë mate van **onvolledige** verworwe seksuele kennis is.

**Vraag 5: Ek vind dat ek oor verkeerde seksuele inligting beskik**

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (2) blyk dit dat 136 respondente (42%) *seld*e vind dat hulle oor verkeerde seksuele inligting beskik.
- Die tweede meeste repondente nl. 91 respondente (28%) vind dat hulle *nooit* oor verkeerde seksuele inligting beskik nie.
- Die derde meeste respondente nl. 70 respondente (22%) vind dat hulle *somtyds* oor verkeerde seksuele inligting beskik
- Slegs 18 respondente (6%) vind dat hulle *gewoonlik* oor verkeerde seksuele inligting beskik en 5 respondente (2%) vind dat hulle *altyd* oor verkeerde seksuele inligting beskik
- Uit bogenoemde blyk dit dat respondente oor ‘n hoë mate van **korrekte** verworwe seksuele inligting beskik.

**Vraag 6: Die seksuele kennis waaroor ek beskik is vir my voldoende**

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (3) blyk dit dat die meeste nl. 128 respondente (40%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *gewoonlik* vir hulle voldoende is.
- Die tweede meeste respondente nl. 78 respondente (24%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *somtyds* vir hulle voldoende is.
- Die derde meeste respondente nl. 56 respondente(18%) voel dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *altyd* vir hulle voldoende is.
- Veertien persent (14%) van die respondente (44 respondente) het aangedui dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *seld*e voldoende is.
- Laastens meld 14 respondente (4%) dat die seksuele kennis waaroor hulle beskik *nooit* voldoende is nie.
- Uit bogenoemde blyk daar ‘n hoë mate van **voldoende** verworwe seksuele kennis

by respondente te wees.

**Vraag 7: Ek het vrymoedigheid om met my ouers oor seksuele sake te praat**

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (4) blyk dit dat 81 respondente (25%) *selde* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Net so het 79 respondente (25%) *nooit* die vrymoedigheid om met hulle ouers oor seksuele sake te praat nie.
- Derdens meld 63 respondente (20%) dat hulle *somstyd*s die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Vierdens meld 49 (15%) van die respondente dat hulle *altyd* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Laastens meld 48 respondente (15%) dat hulle *gewoonlik* die vrymoedigheid het om met hulle ouers oor seksuele sake te praat.
- Uit bogenoemde blyk daar 'n hoër mate van **ontoeganklikheid** ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband te wees.

**Vraag 8: My ouers is beskikbaar wanneer ek behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.**

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (5) blyk dit dat die meeste nl. 115 respondente (36%) voel dat hulle ouers *altyd* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.
- Die tweede meeste respondente nl. 84 respondente (26%) het aangedui dat hulle ouers *gewoonlik* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat.
- Slegs 45 respondente (14%) het aangedui dat hulle ouers *nooit* beskikbaar is wanneer hulle behoefte het om oor seksuele aangeleenthede te praat nie, met 41 respondente (13%) wat *selde* en 35 respondente (11%) wat *somtyd*s beskikbaar is.
- Uit bogenoemde blyk dit dat daar 'n hoër mate van toeganklikheid ten opsigte van die verkryging van seksuele kennis binne gesinsverband is.
- Uit laasgenoemde twee vrae blyk dit dat die respondente weet dat hulle ouers beskikbaar is om oor seksuele aangeleenthede te praat, maar dat hulle nie altyd die vrymoedigheid het om met hulle te praat nie.

### Vraag 9: Ek glo maklik wat ander vir my oor seksuele sake sê

N = 320

- Uit Figuur 6.4 (6) blyk dit dat die meerderheid van die respondente nl. 134 respondente (42%) *selde* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Die tweede meeste van die respondente nl. 100 respondente (31%) glo *somtyds* wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Slegs 42 respondente(13%) het aangedui dat hulle *gewoonlik* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake, met 12 % van die respondente (37 respondente) wat *nooit* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake nie.
- Die minste respondente nl. 7 respondente (2%) het aangedui dat hulle *altyd* glo wat ander vir hulle sê oor seksuele sake.
- Uit bogenoemde blyk daar 'n lae mate van **beïnvloedbaarheid** ten opsigte van seksuele kennis by die respondente te wees.

### Vraag 10: Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?

N = 320


In Tabel 6.6 word die ingeligtheid vs. oningeligtheid van die respondente getabelleer daarna volg 'n kort bespreking van die inligting. In Figuur 6.5 word die mate van ingeligtheid of oningeligtheid ten opsigte van relevante seksuele aangeleenthede grafies voorgestel.

**Tabel 6.6: Ingeligtheid ten opsigte van seksuele kenniskomponente**

Kenniskomponent	Niks	Bietjie	Redelik	Baie	Besonder baie
Voortplanting	0%	4%	22%	47%	27%
Menstruasie	3%	15%	18%	32%	32%
Masturbasie	8%	22%	30%	28%	12%
“Wet dreams”	14%	27%	29%	22%	8%
“Petting” (Vry)	5%	13%	24%	32%	26%
Seksuele omgang	5%	18%	35%	30%	12%
Homoseksualiteit	10%	22%	38%	23%	7%
Lesbianisme	13%	25%	33%	23%	6%
Prostitusie	8%	23%	31%	30%	8%
Pornografie	6%	26%	33%	22%	13%
Verkragting	1%	11%	33%	40%	15%
Aborsie	3%	22%	33%	28%	14%
Vigs	1%	11%	30%	38%	20%
Seksueel oordraagbare siektes	3%	21%	33%	31%	12%

- Die meeste nl. 154 respondente (47%) het aangedui dat hulle *baie* weet van voortplanting en 85 respondente (27%) *besonder baie*.

Figuur 6.5: Seksuele kenniskomponente



1 Voortplanting, 2 = Menstruasie, 3 = Masturbasie, 4 = "Wet dreams", 5 = "Petting",  
6 = seksuele omgang, 7 = Homoseksualiteit, 8 = Lesbianisme, 9 = Prostitusie,  
10 = Pornografie, 11 = Verkragting, 12 = Aborsie, 13 = Vigs, 14 = SOS

- ‘n Aantal van 104 respondente (32%) het aangedui dat hulle *besonder baie* en 102 respondente (32%) het aangedui dat hulle *baie* weet van menstruasie.
- Die meeste respondente nl 94 respondente (30%) het aangedui dat hulle *redelik* kennis dra van masturbasie. Selfs 27 respondente (8%) het aangedui dat hulle *niks* weet van masturbasie nie.
- Die meerderheid respondente naamlik 91 respondente (29%) het aangedui dat hulle *redelik* en 87 respondente (27%) het aangedui dat hulle ‘n *bietjie* kennis dra van “wet dreams”. ‘n Beduidende aantal respondente naamlik 46 respondente (14%) weet *niks* van “wet dreams” nie.
- Van “petting” het 105 respondente (32%) *baie* van geweet en 83 respondente (26%) *besonder baie*.
- Die meeste respondente nl. 108 respondente (35%) dra *redelik* kennis van seksuele omgang en 97 respondente (30%) het *baie* kennis van seksuele omgang.
- Die meerderheid respondente naamlik 123 respondente (38%) het aangedui dat hulle *redelik* kennis dra van homoseksualiteit. ‘n Totaal van 33 respondente (10%) het aangedui dat hulle *niks* weet van homoseksualiteit nie.
- Die meerderheid respondente weet *redelik* (33%) en *bietjie* (25%) van lesbianisme. Selfs 13% van die respondente het aangedui dat hulle *niks* weet van lesbianisme
- Die meerderheid respondente weet *redelik* (31%) en *baie* (30%) van prostitusie.
- Die meeste respondente dra *redelik* (33%) en *bietjie* (26%) kennis van pornografie.
- Die meeste respondente (40%) dra *baie* kennis van verkragting. Tweede meeste respondente(33%) dra *redelik* kennis van verkragting.
- Die meeste respondente dra *redelik* (33%) en *baie* (28%) kennis van aborsie.
- Meeste respondente dra *redelik* (30%), *baie* (38%) en *besonder baie* (20%) kennis van vigs.
- Die meeste respondente het aangedui dat hulle *redelik* (33%) en *baie* (31%) weet van seksueel oordraagbare siektes.

Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente *redelike* tot *baie* kennis het oor al die gegewe kenniskomponente. ‘n Groter behoefte aan kennis met betrekking tot die volgende kenniskomponente bestaan wel: “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme.

Vervolgens word die resultate soos uit die assesseringsinstrument verkry, ten opsigte van die respondente se seksuele houding weergegee.

## 6.5 SEKSUELE HOUDING

Onder seksuele houding word die mate van liberale, moralistiese, positiewe en konsekwente seksuele houding gemeet. Hiermee saam ook die mate van verantwoordelikheid, sekerheid en tevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede. Laastens is ook die mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang gemeet. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in Figure 6.6 - 6.15 voorgestel en word as volg bespreek.

### Vraag 1: Ek voel ongemaklik as daar oor seks gepraat word.

N = 320

- In Figuur 6.6 (1) blyk dit dat 114 respondente (36%) *soms* ongemaklik voel wanneer daar oor seks gepraat word.
- Tweede meeste respondente nl. 109 respondente (34%) voel *partykeer* ongemaklik wanneer oor seks gepraat word.
- Verder blyk dit dat 54 respondente (17%) *nooit*, 33 respondente (10%) *dikwels* en 10 respondente (3%) *altyd* ongemaklik voel as daar oor seks gepraat word.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente *soms* ongemaklik voel as daar oor seks gepraat word.


### Vraag 2: Ek is skaam om oor seks met my vriende te praat.

N = 320

- In Figuur 6.6 (2) blyk dit dat 111 respondente (35%) *nooit* en 111 respondente (35%) *soms* skaam is om oor seks met hulle vriende te praat.
- Verder blyk dit dat 59 respondente (18%) *partykeer*, 25 respondente (8%) *dikwels* en 14 respondente (4%) *altyd* skaam is om oor seks met hulle vriende te praat.
- Uitbogenoemde blyk dit dat die meeste respondente *nie* skaam voel om oor seks met hulle vriende te praat *nie*.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep meer liberaal as konserwatief is ten opsigte van hulle seksuele houding.

Figuur 6.6: Liberale vs. Konservatiewe seksuele houding



**Vraag 3: Seks buite die huwelik is verkeerd.**

N = 320

- Uit Figuur 6.7 blyk dit dat 248 respondente (77%) *altyd* seks buite die huwelik as verkeerd beskou.
- Verder blyk dit dat 24 respondente (8%) *dikwels*, 21 respondente (7%) *soms*, en 19 respondente (6%) *partykeer* seks buite die huwelik as verkeerd beskou.
- Slegs 8 respondente (2%) beskou seks buite die huwelik as reg.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meerderheid seks buite die huwelik altyd as verkeerd beskou.

**Vraag 4: Om met enige iemand seks te hê is verkeerd.**

N = 320

- Uit Figuur 6.7 blyk dit dat 171 respondente (53%) *altyd* seks met enige iemand as verkeerd beskou.
- Verder blyk dit dat 45 respondente (14%) *dikwels*, 39 respondente (12%) *partykeer*, 31 respondente (10%) *soms* seks met enige iemand as verkeerd beskou.
- Slegs 34 respondente (11%) beskou dat seks met enige iemand *nooit* verkeerd kan wees nie.
- Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente seks met enige iemand as verkeerd beskou.


Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep meer moralisties is in hulle seksuele houding.

**Vraag 5: 'n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.**


N = 320

- Uit Figuur 6.8 blyk dit dat 56% van die respondente (178 respondente) van mening is dat 'n kondoom *altyd* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Slegs 23% van die respondente (75 respondente) is van mening dat 'n kondoom *dikwels* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Verder het 14% van die respondente (44 respondente) gemeld dat 'n kondoom *partykeer* tydens seksuele omgang gebruik moet word.
- Laastens het 5% van die respondente (16 respondente) *soms* en 2% van die respondente (7 respondente) *nooit* aangedui as hoe gereeld 'n kondoom tydens

Figuur 6.7: Moralistiese of lae moralistiese seksuele houding



**Figuur 6.8: Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word**



seksuele omgang gebruik moet word.

- Hieruit blyk dit dat die respondente 'n meer verantwoordelike as onverantwoordelike seksuele houding het.

#### **Vraag 6 - 10: Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang sou betrokke raak**

N = 320


- Soos verkry uit die literatuur kan 'n behoefte om selfbeeld te verbeter, groepsdruk, nuuskierigheid, eksperimentering en vrees vir verwerping redes wees vir adolessente om in voorhuwelikse seksuele omgang betrokke te raak. Die mate waarin respondente voor hierdie redes sou swig word in Figuur 6.9 voorgestel.
- Uit Figuur 6.9 blyk dit duidelik dat die meeste respondente nie sommer betrokke sou raak by voorhuwelikse seksuele omgang nie.
- Die meeste respondente nl. 219 respondente (68%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat dit hulle beter sal laat voel oor hulself nie.
- Die oorgrote meerderheid van respondente nl. 277 respondente (87%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat die vriende dit van hulle verwag nie.
- Verder het 214 respondente (67%) aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle nuuskierig is oor seks nie.
- Die meeste respondente nl. 226 respondente (71%) het aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle wil eksperimenteer met seks nie.
- Laastens het 264 respondente (83%) aangedui dat hulle *nooit* seksueel intiem sal raak omdat hulle bang is vir verwerping nie.

#### **Vraag 11: Seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.**


N = 320

- In Figuur 6.10 het die meeste respondente nl. 196 respondente (61%) aangedui dat seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het *nooit* reg is nie.
- In die minderheid het 60 respondente (19%) *soms*, 30 respondente (9%) *partykeer*, 16 respondente (5%) *dikwels* en 18 respondente (6%) *altyd* aangedui as respons op seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg.

**Figuur 6.9: Redes waarom in voorhuwelikse seksuele omgang sou betrokke raak**



Figuur 6.10: Weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang



1 = Seks buite die huwelik met iemand wat jy lief het is reg,  
2 = Seks is bedoel vir die huwelik

**Vraag 12: Seks is bedoel vir die huwelik.**

N = 320

- In Figuur 6.10 het die meeste respondente nl. 246 respondente (77%) aangedui dat seks *altyd* bedoel is vir die huwelik.
- Slegs 6 respondente (2%) het *nooit*, 13 respondente (4%) *soms*, 16 respondente (5%) *partykeer* en 39 respondente (12%) *dikwels* aangedui as respons op seks is bedoel vir die huwelik.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondentegroep 'n hoë mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang het.

**Vraag 13: Ek voel soms verward ten opsigte van seksuele sake.**

N = 320


- In Figuur 6.11 blyk dit dat die meeste respondente nl. 140 respondente (43%) voel dat hulle *soms* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Tweede meeste respondente nl. 96 respondente (30%) het gemeld dat hulle *partykeer* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Derde meeste respondente nl. 56 respondente (18%) het aangedui dat hulle *nooit* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Vierdens het 25 respondente (8%) gemeld dat hulle *dikwels* verward voel ten opsigte van seksuele sake.
- Laastens het 3 respondente (1%) aangedui dat hulle *altyd* verward voel ten opsigte van seksuele sake.

**Vraag 16: Ek weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake.**


N = 320

- Uit Figuur 6.12 blyk dit dat die meeste respondente nl. 136 respondente (43%) voel dat hulle *altyd* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Tweede meeste respondente nl. 119 respondente (37%) het aangedui dat hulle *dikwels* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Derde meeste respondente nl. 39 respondente (12%) het aangedui dat hulle *partykeer* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.
- Laastens het 26 respondente (8%) gemeld dat hulle *soms* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake.

Figuur 6.11: Voel soms verward ten opsigte van seksuele aangeleenthede



Figuur 6.12: Weet wat reg en verkeerd is ten opsigte van seksuele sake



- Geen respondent het gemeld dat hulle *nooit* weet wat reg en verkeerd is van seksuele sake nie.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente sekerheid het ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

**Vraag 14: Ek verander maklik my siening rondom seksuele sake.**

N = 320

- In Figuur 6.13 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 147 respondente (46%) aangedui het dat hulle *soms* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Tweede meeste respondente nl. 85 respondente (27%) het gemeld dat hulle *nooit* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander nie.
- Derde meeste respondente nl. 64 respondente (20%) het gemeld dat hulle *partykeer* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Vierde meeste respondente nl. 18 respondente (6%) het aangedui dat hulle *dikwels* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.
- Slegs 6 respondente (2%) het aangedui dat hulle *altyd* maklik hulle siening rondom seksuele sake verander.


**Vraag 17: Ek het al my eie seksuele reëls oortree.**

N = 320

- Uit Figuur 6.13 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 233 respondente (73%) aangedui het dat hulle nog *nooit* hulle eie seksuele reëls oortree het nie.
- Tweede meeste respondente nl. 44 respondente (14%) het aangedui dat hulle *soms* hulle eie seksuele reëls oortree het.
- Derde meeste respondente nl. 21 respondente (7%) het gemeld dat hulle *partykeer* hulle eie seksuele reëls oortree.
- Laastens het 11 respondente (3%) *dikwels* en 11 respondente (3%) *altyd* aangedui as respons op of hulle al hul eie seksuele reëls oortree het.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die respondente meer konsekwent as inkonsekwent in hulle seksuele houding is.

Figuur 6.13: Konsekwente vs. inkonsekwente seksuele houding



1 = Verander maklik seksuele siening, 2 = Het al eie seksuele reëls oortree

**Vraag 15: Seks is aaklig.**

N = 320

- Uit Figuur 6.14 blyk dit dat die meeste respondente nl. 144 respondente (45%) het gemeld dat seks *nooit* aaklig is nie.
- Tweede meeste respondente nl. 87 respondente (27%) het aangedui dat seks soms aaklig is.
- Derde meeste respondente nl. 60 respondente (19%) het aangedui dat seks *partykeer* aaklig is.
- Vierdens het 18 respondente (6%) aangedui dat seks *dikwels* aaklig is.
- Laastens het 11 respondente (3%) aangedui dat seks altyd aaklig is.
- Met bogenoemde in aggeneem blyk dit dat die respondente 'n positiewe houding ten opsigte van seks het.

**Vraag 18: Ek is tevrede met my seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.**

N = 320


- Uit Figuur 6.15 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 127 respondente (40%) aangedui het dat hulle *altyd* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Tweedens het 93 respondente (29%) aangedui dat hulle *dikwels* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Derdens het 48 respondente (15%) gemeld dat hulle *partykeer* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Vierdens het 37 respondente (11%) aangedui dat hulle *soms* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.
- Laastens het 15 respondente (5%) gemeld dat hulle *nooit* tevrede is met hulle seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag nie.

**Vraag 19: Ek is die meeste van die tyd gelukkig omdat ek 'n seun/dogter is.**


N = 320

- Die meeste respondente nl. 221 respondente (70%) het aangedui dat hulle *altyd* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is. (Sien Figuur 6.15 (2)).
- Tweedens het 67 respondente (21%) aangedui dat hulle *dikwels* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is.
- Derdens het 18 respondente (6%) gemeld dat hulle *partykeer* gelukkig is omdat

Figuur 6.14: Positiewe vs. Negatiewe seksuele houding: Seks is aaklig



Figuur 6.15: Teverdenheid vs. Ontevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede



hulle 'n seun of dogter is.

- Vierdens het 11 respondente (3%) aangedui dat hulle *soms* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is.
- Laastens het 3 respondente (1%) gemeld dat hulle *nooit* gelukkig is omdat hulle 'n seun of dogter is nie.

#### **Vraag 20: Ek voel deel van my sosiale vriendekring.**

N = 320

- In Figuur 6.15 (3) meld die meeste respondente nl. 182 respondente (57%) dat hulle *altyd* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Tweedens het 95 respondente (29%) gemeld dat hulle *dikwels* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Derdens het 31 respondente (10%) gemeld dat hulle *partykeer* deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Vierdens het 12 respondente (4%) gemeld dat hulle deel voel van hulle sosiale vriendekring.
- Laastens het geen respondent aangedui dat hulle *nooit* deel voel van hulle sosiale vriendekring nie.

Uit bogenoemde drie vrae blyk dit dat die respondentegroep 'n hoë mate van tevredenheid ervaar ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

Vervolgens word die resultate soos uit die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument verkry, ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag, weergegee.

## **6.6 SEKSUELE GEDRAG**

Onder seksuele gedrag word die faktore wat seksuele gedrag beïnvloed, sistemiese beïnvloeding en mate van verwardheid tydens identiteitsontwikkeling gemeet. Hiermee saam ook die mate van verantwoordelike -, konserwatiewe -, afwykende -, positiewe seksuele gedrag en tevredenheid ten opsigte van seksuele gedrag. Die resultate wat verkry is in hierdie afdeling word in Figure 6.16- 6.20 voorgestel en word as volg bespreek

### Vraag 1: Ek voel onseker oor myself

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (1) blyk dit dat 139 respondente (43%) *soms* onseker voel oor hulleself.
- Tweedens meld 91 respondente (28%) dat hulle *partykeer* onseker voel oor hulleself.
- Derdens dui 58 respondente (18%) aan dat hulle *nooit* onseker voel oor hulleself nie.
- Vierdens meld 29 respondente (9%) dat hulle *dikwels* onseker voel oor hulleself.
- Laastens meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* onseker voel oor hulleself.

### Vraag 2: Ek hou van my fisiese voorkoms.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (2) blyk dit dat 105 respondente (33%) *dikwels* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Tweedens blyk dit dat 81 respondente (25%) *partykeer* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Derdens dui 73 respondente (23%) aan dat hulle *soms* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Vierdens meld 42 respondente (13%) dat hulle *altyd* hou van hulle fisiese voorkoms.
- Laastens meld 19 respondente (6%) dat hulle *nooit* hou van hulle fisiese voorkoms nie.


Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente *soms* onseker is oor hulleself en *dikwels* hou van hulle fisiese voorkoms.

### Vraag 3: My ouers se opinie is vir my belangrik.

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (3) blyk dit dat 108 respondente (34%) *dikwels* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Tweedens dui 91 respondente (28%) aan dat hulle *altyd* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Derdens dui 55 respondente (17%) aan dat hulle *partykeer* hulle ouers se opinie as

Figuur 6.16: Sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag



1 = Voel onseker oor myself, 2 = Hou van fisiese voorkoms, 3 = Ouers se opinie is belangrik, 4 = Wil graag in wees by vriende, 5 = Dit is belangrik wat vriende doen, 6 = Invloed van mense se verwagting op seksuele gedrag

belangrik ag.

- Vierdens meld 45 respondente (14%) dat hulle *soms* hulle ouers se opinie as belangrik ag.
- Laastens meld 21 respondente (7%) dat hulle nooit hulle ouers se opinie as belangrik ag nie.

**Vraag 4: Ek wil graag 'in' wees by my vriende.**

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (4) blyk dit dat 83 respondente (26%) dat hulle *dikwels* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Tweedens meld 82 respondente (26%) *partykeer* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Derdens dui 70 respondente (22%) aan dat hulle *soms* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Vierdens meld 62 respondente (19%) dat hulle *altyd* voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.
- Laastens blyk dit dat 23 respondente (7%) voel dat hulle graag 'in' wil wees by hulle vriende.

**Vraag 5: Dit is vir my belangrik wat my vriende doen.**

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (5) blyk dit dat 81 respondente (25%) dat dit *dikwels* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Tweede meeste respondente nl. 77 respondente (24%) het aangedui dat dit *partykeer* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Derdens meld 74 respondente (23%) dat dit *altyd* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Vierdens dui 62 respondente (20%) aan dat dit *soms* belangrik is wat hulle vriende doen.
- Laastens meld 26 respondente (8%) dat dit *nooit* belangrik is wat hulle vriende doen nie.

**Vraag 6: Hoe dikwels beïnvloed mense se verwagtings van jou, jou seksuele optrede.**

N = 320

- Uit Figuur 6.16 (6) blyk dit dat 144 respondente (45%) voel dat mense se verwagtings van hulle, *nooit* hulle seksuele optrede beïnvloed nie.
- Tweedens meld 108 respondente (34%) dat mense se verwagtings van hulle, *soms* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Derdens dui 52 respondente (16%) aan dat mense se verwagtings van hulle, *partykeer* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Vierdens meld 14 respondente (4%) dat mense se verwagtings van hulle, *dikwels* hulle seksuele optrede beïnvloed.
- Laastens blyk dit dat 2 respondente (1%) voel dat mense se verwagtings van hulle, *altyd* hulle seksuele optrede beïnvloed.


Vraag 3 - 6 meet die sistemiese beïnvloedingsfaktore ten opsigte van seksuele gedrag by die adolessent. Uit bogenoemde blyk dit dat die verhouding tot die mikro-sisteem, naamlik die gesin, 'n belangrike invloed het op die meeste respondente. Verhouding tot die meso-sisteem, naamlik die portuurgroep blyk ook 'n relatiewe belangrike invloed te hê op die respondente. Laastens blyk dit dat die verhouding tot die makro-sisteem, naamlik die gemeenskap, nie so 'n groot invloed op die respondente het nie.

**Vraag 7: In watter mate soen en hou jy en jou spesiale vriend/in hande vas?**

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (1) blyk dit dat 90 respondente (28%) *dikwels* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Tweede meeste respondente nl. 65 respondente (20%) meld dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Derdens meld 59 respondente (19%) *soms* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.
- Vierdens dui 57 respondente (18%) aan dat hulle *nooit* hulle spesiale vriend/in soen of mee hande vas hou nie.
- Laastens meld 49 respondente (15%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in soen en mee hande vas hou.

Figuur 6.17: Liberale vs. Konservatiewe seksuele gedrag



**Vraag 8: In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere?**

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (2) blyk dit dat 208 respondente (65%) *nooit* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas nie.
- Tweedens meld 47 respondente (15%) dat hulle *soms* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Derde meeste respondente nl. 38 respondente (12%) dui aan dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Vierdens dui 19 respondente (6%) aan dat hulle *dikwels* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.
- Laastens meld 8 respondente (3%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in se privaat dele bo oor sy/haar klere betas.

**Vraag 9: In watter mate betas jy jou spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere?**

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (3) blyk dit dat 246 respondente (77%) *nooit* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas nie.
- Tweedens meld 36 respondente (11%) dat hulle *soms* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Derdens dui 18 respondente (6%) aan dat hulle *partykeer* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Vierdens meld 13 respondente (4%) dat hulle *dikwels* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.
- Laastens meld 7 respondente (2%) dat hulle *altyd* hulle spesiale vriend/in se privaat dele onder sy/haar klere betas.

**Vraag 13: Hoe dikwels tree jy seksueel uitlokkend op?**

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (4) blyk dit dat 133 respondente (41%) *nooit* seksueel uitlokkend optree nie.
- Tweedens blyk dit dat 117 respondente (37%) *soms* seksueel uitlokkend optree.
- Derdens meld 48 respondente (15%) dat hulle *partykeer* seksueel uitlokkend

optree.

- Vierdens dui 19 respondente (6%) aan dat hulle *dikwels* seksueel uitlokkend optree.
- Laastens meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* seksueel uitlokkend optree.

#### **Vraag 14: Hoe dikwels maak jy fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag?**

N = 320

- Uit Figuur 6.17 (5) blyk dit dat 91 respondente (28%) *dikwels* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Tweedens meld 81 respondente (25%) dat hulle *soms* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Derdens blyk dit dat 74 respondente (23%) *partykeer* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.
- Vierdens meld 53 respondente (17%) dat hulle *nooit* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak nie.
- Laastend meld 21 respondente (7%) dat hulle *altyd* fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag maak.


Vraag 7 - 9 en vraag 13,14 meet die liberale vs. konserwatiewe seksuele gedrag by die adolessent. Uit bogenoemde blyk dit dat die meeste respondente hulle spesiale vriend/in sal soen en hand vas hou, maar betasting van die privaatdele bo-oor of onder die klere is nie aanvaarbaar nie. Verder blyk dit dat die meeste respondente hulle nie begewe in seksueel uitlokkende gedrag nie. Die meeste respondente maak partykeer fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag. Samevattend blyk dit dat die respondente se seksuele gedrag meer konserwatief is.

#### **Vraag 10: Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?**

N = 320

- Uit Figuur 6.18 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 173 respondente (54%) nooit masturbeer nie.
- Tweedens dui 76 respondente (24%) aan dat hulle *soms* masturbeer.
- Derdens dui 41 respondente (13%) aan dat hulle *partykeer* masturbeer.
- Vierdens meld 21 respondente (6%) dat hulle *dikwels* masturbeer.
- Laastens meld 9 respondente (3%) dat hulle *altyd* masturbeer.

**Figuur 6.18: Afwykende vs. Kontekstuele aanvaarbare seksuele gedrag**



**Vraag 15: Hoe dikwels voel jy seksueel aangetrokke tot dieselfde geslag?**

N = 320

- Verder uit Figuur 6.18 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 224 respondente (70%) *nooit* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag nie.
- Tweedens meld 32 respondente (10%) dat hulle *soms* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Derdens meld 29 respondente (9%) dat hulle *partykeer* seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Vierdens dui 24 respondente (8%) aan dat hulle dikwels seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.
- Laastens dui 11 respondente (3%) aan dat hulle altyd seksueel aangetrokke voel tot dieselfde geslag.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente kontekstueel aanvaarbare seksuele gedrag toon.

**Vraag 11: In watter mate het jy seksuele omgang?**

N = 320


- Uit Figuur 6.19 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 258 respondente (81%) nog *nooit* seksuele omgang gehad het nie.
- Tweedens meld 30 respondente (9%) dat hulle *soms* seksuele omgang het.
- Derdens meld 17 respondente (5%) dat hulle *partykeer* seksuele omgang het.
- Vierdens meld 10 respondente (3%) dat hulle *dikwels* seksuele omgang het.
- Laastend meld 5 respondente (2%) dat hulle *altyd* seksuele omgang het.

**Vraag 12: Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van 'n kondoom gebruik te maak?**

N = 320

- Verder blyk dit uit Figuur 6.19 (2) dat die meeste respondente nl. 233 (73%) voel dat dit *altyd* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Tweedens meld 30 respondente (9%) dat dit *dikwels* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Derdens meld 23 respondente (7%) dat dit *partykeer* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.

**Figuur 6.19: Verantwoordelike vs. Onverantwoordelike seksuele gedrag**



- Vierdens voel 13 respondente (4%) dat dit *soms* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik.
- Laastens voel 21 respondente (7%) dat dit *nooit* belangrik is om 'n kondoom tydens seksuele omgang te gebruik nie.

Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente 'n hoë mate van verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle seksuele gedrag.

#### **Vraag 16: Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?**

N = 320


- Uit Figuur 6.20 (1) blyk dit dat die meeste respondente nl. 151 respondente (47%) *nooit* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag nie.
- Tweedens meld 107 respondente (33%) dat hulle *soms* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Derde meeste meld 46 respondente (14%) dat hulle *partykeer* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Vierde meeste meld 13 respondente (4%) dat hulle *dikwels* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.
- Laastend meld 3 respondente (1%) dat hulle *altyd* skuldig voel oor hulle seksuele gedrag.

#### **Vraag 17: In hoë mate ervaar jy probleme met ander persone weens jou seksuele optrede?**

N = 320

- Verder uit Figuur 6.20 (2) blyk dit dat die meeste respondente nl. 194 respondente (61%) *nooit* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag nie.
- Tweedens meld 82 respondente (26%) dat hulle *soms* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Derde meeste meld 33 respondente (10%) dat hulle *partykeer* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Vierdens meld 9 respondente (3%) dat hulle *dikwels* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.
- Laastens meld 2 respondente (1%) dat hulle *altyd* probleme ervaar met ander persone weens hulle seksuele gedrag.

Figuur 6.20: Positiewe of negatiewe gevolge weens seksuele gedrag



Uit bogenoemde twee vrae blyk dit dat die meeste respondente nie negatiewe gevolge ervaar weens hulle seksuele gedrag nie.

**Vraag 18: Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?**

N = 320

**Tabel 6.7: Tevredenheid met seksuele gedrag**

	<b>Frekwensie</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Nooit</b>	19	6%
<b>Soms</b>	60	19%
<b>Partykeer</b>	54	17%
<b>Dikwels</b>	97	30%
<b>Altyd</b>	90	28%
<b>Totaal</b>	320	100%

- Uit Tabel 6.7 blyk dit dat die meeste respondente nl. 97 respondente (30%) *dikwels* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Tweedens het 90 respondente (28%) gemeld dat hulle *altyd* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Derdens het 60 respondente (19%) aangedui dat hulle *soms* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Vierdens het 54 respondente (17%) aangedui dat hulle *partykeer* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Laastens het 19 respondente (6%) aangedui dat hulle *nooit* tevrede is met hulle seksuele gedrag.
- Hieruit blyk dit dus dat daar 'n hoër mate van tevredenheid as ontevredenheid is ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag.

**6.7 SEKSUELE AKTIWITEIT**

N = 320

In Tabel 6.8 is die uiteensetting van die respondente se respons op in watter mate hulle seksueel aktief is.

**Tabel 6.8: Seksuele aktiwiteit**

Aantal seksuele maats vir elke respondente	Aantal respondente	Van dieselfde geslag	Teenoorgestelde geslag
Geen	276	316	280
1	28	3	25
2 - 4	12	0	12
5 - 7	1	0	1
8 - meer	3	1	2
<i>N=320</i>	<i>320</i>	<i>320</i>	<i>320</i>

Uit Tabel 6.8 blyk dit dat 44 respondente (14%) seksueel aktief is. Van dié respondente het 4 respondente (1%) seksuele omgang gehad met iemand van dieselfde geslag en 40 respondente (13%) met die teenoorgestelde geslag.

Van die 44 respondente wat seksueel aktief is het hulle as volg van voorbehoedmiddels gebruik gemaak:

**Tabel 6.9: Gebruik van voorbehoedmiddels**

Skaal	Nooit	Soms	Partykeer	Dikwels	Altyd
Aantal	8	6	4	5	21
Persentasie	18%	14%	9%	11%	48%

Uit Tabel 6.9 blyk dit dat 48% van die seksueel aktiewe respondente wel van voorbehoedmiddels gebruik maak. Die res nie altyd nie, selfs 18% wat nooit voorbehoedmiddels gebruik nie.

## 6.8 SAMEVATTING

In hoofstuk ses is die navorsingsdata verwerk en geïnterpreteer. Die navorsingsbevindinge is in ooreenstemming met die formaat van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument aangebied. Vervolgens kan in hoofstuk sewe gefokus word op die gevolgtrekkings vanuit die studie. Tweedens word daar gefokus op aanbevelings en derdens sal die waarde van die studie vir die maatskaplike werk professioneel aandag geniet.

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 7.1 INLEIDING

Hierdie studie het voortgespruit uit die behoefte na 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument, om die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent te assessee ten einde 'n spesifieke seksuele voorligtingsprogram wat in die betrokke kliëntsisteem se behoeftes sal voorsien, te ontwerp. In hierdie hoofstuk word daar gevolglik 'n uiteensetting gegee van gevolgtrekkings, aanbevelings en waarde van die studie soos gebaseer op die totale navorsingstudie.

#### 7.2 GEVOLGTREKKINGS

Gevolgtrekkings word geformuleer ten opsigte van die bereiking van doel en doelwitte, empiriese resultate en aanname van die studie.

##### 7.2.1 Doel van die studie

Die doel van die studie was om 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te ontwikkel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kon assessee. Die bereiking hiervan is vereenvoudig deur die volgende doelwitte te stel:

- Om vanuit die Model van Rothman en Thomas, die Sisteemteorie en Erikson se Egosielkundige teorie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die studie daar te stel.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie vas te stel wat die aard van die adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, - houding en -gedrag is.
- Om, gefundeer vanuit die literatuurstudie, 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent kan assessee, te ontwikkel.
- Om vanuit die bevindings van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n seksuele voorligtingsprogram vir adolessente.

Vervolgens word die afsonderlike doelwitte bespreek, asook die mate waarin dit bereik is.

### 7.2.2 Doelwit 1: Daarstel van 'n breë teoretiese verwysingsraamwerk vir studie

Die keuse van een geskikte teoretiese fundering vir die konseptualisering van die begrippe, seksualiteit en adolessensie asook vir die ontwikkeling van tegnologie wat 'n spesifieke teikengroep kan assesseer, was glad nie maklik nie. Daarom is dan besluit om eerder gebruik te maak van die Model van Rothman en Thomas, die sisteemteorie asook Erikson se Egosielkundige teorie om as breë teoretiese verwysingsraam vir die studie te dien.

Die model van Rothman en Thomas is geselekteer as deel van die teoretiese fundering van die studie aangesien die doel van die navorsing was om 'n nuwe menslike *diensleweringstegnologie* te ontwikkel, deur die *ontwikkeling* van 'n diensleweringdoelwit, naamlik 'n *nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument*. Die aard en inhoud van dié model het hom goed tot hierdie doel geleen.

Die sisteemteorie is as geskikte teorie geselekteer omrede dit 'n gedetailleer teoretiese fundering bied waarvan die kompleksiteit van adolessensie en seksualiteit verduidelik word in terme van die verhouding tussen die sisteme, en die elemente binne die sisteem. Die aard, inhoud en waarde van die sisteemteorie is volledig in hoofstuk 2 bespreek.

In die bestudering van die sisteemteorie het dit duidelik geword dat die adolessent beskou kan word as 'n sisteem met *grense*, hetsy *oop* of *geslote*, dit hang af van die individu se openheid om informasie en energie in en uit te laat vloei. Die adolessentsisteem maak ook deel uit van 'n *hierargie* van sisteme, so is die adolessent onder andere deel van 'n skoolsisteem en gesinsisteem. Die adolessentsisteem het ook subsisteme naamlik die adolessent se fisiese-, psigo-sosiale, morele-, emosionele-, seksuele- en kognitiewe ontwikkeling.

Tussen al hierdie sisteme en subsisteme wat met die adolessentsisteem in kontak is, vind daar interaksie plaas. So is onder andere die adolessentsisteem se fisiese ontwikkeling, morele ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling, die gesinsisteem, skoolsisteem en media as sisteem *transaksioneel* weens die interaksie wat tussen die sisteme plaasvind. *Terugvoer* word ook gegee as aksie in respons op inkomende informasie wat verwys na die seksuele gedrag van die adolessentsisteem.

Dit is onmoontlik vir die adolessentsisteem om staties te bly. Daarom is die adolessentsisteem voortdurend in die proses van *verandering*. Die adolessentsisteem kan egter nie aanhoudend verander nie, maar moet ook 'n *homeostase* of *ekwilibrium* handhaaf. Die adolessentsisteem sal hierdie *stabiliteit* en patroon probeer handhaaf deur te selekteer watter stimuli van buite opgeneem sal word, dit organiseer en 'n poging aanwend tot interne orde. Hiermee word bedoel dat 'n *wederkerige* verhouding tussen alle dele van 'n sisteem bestaan. Dus moet die hele adolessentsisteem ondersoek word en nie net 'n onderdeel nie. Die seksuele ontwikkeling van die adolessent kan dus nie losstaande nagevors word nie, maar in konteks van die adolessent se hele ontwikkeling. Daarom is die adolessent se seksuele ontwikkeling in terme van die adolessent se seksuele kennis, -gedrag en -houding ten opsigte van seksualiteit geassesseer

Die egosielkundige teorie van Erikson plaas die adolessentefase in konteks binne die totale lewensloop van die mens. Dit verduidelik ook watter lewenskrisis die adolessent beleef, naamlik 'n identiteitskrisis. In die bestudering van Erikson se teorie het dit duidelik geword dat die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag beïnvloed word deur die adolessent se identiteit en andersom. Indien die adolessent hulp verkry ten opsigte van sy seksuele ontwikkeling kan dit 'n positiewe effek hê in die adolessent se soektog na sy identiteit. Selfs indien die adolessent 'n goeie identiteit het sal dit 'n positiewe gevolg hê op die adolessent se seksuele ontwikkeling.

Samevattend kan gemeld word dat hierdie seleksie van teorieë suksesvol was. Die model van Rothman en Thomas het 'n raamwerk gegee vir die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson het die fokus daarop geplaas dat die seksuele ontwikkeling van die adolessent binne konteks van die adolessent se hele ontwikkeling nagevors moet word en meer spesifiek dat die adolessent se identiteit ontwikkel en seksuele ontwikkeling daardeur beïnvloed kan word.

### **7.2.3 Doelwit 2: Literatuurstudie ten einde die aard van die adolessent se ontwikkeling vas te stel.**

In die bestudering van literatuur is die aard van die vroeë adolessent se ontwikkeling asook sy seksuele kennis, -houding en -gedrag vasgestel. Dit is belangrik dat oor 'n goeie agtergrondskennis van die ontwikkeling van die adolessent beskik moet word sodat die

adolesent se seksuele kennis, - houding en - gedrag binne konteks van die adolessent se totale adolessentwees beskou kan word. Die aard, inhoud en waarde van die verskeie ontwikkelingsareas van die adolessent is volledig in hoofstuk 3 bespreek.

Vanuit die literatuur wat gehandel het oor die ontwikkeling van die vroeë adolessent is vasgestel dat die ontwikkelingsareas nl. fisiese -, psigososiale -, kognitiewe -, morele - en emosionele ontwikkeling die adolessent se seksuele ontwikkeling beïnvloed. Tydens die adolessent se fisiese ontwikkeling gaan hy deur 'n geweldige fisiese ontwikkeling van vinnige liggaamlike groei, hormoonveranderinge, toenemende seksuele behoeftes, die ontwikkeling van primêre geslagskenmerke tot geslagsrypheid. So ook beïnvloed die fisiese ontwikkeling van die adolessent sy identifikasie met sy rol as man of haar rol as vrou (Thom, 1991:401 en Newman & Newman, 1997:642).

Psigososiale ontwikkeling handel oor identiteitsontwikkeling (sien verband met Erikson se egosielkundige teorie), sosiale ontwikkeling en die emosies wat daarmee gepaardgaan (Seifert & Hoffnung, 1991). Daar is bevind dat die adolessent onder andere selfbeeld ontwikkeling deurmaak asook 'n geslagsrolidentiteit probeer vorm (Thom, 1991:459). Indien die adolessent probleme ervaar met die identiteitsontwikkeling bestaan die moontlikheid dat 'n adolessent in afwykende seksuele gedrag betrokke kan raak. Die adolessent se sosiale ontwikkeling is van kardinale belang vir die adolessent se vermoë om in verhouding met ander mense te staan en dan veral in 'n intieme seksuele verhouding (Newton, 1995:83-84).

Kognitiewe ontwikkeling is belangrik vir die ontwikkeling van verskeie ander ontwikkelingsareas soos die psigososiale -, morele - en emosionele areas van ontwikkeling. Kognitiewe ontwikkeling het ook 'n kritiese invloed op die adolessent se seksuele ontwikkeling. Daar vind 'n verhoging in die adolessent se selfbewustheid plaas (Newton, 1995:42). Die adolessent is ook in staat om abstrak te dink, met ander woorde, dat hy oorsaak en gevolg met mekaar in verband kan bring en sodoende in staat gestel word om verantwoording vir sy seksuele dade te doen (Esterhuizen, 1991:69).

Tydens die adolessent se morele ontwikkeling neem die adolessent verantwoordelikheid om sy eie waardesisteem te bepaal (Thom, 1991:427). Huidiglik is die volgende waardes van belang: respek vir die individu ongeag ras, geloof of geslag; 'n bewustheid van sosiale

verantwoordelikheid; en eerlikheid in interpersoonlike verhoudings. Wedywering en materialisme word oor die algemeen deur die adolessent geringer geag as geestelike waardes. Tog is adolessente minder kerkgebonde, maar nie noodwendig minder gelowig nie (Thom, 1991: 432).

Die adolessent se emosionele toestand word dikwels as wispelturig beskryf. Die adolessent word bewus van 'n groter differensieerde reeks van emosies en word die taak opgelê om al die emosies te intreperteer en te aanvaar. Die belangrikheid van emosionele behoeftes en hulle verband tot seksuele gedrag by die adolessent kan nie oorsien word nie. Adolessente kan opsoek wees na affeksie, probeer om selfagting te verhoog, verligting van eensaamheid, bevestig seksuele identiteit, vlug van verveeldheid of uiting gee aan woede deur seksuele aktiwiteite (Newman, 1997:653-656).

In die bestudering van die literatuur ten opsigte van seksuele ontwikkeling is besef dat dit 'n geweldige komplekse aspek van die ontwikkeling van die adolessent is. Behalwe vir wat binne die sisteem gebeur, is daar ook verskeie ander sisteme wat dit beïnvloed. Die konsep seksuele ontwikkeling is opgebreek in die konstrakte: Seksuele kennis, -houding en -gedrag. Seksuele kennis omsluit die oorsprong en aard van seksuele kennis waaroor die adolessent moet beskik, die vernaamste kenniskomponente waaroor die adolessent moet beskik en die implikasie van korrekte, inkorrekte sowel as gebrekkige seksuele kennis. Die vernaamste kenniskomponente is die manlike - en vroulike voortplantingstelsel, menstruasie, masturbasie, "wet dreams", "petting", seksuele omgang, homoseksualiteit, lesbianisme, prostitusie, pornografie, verkragting, aborsie, vigs en ander seksueel oordraagbare siektes (Fenwick & Walker, 1994:9-86 en Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:A-1 - N-8).

In die bestudering van die konsep, seksuele houding, is onder andere bevind dat dit deel uitmaak van die adolessent se vorming van sy identiteit (Moore en Rosenthal, 1993:30). Indien die adolessent konflik ervaar in die integrasie van seksuele waardes en toepaslike seksuele gedrag, dra dit by tot identiteitsverwarring. Verder is bevind dat hedendaagse adolessente gemakliker is met betrekking tot seksuele aangeleenthede en dat dogters meer moralities is as seuns (Cummings, 1995:183; Stemmet, 1982:188-189; Bodibe, 1994:184). Die adolessente is egter onverantwoordelik as dit kom by die gebruik van kontrasepsie (Seydel, 1992:85). Ten opsigte van voorhuwelikse geslagsgemeenskap blyk dit dat seuns

voorhuwelikse seksuele ondervinding moet hê terwyl dogters as maagde in die huwelik moet tree (Moore en Rosenthal, 1993:11). Die adolessente dogter se houding teenoor aborsie is dat die baba eerder gehou wil word as abortasie, maar tog moet aborsie vrylik beskikbaar wees (Seydel, 1992:165). Die ontstaan, die aard en die faktore wat seksuele houding beïnvloed sowel as die implikasie van 'n positiewe en negatiewe seksuele houding word in hoofstuk 4 volledig bespreek.

In die bestudering van die literatuur oor seksuele gedrag van die adolessent is bevind dat die adolessent se identiteitsontwikkeling 'n kardinale invloed het op die adolessent se seksuele gedrag. Daarom dan behoort die adolessent bygestaan te word in die formulering van sy geslagsrolidentiteit asook in die bou van verhoudings (Harrison en Pennell, 1989:41). Die aard van seksuele gedrag, maatskaplike problematiek, samelewingstendense sowel as redes vir afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag word volledig in hoofstuk 4 bespreek. Wat wel sterk navore gekom het, is dat adolessente seksueel aktief is en nie van die nodige kontrasepsie gebruik maak nie (Bodibe, 1994:156). Alhoewel seks en seksuele gevoelens nie op sigself skadelik is nie, kan afwykende en onverantwoordelike seksuele gedrag onvermydelik lei tot maatskaplike problematiek wat selfs die dood kan beteken.

Samevattend kan gemeld word dat die doelwit wel bereik is omrede die literatuurstudie 'n volledig profiel van die adolessent se totale ontwikkeling weergegee het.

#### **7.2.4 Doelwit 3: Ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument**

Ten einde 'n effektiewe seksuele voorligtingsprogram saam te stel wat die seksuele kennis, - houding en - gedrag van adolessente kan aanspreek is dit belangrik dat genoemde komponente vooraf deeglik geassesseer word. Ten einde die seksuele kennis, - houding en - gedrag van die adolessent te meet en te ontleed, is daar van Faul (1995:35) se proses vir die ontwikkeling van skale gebruik gemaak ten einde 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te ontwikkel. Faul se model het hom goed tot hierdie doel geleen. Omrede die assesseringsinstrument 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is, was van die aktiwiteite nie nodig gewees om deur te voer nie, soos onder andere die berekening van die standaardfout van meting en die vasstel van kliniese afsnynpunte.

In die ontwikkeling van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument is uit 'n lys van indikatore 'n vraelys, bestaande uit 76 items, ontwikkel. Die indikatore is vanuit die teoretiese verwysingsraamwerk en die literatuurstudie bepaal. Afdeling A van die vraelys het uit vrae bestaan wat gerig is op die inwin van biografiese gegewens. Afdeling B, C, D en E was gerig op die inwin van data respektiewelik rakende die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag. Die items het hoofsaaklik 'n vyfpunt-intensiteitskaal bevat.

Navorsers is tevrede met die assesseringsinstrument en dat dit meet wat dit veronderstel is om te meet. Dit voorsien die gebruiker van die instrument van 'n volledige profiel rakende die seksuele kennis, -houding en -gedrag van die adolessent wat dan dienoooreenkomstig gebruik kan word vir verdere intervensie. Vervolgens dan 'n opsomming van die empiriese resultate soos verkry uit die empiriese toetsing van die assesseringsinstrument.

#### **7.2.5 Empiriese resultate**

Uit die empiriese toetsing van die assesseringsinstrument is oorhoofs bevind dat die meeste respondente hulle verworwe seksuele kennis as onvolledig, tog korrek en voldoende beskou. Die meeste respondente het ook gemeld dat hulle eerder 'n bron buite gesinsverband, wat inteenstelling is met wat bevind is in die literatuurstudie, as bron van seksuele kennis verkies. Ten opsigte van die adolessente se seksuele houding is bevind dat die adolessente 'n positiewe seksuele houding het wat beskryf kan word as moralisties, verantwoordelik tog liberaal. Dié adolessente het 'n hoë weerstand teen voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Ten opsigte van die adolessente se seksuele gedrag is bevind dat hulle gedrag gekenmerk word deur 'n meer konserwatief en kontekstueel aanvaarbare aard. Verder is bevind dat slegs 14% van die respondente seksueel aktief is, waarvan slegs 48% van die seksueel aktiewe respondente altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak. 'n Meer volledige samevatting van die empiriese resultate volg:

##### **Seksuele kennis**

- TV/Flieks (39%) is die grootste bron van seksuele inligting, gevolg deur vriende (37%) en dan moeder (23%).
- Die verkose bron van seksuele inligting is inligtingsprogramme by skole (24%), gevolg deur boeke/tydskrifte/pamflette (21%) en derdens moeder (20%).
- Die meeste respondente (64%) beskou hulleself nie as 'n bron van seksuele kennis nie.

- Die meeste respondente beskou hulle verworwe seksuele kennis as onvolledig (39%), korrek (70%) en voldoende (58%).
- Ouers is wel beskikbaar (62%) om oor seksuele aangeleenthede te praat, maar die vrymoedigheid (50%) om wel met hulle te gesels ontbreek by die meeste respondente.
- 'n Lae mate van beïnvloedbaarheid ten opsigte van seksuele kennis is aangedui deur die meeste respondente (54%).
- Die respondente het 'n redelike kennis oor al die gegewe kenniskomponente. Tog het dit geblyk dat daar 'n kennisleemte is ten opsigte van “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme.

### **Seksuele houding**

- Die respondente het 'n meer liberale as konserwatiewe seksuele houding.
- 'n Hoë mate van moralisme bestaan in die respondente se seksuele houding.
- 'n Meer verantwoordelike as onverantwoordelike seksuele houding bestaan by die meeste respondente (79%) ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- Die meeste respondente sal nie om welke rede ookal betrokke raak by voorhuwelikse seksuele omgang nie.
- Die respondentegroep blyk 'n hoë mate van weerstand teen voorhuwelikse seksuele omgang te hê.
- Meeste respondente het sekerheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede.
- Die respondente is meer konsekwent as inkonsekwent in hulle seksuele houding.
- Die meeste respondente (72%) het 'n positiewe seksuele houding.
- Die respondentegroep ervaar 'n hoë mate van tevredenheid ten opsigte van seksuele aangeleenthede.

### **Seksuele gedrag**

- Dit blyk dat die mikro-sisteem en die meso-sisteem wel 'n beduidende invloed het op die respondente maar nie die makrosisteem nie.
- Die meeste respondente se seksuele gedrag is meer konserwatief.
- Die meeste respondente toon meer kontekstueel aanvaarbare seksuele gedrag.
- Dit blyk dat die meeste respondente 'n hoë mate van verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle seksuele gedrag.
- Die respondentegroep ervaar oor die algemeen nie negatiewe gevolge weens hulle

seksuele gedrag nie.

- ‘n Hoër mate van tevredenheid as ontevredenheid heers by die meeste respondente ten opsigte van hulle seksuele gedrag.
- Die respondente wat wel seksueel aktief is, bestaan uit 14% van die respondente-groep waarvan slegs 48% van hierdie seksueel aktiewe respondente altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak.

Samevattend blyk dit dat die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument wel die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag kon assesseer. Uit bogenoemde empiriese resultate kan ‘n profiel oor die betrokke adolessente se seksuele kennis, - houding en - gedrag suksesvol saamgestel word. Dié profiel kan gebruik word om ‘n seksuele voorligtingsprogram te ontwikkel. Vervolgens word daar gefokus op die aanbevelings vir die ontwikkeling van ‘n seksuele voorligtingsprogram.

### **7.3 AANBEVELINGS**

#### **7.3.1 Aanbevelings vir die ontwikkeling van ‘n seksuele voorligtingsprogram**

Vanuit die bevindings van hierdie studie, ondersteun deur navorsingsbevindings in die literatuur word die volgende aanbeveel met die oog op die ontwikkeling van ‘n seksuele voorligtingsprogram:

- Die respondente het aangedui dat TV/fliks hulle grootste bron van seksuele inligting is maar inligtingsprogramme by skole die verkose bron van seksuele inligting is. Navorsers beveel dus aan dat die tipe van media, nl. Fliks as medium gebruik word om seksuele inligting oor te dra in skole se seksuele voorligtingsprogramme.
- Om die adolessent verder te ondersteun in sy seksuele ontwikkeling kan die skool boeke/tydskrifte/pamflette beskikbaar stel vir die adolessent in byvoorbeeld die mediasentrum of by die persoon verantwoordelik vir die seksuele voorligtingsprogram.
- Die meeste respondente het aangedui dat hulle weet hulle ouers is beskikbaar wanneer hulle behoefte het om oor seksuele sake te praat, maar het nie altyd die vrymoedigheid om dit te doen nie. Die adolessente moet gehelp word om hierdie gebrek aan vrymoedigheid te oorbrug, deurdat die persoon wat verantwoordelik is vir die seksuele voorligtingsprogram, self die atmosfeer sal skep waarin die adolessente die vrymoedigheid sal hê om met volwassenes te praat oor seksuele

kwessies.

- In ‘n seksuele voorligtingsprogram kan die volgende seksuele kenniskomponente aandag geniet:
  - Voortplanting
  - Menstruasie
  - Masturbasie
  - “Wet dreams”
  - “Petting” vry
  - Seksuele omgang
  - Homoseksualiteit
  - Lesbianisme
  - Prostitusie
  - Pornografie
  - Verkragting
  - Aborsie
  - Vigs
  - Seksueel oordraagbare siektes

Met spesiale klem op “wet dreams”, homoseksualiteit en lesbianisme waarna ‘n behoefte uitgespreek is.

- Die adolessente het ‘n positiewe, moralistiese, verantwoordelike seksuele houding wat die fasiliteerder van die seksuele voorligtingsprogram moet gebruik in die ontwikkeling van hulle seksualiteit.
- Die adolessente sal nie om enige rede sommer betrokke raak in voorhuwelikse geslagsgemeenskap nie en daarom word aanbeveel dat in die program eerder gefokus moet word op positiewe aspekte van hulle ontwikkeling. Fokus byvoorbeeld op selfgeldende gedrag, selfaanvaarding, liefde vir self en die aanmoediging om verantwoordelikheid te neem vir eie akademiese groei en ontwikkeling. Om van byvoorbeeld dreigemente gebruik te maak om die adolessente af te skrik van voorhuwelikse geslagsgemeenskap gaan nie veel positiewe resultate tot gevolg hê nie.
- Die adolessente kan meer bewus gemaak word van die invloed wat die samelewing het op hulle seksuele ontwikkeling.
- Ten opsigte van die seksueel aktiewe adolessente (14%) waarvan die helfde nie altyd van voorbehoedmiddels gebruik maak nie, word aanbeveel dat die

belangrikheid van die gebruik van voorbehoedmiddels beklemtoon moet word.

Fokus egter op positiewe redes vir die gebruik van voorbehoedmiddels.

- Beveel ook eerder geheelonthouding aan, en fokus op die positiewe redes daarvoor.

### 7.3.2 Aanbevelings ten opsigte van hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument

Ten opsigte van die inhoud van die assesseringsinstrument het die volgende leemtes navore gekom:

- Afdeling B, vraag 2: “Watter bron verkies jy om meer oor seksuele sake uit te vind?”, is slegs een respons op verlang. Sommige respondente het egter meer as een bron gemerk as verkose bron. Hier moet dus meer spesifiek gevra word dat slegs een bron gekies kan word. Formulering was dus nie duidelik genoeg nie.
- Afdeling B, vraag 10: “Hoeveel weet jy van die volgende seksuele sake?”, glo navorser sal die geneigdheid by die adolessente eerder wees om aan te dui dat hulle volleerd is. Daarom sal navorser die bewoording van die item wil verander sodat die respondente eerder ‘n behoefte aan seksuele kennis sou uitspreek. Formulering was dus nie na wense om verlangde respons te verkry nie.
- Onduidelikheid ten opsigte van Afdeling C, vraag 5: “‘n Kondoom moet tydens seksuele omgang gebruik word.” en Afdeling D, vraag 12: “Is dit vir jou belangrik om tydens seksuele omgang van ‘n kondoom gebruik te maak?” het bestaan. Die omstandighede waarin navorser die stel van die items bedoel het, was ten opsigte van voorhuwelikse seks. Van die respondente het heelwaarskynlik seks binne die huwelik ook in aggeneem en die items dus diensooreenkomstig beantwoord. Die items kan dus meer spesifiek gestel word deur te meld dat die omstandighede vir die gebruik van ‘n kondoom voor die huwelik is. Formulering was dus onduidelik.
- Afdeling C, vraag 15: “Seks is aaklig”, het verskeie respondente kantnotas gemaak dat hulle nog nooit seks beoefen het nie en dus nie regtig weet of seks aaklig is nie. Die bewoording van die item kan dus so gestel word dat dit nie gaan oor die daad nie, maar oor hulle persepsie van seks as konstruk. Formulering was onduidelik.
- Afdeling D, vraag 10: “Hoe dikwels masturbeer (selfbevrediging) jy?” het dit geblyk dat sommige respondente nie geweet het wat masturbasie is nie en die item nie na wense beantwoord het nie. Masturbasie kan omskryf word as deel van die formulering van die vraag of ‘n opsie op die vyfpuntskaal kan meld dat die respondent nie die konstruk, masturbasie, verstaan nie. Formulering was onvolledig.
- Afdeling D, vraag 16: “Hoe dikwels voel jy skuldig oor jou seksuele gedrag?”,

afdeling D, vraag 17: “In hoë mate ervaar jy probleme met ander persone weens jou seksuele optrede?” en afdeling D, vraag 18: “Hoe dikwels is jy tevrede met jou seksuele gedrag?” was ook moeilik om te beantwoord indien die respondent nie seksueel aktief was nie. Die vrae kan dalk eerder opvolgvrae wees op ‘n vraag of respondente wel seksueel aktief is al dan nie. Formulering was dus onduidelik.

- Afdeling E, vraag 1: “Met hoeveel verskillende maats het jy seks gehad?” kan die woord “maats” eerder vervang word met “persone” wat die item in ‘n wyer konteks plaas. Formulering was dus onvolledig.
- Afdeling E, vraag 4: “Indien jy seksueel aktief is? Gebruik jy of jou maat enige voorbehoedmiddel (bv. Kondoom) tydens seks?” Is ‘n dubbel vraag wat eerder afgebreek moet word in twee aparte items of die bewoording moet verander word. Formulering was dus onduidelik.

Samevattend kan dus gestel word dat enkele items van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument onduidelik of onvolledig was en gevolglik nie gewenste response gelewer het nie.

Tydens die betroubaarheid- en geldigheidstoetsing van hierdie assesseringsinstrument is bevind dat dit moeilik is om houding deur ‘n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument te bepaal. In die bepaling van faktoranalise moes soveel items uitgelaat word om die Cronbach koëffisient-alfa beter te laat lyk dat te veel inligting verlore gegaan het vir hierdie studie. Al die items in totaliteit in die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument het professionele waarde vir die maatskaplike werker. Aangesien faktoranalise die rykheid van die tegnologie verskraal binne die maatskaplike perspektief, is dit nie altyd die aangewese metodiek om te volg nie.

Daar word dus aanbeveel dat indien houding geassesseer word en gebruik gemaak word van kwantitatiewe navorsingsmetodes soos vraelyste, dit saam met kwalitatiewe navorsing soos onderhoude of verbale beskrywende data of waarneming ondersteun word. Hiermee saam hoef hierdie nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument nie net vir die opstel van seksuele voorligtingsprogramme gebruik te word nie, maar dit leen hom ook daartoe dat dit gebruik kan word as skedule in gestruktureerde maatskaplike werk onderhoude.

Uit bogenoemde blyk dit dat dié tipe navorsingstudie nie in die kader van kwalitatiewe - of

kwantitatiewe navorsing alleenlik val nie. Daar bestaan dus 'n behoefte in die maatskaplike werk professione om eerder na professionele navorsing te verwys wat 'n kombinasie van kwalitatiewe - en kwantitatiewe navorsing omsluit. Professionele navorsing kan dus elasties wees wat die kwaliteit van 'n bepaalde navorsingstudie kan verhoog.

### **7.3.3 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing**

Hierdie studie open die moontlikheid van 'n verskeidenheid ander relevante navorsingstudies.

- Aangesien hierdie navorsingstudie nie die demografiese profiel van die totale adolessente populاسie van Suid-Afrika verteenwoordig nie, word aanbeveel dat verdere studie geloots moet word waar al die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika betrek sou word.
- Die doel van hierdie studie was 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Die resultaat van die assesseringsinstrument was 'n profiel van die adolessente se seksuele kennis, - houding en -gedrag. Dit word daagliks onder Suid-Afrikaners se aandag gebring dat vigs op ons maatskaplike - en ekonomiese ontwikkeling kritiese gevolge het. Navorsers beveel aan dat verdere navorsing geloots kan word na die verband van adolessente se seksuele kennis, - houding en -gedrag en die effek van vigs op Suid-Afrika se ekonomiese- en maatskaplike groei.
- Hierdie studie verleen hom ook as bousteen vir die studie na die ontwikkeling van 'n geskikte seksuele voorligtingsprogram.
- Verder kan die moontlikheid van professionele navorsing, 'n kombinasie van kwalitatiewe - en kwantitatiewe navorsing, ondersoek word.

### **7.4 BYDRA TOT DIE MAATSKAPLIKE WERK PROFESSIONE**

Aangesien die adolessent en die problematiek rondom adolesensie een van die mees belangrikste kliëntsisteesemtypes en diensveldareas is, lewer hierdie studie 'n sinvolle bydra tot die maatskaplike werk professione. Daar bestaan nie 'n soortgelyke assesseringsinstrument volgens die literatuurstudie nie en bied hierdie navorsingstudie dus 'n waardevolle bydra tot die kennis - en die praktyk repetoire van maatskaplike werk. Die

deeglike literatuurstudie wat gedoen is dra by tot die maatskaplike werk professionele kennisbasis. Die navorsingstudie bied aan die maatskaplike werk professionele 'n praktiese instrument met die oog op die ontwikkeling van toepaslike seksuele intervensie programme aan adolessente.

## 7.5 SLOTOPMERKINGS

Die Suid-Afrikaanse adolessent beleef tans 'n tydperk van snelle maatskaplike, politieke, tegnologiese en vele ander veranderinge. As gevolg van hierdie veranderinge word hoë prioriteitsaandag aan die verhoging van die adolessent se lewenskwaliteit verleen. So kom onder andere die adolessent se seksuele kennis, - houding en - gedrag dan gedurig onder die soeklig. Effektiewe intervensie- en ontwikkelingsprogramme met die oog op die verhouding van die adolessent se lewenskwaliteit, moet egter gerugsteun word deur 'n objektiewe en teoreties gefundeerde assessering van die adolessent. Vanuit die model van Rothman en Thomas, die sisteemteorie en die egosielkundige teorie van Erikson is die teoretiese grondslag vir die ontwikkeling van 'n nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument gevorm.

Die navorsing wat gedoen is, was vir navorser uitdagend en opwindend, aangesien nuwe tegnologie ontwikkel is. Die waarde van hierdie navorsing vir navorser sowel as vir die betrokke instellings (skole en onderwysdepartement) is die praktiese gebruik van die nie-gestandaardiseerde assesseringsinstrument. Laastens het die studie ook bygedra tot die ontwikkeling van die maatskaplike werk professionele.



Bylaag 1: Toestemmingsbrief - skool A

Geagte Ouers

## VRAELYS RAKENDE TIENERSEKSUALITEIT

Geslagsopvoeding verteenwoordig waarskynlik die mees intieme vorm van opvoeding. Die ek-jy-verhouding, kommunikasie en opvoedingstyl moet op 'n uiters hoë vlak funksioneer en is voorwaardelik vir die optimale realisering van toereikende geslagsopvoeding. Verskeie samelewingsfaktore werk belemmerend in op hierdie belangrike faset van ons kinders se opvoeding. Disharmoniese gesinne, die aanslag van die media en toenemende druk van die portuurgroep dra daartoe by dat hedendaagse tieners hulself midde in 'n sameleving bevind wat deur 'n seksuele rewolusie gekenmerk word. Voorgenoemde en verskeie ander kontemporêre tendense dra daartoe by dat die oorgrote meerderheid van ons tieners hulself in 'n krisis ten opsigte van hul seksuele wording bevind.

Dit is so dat baie ouers ongemaklik voel om met hul kinders oor sake rakende hul seksualiteit te praat. Dit het tot gevolg dat talle kinders op hul ewe oningeligte maats moet staat maak om inligting oor hierdie belangrike saak te bekom. Deur middel van die media (musiek, tydskrifte en video's) word tieners gebombardeer met inhoude wat hulle aanmoedig om seksueel aktief te word – die sogenaamde “everybody's doing it” sindroom.

Hoërskool [REDACTED] wil hierdie saak professioneel aanspreek en u as ouer in hierdie moeilike taak bystaan. In 2000 gaan daar aan alle leerlinge geslagsopvoeding gebied word na gelang van die behoefte wat geïdentifiseer sal word. Hier het ons u hulp nodig deur toestemming te verleen dat u kind 'n vraelys wat die aard en uitkoms van seksualiteit onder ons skool se leerling sal toets. Aangesien ons dikwels uitgelewer is aan oorsese statistiek en dié van ander bevolkingsgroepe, sal sodanige vraelys rigtinggewend wees ten opsigte van die geslagsopvoedingsbehoefte wat ons tieners openbaar. Daar is wel 'n paar direkte vrae in die vraelys wat spesifiek gedragstendense meet. Die navorsing word in samewerking met die Universiteit van Pretoria gedoen.

Wees verseker dat omsigtigheid, sensitiwiteit en vertroulikheid deurgaans vir ons hoë prioriteit sal wees in die afneem en interpretasie van die gegewens.

Groete,

[REDACTED SIGNATURE]  
**UITVOERENDE HOOF**

Ek, \_\_\_\_\_ ouer van \_\_\_\_\_ gr. \_\_\_ / \_\_\_ gee  
toestemming dat my seun/dogter bogenoemde vraelys mag invul.



Bylaag 2: Toestemmingsbrief - skool B

Geagte Ouer

11 Oktober

Seksualiteit is deel van die lewe en om as adolessent jou eie seksualiteit te ontdek is 'n belangrike deel van grootword. Om hierdie seksuele gevoelens vir die eerste keer te ervaar kan beide moeilik en verwardend wees, en om die fisiese veranderinge wat plaasvind tydens adolessensie te hanteer is nie altyd so maklik nie.

Om die adolessent in die proses by te staan is begin met seksuele onderrig by skole. Om hierdie seksuele onderrig meer doelgerig en gefokus op die adolessent se spesifieke behoeftes aan te bied, wil ons 'n vraelys aan die adolessente gee om die leemtes en behoeftes vas te stel.

Hiermee vra ons toestemming om u kind in hierdie navorsingstudie te betrek. Merk asseblief die toepaslike blokkie:

Ek gee toestemming, my kind mag deelneem aan die studie.	
Ek gee nie toestemming, my kind mag nie deelneem aan die studie nie.	

\_\_\_\_\_  
Handtekening

\_\_\_\_\_  
Datum

## LITERATUURVERWYSINGS

Babbie, E. 1989. **The Practice of Social Research**. 5th Ed. Belmont: Wadsworth, Inc.

Bailey, K.D. 1987. **Methods of Social Research**. 3rd Ed. New York: The Free Press

Barker, R.L. 1991. **The Social Work Dictionary**. 2nd edition. Silver Spring, Maryland: National Association of Social Workers .

Bodibe, C.R. 1994. **Investigating the sexual knowledge, attitudes and behaviour of black Adolescents**. Unpublished Doctoral (Literature and Philosophy). Pretoria: University of South Africa.

Bosman, Van der Merwe & Heimstra, 1991. **Tweetalige woordeboek - Bilingual dictionary**. Agtste uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

Bowman, H.A. & Spanier, G.B. 1978. **Modern marriage**. Eight edition. New York: McGraw-Hill Book Company.

Brink, M. 1997. **Onderhoud met Mev. Brink, Direkteur van Life Skills Centre**. 16 September, Life Skills Centre: Pretoria.

Centre for AIDS Prevention Studies. 1998. **Does Sex Education Work?**  
[www.caps.ucsf.edu/sexedtext.html](http://www.caps.ucsf.edu/sexedtext.html).

Cilliers, S.P. 1973. **Maatskaplik navorsing**. Stellenbosch: Kosmo-uitgewery Edms. Bpk.

Coleman, J.C. & Warren-Adamson (Eds.) 1992. **Youth policy in the 1990's: The way forward**. London en New York: Routledge.

Compton, B.R. & Galaway, B. 1984. **Social Work Processes**. Chicago, Illinois: The Dorsey Press.

Cummings, R. 1995. **Adolescence: A Developmental Perspective.** Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers

De Vos, A.S.(Ed) 1998. **Research at grassroots. A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Delpont, C.S.L. 1992. **Die assessering van gemeenskappe vanuit die lewende sisteemtoerie.** Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Devantier, M. 1995. **Multi-dimensionele vlugtaksering.** Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Dey, L. 1998. **Onderhoud met Dr. Dey, Adjunk Hoof te Höerskool Waterkloof.** 28 Mei en, 31 Augustus, Höerskool Waterkloof, Pretoria.

Du Toit, M.M. 1998. **Die assessering van gevangenes se gesinne.** Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

**Edu-Care Seminar.** 1999. Seminaar oor opleiding vir mense wat opvoedingsprogramme by skole aanbied oor verhoudings, onthouding, STD's en HIV. 5 Maart, Hatfield Christian Church, Pretoria.

Esterhuizen, E. 1991. **'n Onderzoek na seksualiteit by Hoërskoolleerlinge met die oog op die aankweek van 'n gesonde lewenstyl: 'n Maatskaplikewerk - perspektief.** Ongepubliseerde MA-verhandeling (Sosiale Wetenskappe). Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Erikson, E.H. 1963. **Childhood and society** (2nd ed.). New York: Norton.

Faul, A.C. 1995. **Scale development in Social Work.** Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Fenwick, E. & Walker, R. 1994. **How Sex Works.** Cape Town: Struik.

- Ferreira, M. 1997. **Onderhoud met Mev. Ferreira, Hoof van Neo Birth Pregnancy & Crisis Centre.** 3 November, Neo Birth Pregnancy & Crisis Centre: Pretoria.
- Grinnell, R.M. 1981. **Social Work Research and Evaluation.** Illinois: F.E. Peacock Publishers, Inc.
- Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. **Research in Social Work: A Primer.** Illinois: Faculty of Social Work, The University of Calgary.
- Goslin, L. 1994. **Die seksuele gedrag, kennis en houdings van die student in laat-adolessensie.** M.A. -verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. **Research in Social Work: A Primer.** Itasca, Illinois: F.E. Peacock Publishers, INC.
- Gullotta, T.P., Adams, G.R. & Montemayor, R.(eds.) 1993. **Adolescent Sexuality.** Newbury Park, California: Sage Publications, Inc.
- Harrison, D.F. & Pennell, R.C. 1989. Contemporary Sex Roles for Adolescents: New Options or Confusion? In Allen-Meares, P. & Shapiro, C.H. (Eds.) **Adolescent Sexuality: New Challenges for Social Work.** New York: The Haworth Press.
- Hobson, J. 1998. **Onderhoud met Mev. Hobson, Hoof van Momentum Versekerings- en Beleggingskollege.** 11 Augustus, Momentum Lewens: Centurion.
- Hofmeyr, L. 1995. **Die voorondersoek in maatskaplike-navorsing.** Studiegids. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.
- Hornby, A.S. 1986. **Oxford advanced dictionary of current English.** Oxford: Oxford University Press.
- Hughes-Treherne, R. 1997. **Onderhoud met Mev. Hughes-Treherne, Opleier van Seksuele Weerbaarheidsprogram.** 3 November, South Africa Cares for Life: Pretoria.

- Kagan, J. 1989. **Investigation into the sources of sexual information amongst the pupils in standards 9 and 10 in a co-educational high school in Cape Town.** Unpublished M.A. (Education in Educational Psychology) dissertation. Cape Town: University of Cape Town.
- Kerlinger, F.N. 1986. **Foundations of behavioral research.** (3rd ed.). Fort Worth: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.
- Krejcie, R.V. & Morgan, D.W. 1970. Determining sample size for research activities. **Educational and Psychological Measurements**, 30: 607-610.
- Le Roux, T. 1989. **Geslagrolosialisering en adolessente dogters se siening van geslagsrolle.** Ongepubliseerde Doktoraal (Lettere en Wysbegeerte). Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Levine, S.B. 1992. **Sexual Life - A Clinician's Guide.** New York: Plenum Press.
- Lombard, A.;Weyers, M.L. & Schoeman, J.H. 1992. **Gemeenskapswerk en gemeenskapontwikkeling: Perspektiewe op mensontwikkeling.** Pretoria: HAUM - Tersiêr.
- Louw, D.A. 1990. **Menslike ontwikkeling** (2de uitg.) Pretoria: HAUM- tersiêr.
- Louw, D.A. 1992. **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.** Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- Masserman, J.H. & Uribe, V.M. 1989. **Adolescent Sexuality.** Springfield, Illinois: Charles C. Thomas Publishers.
- Masters, W.H., Johnson, V.E. & Kolodny, R.C. 1992. **Human sexuality.** New York:Harper Collins.
- McConaghy, N. 1993. **Sexual Behavior: Problems and Management.** New York: Plenum Press.

McIlhaney, J.S. & Nethery, S. 1992. **1250 Health-care questions women ask.** Colorado: Focus on the Family.

McRoy, .G. 1995. Qualitative Research. **Encyclopedia of Social Work**, 19<sup>th</sup> ed. 3:2009.

Meyer, C.H. 1995. Assessment. **Encyclopedia of Social Work**, 19<sup>th</sup> ed. 1:264.

Meyer, C.H.(ed.) 1983. **Clinical Social Work in the Eco-Systems Perspective.** New York: Columbia University Press.

Meyer, W.F. 1988. Die egosielkundige teorie van Erikson. In Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. **Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl.** Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Moore, S. & Rosenthal, D. 1993. **Sexuality in adolescence.** London and New York: Routledge.

**Navorsingsmetodiek.** 1993. SKL 202. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Sielkunde. (Skrywer onbekend).

Newton, M. 1995. **Adolescence: Guiding Youth Through the Perilous Ordeal.** London & New York: W.W. Norton & Company

Newman, P.R. & Newman, B.M. 1997. **Childhood and Adolescence.** Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Oosthuizen, V. 1990. **The establishment of sexual values in the teenage girl.** Ongepubliseerde M. E. (Psigologie). Pretoria:Universiteit van Pretoria.

Open Learning Group. 1998. **Competency Based Learning in the G.E.T. Band and in the F.E.T. Band.** Johannesburg.

- Page, N. P. 1990. **Effectiveness of a sex education programme in changing sexual knowledge, attitudes and behaviour of black adolescents.** Ongepubliseerde M.E. (Opvoedkundige psigologie) Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.
- Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1986. **Psigologiesewoordeboek.** 2de uitg. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Reders, G.A. (Ed.) 1995. **Handbook of Child and Adolescent Sexual Problems.** New York: Lexington Books.
- Reiss, I.L. 1986. A sociological journey into sexuality. **Journal of Marriage and the Family**, 48, 233-242.
- Rothman, J. 1980. **Social R & D: Research and Development in the Human Services.** Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall, INC.
- Rothman, J. 1984. Assessment and option selection: Introduction. In Cox, F.M., Erlich, J.L., Rothman, J. & Tropman, J.E. (Eds.). **Tactics and Techniques of Community Practice.** 2nd. Ed. Itasca, Illinois: Peacock.
- Rothman, J. & Thomas, E.J.(Eds) 1994. **Intervention research: Design and Development for Human Service.** New York: The Haworth Press.
- Seifert, K.L. & Hoffnung, R.J. 1991. **Child and adolescent development.** 2nd. Ed. Dallas: Houghton Mifflin.
- Seydel, K. 1992. **The influence of sex education on sexual knowledge and attitudes of sexually-active adolescent schoolgirls.** M.A. Thesis. Stellenbosch: University of Stellenbosch
- Smit, G.J. 1985. **Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe.** Pretoria: HAUM-Tersiêr..
- Stemmet, J.D. 1982. **'n Ondersoek na houdings ten opsigte van seksualiteit by die gelowige adolessent.** Ongepubliseerde M.A. -verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Suid-Afrika (Republiek). 1993. Department van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. **Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit.**

**The Cambridge English Dictionary.** 1990. London: Grandreams Limited.

Theron, A. 1992. Seksuele versteurings. In Louw, D.A. (Red.) **Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale gedrag.** Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Thom, D.P. 1991. Adollessensie. In Louw, D.A.(Red.). **Menslike ontwikkeling.** 2de uitg. Pretoria:HAUM-Tersiêr.

Thomas, E.J. 1989. Advances in Developmental Research. **Social Service Review**, 63(4), December: 578-593.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. **New dictionary of social work/Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk.** Kaapstad: CTP Book Printer (Pty) Ltd.

Van Elfen, J. 1987. **Liefde en seks in die huwelik.** Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Van Niekerk, J.N. 1992. **Die invloed van geslagsonderrig op die houding van adolessente-dooplidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor seksuele losbandigheid.** Ma - Tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Van Rooyen, C.A.J. 1994. The Developmental Research Model proposed by Thomas - Some thoughts on its use in Social Work Research. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 30(3), Augustus:276-283.

Van Rooyen, I.J.J. & Combrink, M.J. 1980. **Gevallewerk: 'n Integreerende benadering.** Pretoria: Academica.

Van Rooyen, L. & Louw, N. 1993. **Geslagsopvoeding: 'n Handleiding vir die opvoeder.** Pretoria: Academica.

Van Staden, S.M.; Hugo, E.A.K.; Van Rooyen, I.J.J. & Van Delft, W.F. 1989.

**Maatskaplikewerk - Opleiding oor Sestig Jaar.** Hillcrest: Owen Burgess-Uitgewers.

Westheimer, R.K. 1995. **Sex for dummies.** Foster City, CA: IDG Books Worldwide Inc.

Wodarski, L.A. & Wodarski, J.S. 1995. **ADOLESCENT SEXUALITY: A Comprehensive Peer/Parent Curriculum.** Illinois: Charles Thomas Publishers.

World Health Organization. 1993. **The health of young people: A challenge and a promise.** Geneva: World Health Organization.

Zastrow, C. 1989. **The Practice of Social Work.** Chicago, Illinois: The Dorsey Press.